

# EKSODUS

*Van slawerny  
tot  
aanbidding*

**Dr J de Koning**

# INHOUD

<b>Inleidend</b>	3
<b>Hoofstuk 1</b> Eksodus 1-2: 'n Hopelose situasie en 'n wonderlike God	11
<b>Hoofstuk 2</b> Eksodus 3: Die vreemde verterende vuur God	26
<b>Hoofstuk 3</b> Eksodus 4-6: Waarom loop dinge verkeerd?	38
<b>Hoofstuk 4</b> Eksodus 7-9: Farao, God en die plaë (1)	50
<b>Hoofstuk 5</b> Eksodus 9-10: Farao, God en die plaë (2)	60
<b>Hoofstuk 6</b> Eksodus 11-12: Die Pasga en volk wees	75
<b>Hoofstuk 7</b> Eksodus 13-14: Die werklikheid van die Rooi see...	84
<b>Hoofstuk 8</b> Eksodus 15: Ons oorlog God	96
<b>Hoofstuk 9</b> Eksodus 15-17: In die woestyn (1)	109
<b>Hoofstuk 10</b> Eksodus 17-18: In die woestyn (2)	122
<b>Hoofstuk 11</b> Eksodus 19: Die God van Sinai en jou aanbidding	135
<b>Hoofstuk 12</b> Eksodus 20-23: God stel belang in al jou begeertes en optrede	149
<b>Hoofstuk 13</b> Eksodus 24-31: 'n Ete saam met God	185
<b>Hoofstuk 14</b> Eksodus 32-34: 'n Goue kalf en 'n Getroue middelaar	202
<b>Hoofstuk 15</b> Eksodus 40:34-38: Die troos en uitdaging van God se heiligheid <i>en</i> nabyheid	220

# Inleidend

**E**k weet nie of jy die animasie film, *‘Prince of Egypt,’* geskryf deur Stephen Schwartz, gesien het nie? Daarin word gepraat van die *“miracles you can achieve”* en dat dit gebeur *“when you believe.”* Die volgende lyn van die koortjie in die film lui *“you wil you wil when you believe ...”*

Die eerste ding wat jy moet weet as jy nou na Eksodus gaan kyk, is dat dít geheel en al nie die boodskap van Eksodus is nie.

Eksodus handel oor hoe *God* in mikro vorm met die volk Israel wys wat Hy vir die hele mensdom, en vir jou, beplan en begeer.

Eksodus wys *hoe God die mensdom vanaf slawerny wil bring tot die veilige vryheid van aanbidding.*

Die res van die Ou Testament en die Nuwe Testament val terug op Eksodus. Die beelde en terme van Eksodus – *bevryding, verlossing, loskoping* - word oral in die Nuwe Testament gebruik.

As jy wil weet wie God is, hoe Hy werk en waarnatoe Hy op pad is met jou – Eksodus is die boek om te bestudeer!

Ons kan Eksodus indeel aan die hand van die volgende primêre opskrifte of temas:

- 1) Slawerny
- 2) Bevryding & die vorming van Israel
- 3) Diensbaarheid

Hierdie temas help ons om ‘n breë greep te kry op die hoof gerigtheid van die boek. Uiteraard is daar baie ander wonderlike dinge ingewef in

die boek. Daar is veral twee ander sekondêre temas wat jy moet raaksien:

- Ons vind die klem op die volk wat *baie* geword het (1:6), weer en weer, wat natuurlik daaraan herinner dat God steeds Sy *beloftes* waar maak wat Hy aan Abraham gemaak het. Hy wil steeds doen dit wat Hy in Genesis wou, naamlik om die aarde te vul met Sy beelddraers.
- Die probleem van *sonde en rebellie* van die mens, wat in Genesis na vore kom, is steeds in Eksodus aanwesig en word veral gesien in die kalf episode van Eksodus 32-33.

Maar kom ons kyk gou na die 3 groot temas in Eksodus net om jou lus te maak vir die boek!

## § *Slawerny: Eksodus 1-11*

Jy kan nie anders as om aan die begin van Eksodus bewus te raak van die feit dat Farao en Jahwe/die Here, teenoor mekaar staan nie. Beide maak aanspraak op Israel. Beide gebied onderwerping, diens en lojaliteit vir hulleself. Die groot hindernis in Israel se verlating van Egipte is Farao, wat sy eie mag as absoluut gesien het. As Moses en Aäron vra dat hy Israel sal laat gaan om 'n fees vir die Here in die woestyn te hou, antwoord Farao:

*“En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie!”* (Eks. 5:2).

---

Die lojaliteit aan Farao, die werk vir Farao is niks anders as *slawediens* wat groot smart en lyding inhou nie. Jy moet dit sien as jy besig is met Eksodus.

Dit is ook belangrik om te weet dat Farao in Egipte as self goddelik gesien is. Hy was veronderstel om die seun van die god *Re* te wees.

Die hele stryd wat plaasvind tydens die plaë is dan ook 'n stryd tussen God en ander gode.

'n Belangrike leidraad om te verstaan waarom dit werklik in die plaë gaan, word in Eksodus 12:12 gevind:

*Daardie selfde nag sal Ek deur Egipte gaan om al die eersteling van die Egiptenaars, mens en dier, te tref. Met al die Egiptiese gode sal Ek afreken. Ek is die Here!*

---

Soos met die wonderwerke van Elia en Elisa, wys die plaë dus vir die Egiptenare dat wat hulle gedink het waar is van hulle gode, eintlik net waar is van die Here, die God van hemel en aarde.

Dit is verseker so dat spesifieke plaë spesifieke gode in die denke van die Egiptenare na vore sou roep. Ek gee nou net een voorbeeld:

- Die oorstroming van die Nyl se walle is byvoorbeeld geassosieer met die god Osiris en sy opstanding. So die water van bloed het natuurlik aangedui dat hy dood was eerder as dat hy opgestaan het, wat natuurlik dood vir hulle landbou beteken het.

Ons mag dalk nou nie in elke plaag 'n gerigtheid op die gode sien nie, maar ons is beslis op die regte spoor as ons só daarvoor dink.

Soos reeds genoem, Farao self is gesien as goddelik. As god was Farao veronderstel om dit wat die Egiptenare *ma'at* genoem het, te handhaaf.

Dit is die orde in die kosmos of skepping.

Wanneer die kosmiese orde skeefloop dan gedra die natuur homself snaaks – en dit is duidelik wat in die plaë gebeur het.

So wat die plaes wys, is die onvermoë van Faraon om die *ma'at* te handhaaf.

Dit is eerder Jahwe en sy agente, Moses en Aäron, wat die kosmiese stryd wen en wys wie regtig die magte van die natuur beheer.

Die Here se konfrontasie met Faraon demonstreer sy krag, sodat die volgende kan gebeur:

*Daar is net een rede waarom Ek jou nog laat lewe, en dit is dat Ek jou my mag kan wys en my Naam daardeur oor die hele wêreld geroem kan word. (Eks. 9:16)*

---

Ek en jy moet hierdeur herinner word aan die feit dat al die gode rondom ons, alles wat aanspraak maak op ons diensbaarheid, tyd, lojaliteit (tot daardie een in jou hand) belof baie, maar dit lei tot slawerny!

In Eksodus moet ons sien wat is ons toestand voor ons bevry is. Ons moet sien dat dit wat die Saten en die wêreld belof, hulle nie vir ons kan gee nie.

Ons moet in Eksodus antwoorde kry op die vrae: “Wie is die ware God? Wie is absoluut in beheer van die orde in die kosmos?”

## ***Š Bevryding & die vorming van Israel: Eksodus 12 -19***

Al is dit so dat die bevryding van die volk, tegnies gesproke, vanaf hoofstuk 12 plaasvind, is dit natuurlik so dat die bevryding van Israel reeds met die geboorte van Moses begin. As ander wêreldse leiers die geskiedenis wil verander begin hulle met ‘n oorlog of ‘n stembrief.

God laat ‘n baba gebore word.

Fassinierend as jy daaraan dink. God se hand is sigbaar hier aan die begin want hierdie is die verhaal van 'n baba wat gebore is onder die doodsvonnis, maar een wie se lewe op ongelooflike wyse deur die ingrypende hand van God bewaar is.

Ek wonder of jy ook verstom is oor die ironie hier. Ten spyte van Farao se beleid om alle babaseuntjies dood te maak, word Moses nie net gespaar nie, hy word weggesteek in die Nylrivier. Die Nyl wat 'n god van Egipte was! Daar is selfs meer ironie. Farao huur Moses se eie ma om hom te versorg en hy kry die beste opleiding wat in daardie tyd beskikbaar was!

Maar hoekom doen God dit?

*En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob (Eks. 2:24).*

---

Die begin van hierdie proses van bevryding loop natuurlik ook deur **Eksodus 3**. God, die Een wat die volk gaan bevry openbaar daar in die brandende bos wie Hy is. “*Ek is wat Ek is.*” Van hierdie ontmoeting gaan jy aanstonds lees.

Dit is hierdie vreemde God wat in **Eksodus 12** op vreemde wyse optree om Israel te bevry.

Volgens Eksodus 12 is hierdie bevryding die basis van die jaarlikse Pasga of “*Feast of the Passover*”, waarin Israel God se bevryding moes onthou. In die Engelse vertaling “*Passover*” sien 'n mens miskien duideliker die gedagte dat die Here die Israeliete verbygegaan het toe die eergeborenes doodgemaak is.

Maak jou solank reg om van hierdie wonderlike gebeure en hoe dit steeds tot ons spreek te lees.

Dat God ‘n nuwe skepping met Israel in gedagte het is al reeds duidelik in **Eksodus 15**. Die Israëliete se nuwe huis sou die plek wees wat God self gekies het as hulle woonplek, die heiligdom wat Hy geskep het.

God berei hierdie volk voor om op Hom te vertrou *in die woestyn*. Die woestyn is die plek waar hulle God kan ontmoet en hulle Hom en hulleself kan leer ken. Jy sal in **hoofstuk 15 tot 17** baie hiervan lees wat jou gaan help om reg te dink oor jou eie “woestyn” bestaan.

**Eksodus 19** is ‘n uiters belangrike hoofstuk. Deur Moses herinner God die volk wat Hy gedoen het en wat Sy doel met hulle is (Eks. 19:3-6).

Hier sal dit reeds duidelik word dat die Israëliete se bestemming ná hulle bevryding, naamlik om ‘n “koninklike priesterdom” en ‘n “heilige nasie” te wees, net bereik sal word as hulle *‘n aktiewe lewe van gehoorsaamheid onder God se heerskappy kies*.

## § *Diensbaarheid: Eksodus 20-40*

Israel se roeping, of lewenstaak, word gegee in die konteks van ‘n verbond. In **Eksodus 19-24**, vestig God ‘n verbondsverhouding tussen Homself en die Israëliete op Sinai. Hulle behoort nou aan God soos hulle eers aan Farao behoort het. Hierdie behoort, hierdie diensbaarheid aan God, bring egter *heerlike vryheid*.

Die verbondsverhouding is verder meer ‘n intieme verhouding: Onthou: Israel word God se seun genoem! (vgl. Eks. 4:21-23).

Die *geheel van Israel se lewe* kom onder die regering van die Here. Jy gaan sien hoe fassinerend verreikend hierdie wette in **Eksodus 20-23** is. Elke aspek van die lewe is aangeraak. Hierdie wette was goeie nuus.

Nie slegte nuus nie. Dit het vryheid gebring nie slawerny nie. Daar was niks fout met die wette nie, ons weet uit die Nuwe Testament dat die fout in hulle harte was.

In **Eksodus 24** word die verbond bevestig deur 'n bloed seremonie as die Israeliete hulleself daartoe verbind om dit te gehoorsaam. Dit sê vir eens en altyd: Offers is nodig vir sondaars om in die teenwoordigheid van God te kom.

As die bevestigings seremonie eindig, gaan die 70 ouderlinge, saam met Moses, Aäron, Nadab en Abihu die berg op (Eks. 24:9-11). Jy gaan van hulle buitengewone belewenis lees en sien hoe ons alreeds hier weer iets sien van die verhouding by die skepping.

Alhoewel die oudstes se sien van God van verbygaande aard was, is God se bedoeling duidelik dat Sy teenwoordigheid 'n blywende deel van die lewe van Israel sal wees.

Hy gee daarom instruksies vir Moses om onder die Israeliete die materiaal in te samel wat nodig is vir 'n komplekse tent-struktuur, die tabernakel, en Hy gee dan *detail* instruksies vir die oprigting daarvan.

Op hierdie klein, alleen plekkie te midde van die *chaos* van die woestyn, het 'n nuwe skepping tot stand gekom. Berei jouself voor om verras te word deur hierdie tabernakel in hoofstukke 25:1-31 en 35:1-40:33.

'n Plek van orde te midde van die wanorde buite om. Die tabernakel is die wêreld-orde wat God bedoel het op klein skaal in Israel! In en deur hierdie volk is God aan die beweeg na 'n nuwe skepping vir almal.

Jy gaan ook sien dat tussen die twee gedeeltes oor die tabernakel se oprigting, die tragiese gedeelte van Israel se opstand gevind word. Die

bekende **goue kalf** episode. Dit gaan jou leer dat die sonde probleem baie erger is as wat jy dink. Dit sal jou ook laat besef hoe nodig Jesus en Sy werk was om 'n nuwe skepping 'n werklikheid te maak. Sonder Jesus en Sy werk kan ons nie tot ware aanbidding en diensbaarheid kom nie.

## **Laaste gedagte**

Eksodus is 'n prentjie, 'n afbeelding van wat God wil. Hy wil ons bring van slawerny, tot werklike vryheid in diensbaarheid aan Hom, in 'n heerlike verbondsverhouding.

Ken jy al hierdie God? Is jy al vry? Aanbid jy Hom?

Eksodus is by uitstek relevant!

# Hoofstuk 1

## Eksodus 1-2: ‘n Hopelose situasie en ‘n wonderlike God

---

**D**it is uiters belangrik om aan Eksodus te dink as ‘n hoofstuk van ‘n boek eerder as ‘n boek op sy eie.

Eksodus beskryf een stadium van Israel se geskiedenis wat begin met die skeppingsverhaal in Genesis en eindig met Israel op die grense van Kanaän aan die einde van Deuteronomium.

In Eksodus 1 is daar dan ook baie elemente wat die leser terug vat na Genesis en veral dui op die belangrikheid van die skepping en die aartsvaders.

### *Š Eksodus 1-2: Die verband met Genesis & Moses se lewe as voorskou van wat kom*

As jy na Eksodus 1 blaai sien jy byvoorbeeld dat Eksodus in die Hebreeus begin met die woordjie “en.” Hierdie verbindings-woordjie verbind Eksodus met Genesis. Dit is verder meer interessant om te sien dat die eerste 6 woorde in Eksodus ‘n herhaling is van *Genesis 46:8!* Let op dat net soos ons na die stelling in Eksodus 1:1 ‘n geslagsregister kry, ons dit ook in Genesis 46:8-27 kry!

Daar is ook ‘n interessante grammatikale verskynsel. Na die “en” kom daar gewoonlik ‘n werkwoordvorm wat die *imperfektum* genoem word, ‘n soort verlede tyd. Hier kry ons egter ‘n deelwoord!

Hoekom? Die skrywer wil hê ons moet dit sien as *voortsetting van die verlede*.

Daar is nog 'n interessante verskynsel in Eksodus 1:7. Letterlik staan hier dat die land *gewemel* of *gekrioel* het van die mense omdat hulle so vrugbaar was en vermeerder het! Gaan kyk nou na die interessante ooreenkoms as dit vergelyk word met Genesis 1:28, 9:1 en Genesis 1:21 sowel as Genesis 8:17.

Dit is wat God wil hê geskape wesens moet doen! Hulle moet wemel op die aarde!

Ek hoop jy sien die belangrike verbintenis tussen Eksodus en Genesis. Jy sal later ook sien hoe God die Israëliete bevry deur die magte van skepping vry te laat teen Egipte.

Maar kom ons kyk gou eers na **Eksodus 1 vers 8**. Hier lees ons van die nuwe koning wat begin heers het oor Egipte. Hy het nie Josef en sy broers geken nie. Ons weet nie presies wie hy was en hoeveel tyd verloop het vanaf Josef tot en by hierdie koning nie. Wat jy egter moet weet is dat die teologiese betekenis van hierdie nuwe koning belangriker is as die joernalistieke betekenis.

Het jy gesien wat hierdie Faraos pla? Jy is reg. Die vermeerdering van getalle! Die gewemel van die Israëliete!

Dit is belangrik, aangesien dit aandui dat Faraos nie net vyandig was teen Israel deur hulle slawe te maak nie, – nee Hy staan op teen God self!

In 'n poging om die getalle te beperk staan Hy teenoor die skeppings doelwitte van God.

Daarom is dit nie vreemd dat Israel se bevryding ook uiteindelik kom deur die “omkeer” van die skepping nie!

As ons by Eksodus hoofstuk 2 kom word die verband met Genesis voortgesit. Miskien moet jy net eers oplet dat daar in Eksodus 2:1 melding gemaak word van die feit dat Moses uit 'n Levitiese familie

gebore is. Dit is natuurlik belangrik in die lig van die feit dat Moses later by uitstek priesterlik opgetree het.

Maar kyk nou na **Eksodus 2:2**:

*Die vrou het swanger geword en 'n seuntjie in die wêreld gebring. Toe sy sien hoe mooi is hy, het sy hom drie maande lank weggesteek*

---

Maak dit enige sin dat hy mooi was? Ek weet nie. Dalk vir jou. Dit is egter belangrik om weereens te kyk na watter woord hier in die Hebreeus gebruik word. Dit is dieselfde woord wat elke keer in Genesis gebruik word om te sê dat dit wat God geskep het, “goed” was. Jy sien hier word weer skeppings taal gebruik. Moses was ‘n skepping van God en hy was goed!

Kyk nou na **Eksodus 2:3**:

*Langer kon sy hom nie wegsteek nie. Daarom het sy vir hom 'n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit.*

---

Interessant. As ons na die Hebreeus kyk sien ons dat die woord wat ons vertaling met biesiemandjie vertaal, dieselfde woord is as wat met *ark* vertaal word in die Noag verhaal.

Moses word met ander woorde in ‘n “ark” gesit wat met pik bestryk word, net soos Noag!

Die teologiese verbintenis is natuurlik duidelik: Beide Noag en Moses is spesifiek gekies om ‘n tragiese water verdoeming deur te gaan. Beide word geplaas in ‘n ark wat met pik behandel is en word na veiligheid gebring op dieselfde water as wat vir die ander verdoeming beteken.

Beide is ook die instrument deur wie God ‘n volk vir Sy eie doelwitte tot stand bring.

Moses se veilige beweeg deur water kyk natuurlik nie net terug na die vloed verhaal nie, maar ook vorentoe na die deurtog deur die Rietsee/Rooisee.

Die ironiese is dat die kind wat eens verdoem is deur Farao se uitvaardiging, die instrument word van Farao se vernietiging en die middel waardeur die hele Israel nie net van Farao nie, maar van Egipte self sal ontsnap. Die kind wat eens in die riete van die Nyl weggesteek is, sal later die ook die volk lei deur die Rooi/Rietsee.

*Moses se redding as kind is eintlik ‘n afbeelding van die hele redding van Israel.*

Net terloops, Moses se naam beteken natuurlik in Hebreeus “uit die water getrek”. Geweldig simbolies van sye eie redding en die van Israel, of hoe? Die feit dat Moses verder meer ook eintlik ‘n Egiptiese naam is, maak dit nog meer interessant!

In **Eksodus 2:11** lees ons dat daar letterlik gesê word dat Moses “uitgegaan” het na sy mense/volk. Dit word ‘n refrein dwarsdeur Eksodus en res van Ou Testament om te beskryf hoe God die Israeliete uit Egipte gebring het. Moses gee hier die eerste stap: Hy gaan self uit Egipte!

Moses se optrede in die doodslaan van die Egiptenaar bly natuurlik vir ons moeilik. Dit is egter nie nodig om Moses te verdedig nie. Moenie vergeet dat God self later die eersgeborenes van Egipte sou vermoor nie.

Moses se optrede is, só gesien, weereens ‘n voorafskaduwing van wat later sou gebeur.

Die volgende insident dien as inleiding tot twee temas wat ons van hier af kry. Israel se rebellie en die verwerping van Moses:

*Die volgende dag gaan hy weer, en tot sy verbasing was daar twee Hebreuse manne aan die baklei. "Waarom slaan jy aan jou broer?" vra hy vir die een wat die rusie begin het. "Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons?" vra die ander. "Wil jy my miskien ook doodslaan, soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?" Toe skrik Moses en hy dink: die ding het bekend geword (Eks. 2:13-14).*

---

Jy sal dit weer en weer sien. Die volk se bevraagtekening van Moses. Natuurlik bevraagteken Moses self God se keuse van hom as leier!

Farao se besluit om Moses dood te maak (Eks. 2:15) dryf hom uiteindelik na Midian.

Sy keuse van Midian is belangrik. Midian word 'n betekenisvolle entiteit in die Bybelse verhale wat volg. Moses trou met 'n Midianitiese vrou en kry kinders. Hy kry hulp van Sy skoonpa van Midian. Maar meer nog, Midian verbind Moses met die aartsvaders. Midian was ook een van Abraham se seuns by Keturah.

En natuurlik is dit Midianitiese handelaars wat Josef na Egipte neem. As ons praat van Josef is dit tog belangrik om ook die geweldige parallele tussen Josef en Moses raak te sien.

Soos Josef is Moses in sy vroeë jare in Egipte goed behandel. Beide van hulle is egter later in Egipte as 'n vyand gesien. Beide van hulle eindig ook triomferend oor Egipte!

Maar daar is ook ooreenkomste tussen Moses en Jakob. Beide vlug na teenkanting en fisiese bedreiging na 'n vreemde land. Beide ontmoet hulle vrouens by 'n put en gaan vandaar om hulle skoonpa te ontmoet!

Moses se vlug uit Egipte na die Sinai woestyn is natuurlik ‘n voorafskaduwing van wat in die uittog gaan gebeur. Sy bly in die woestyn antisipeer Israel se 40 jaar in die woestyn.

Ons moet dit nie mis nie. Net soos Jesus in Sy lewe eintlik die pad stap wat elke gelowige weer stap, stap Moses reeds hier die pad wat Israel sou stap.

Die teologiese betekenis van die feit dat Moses met ‘n Midianiet trou moet natuurlik ook nie gemis word nie. Dit onderstreep as’t ware die feit dat Israel hulle eie verlosser verwerp het. Hy moes onder die heidene ‘n vrou kry. Hy vind aanvaarding net weg van sy eie mense. Dit laat ‘n mens weer dink aan Jesus, nie waar nie?

Dit is ook insiggewend dat Moses ‘n herder in Midian is en uiteindelik sou hy die rol van herder inneem vir die volk!

Maar kom ons dink bietjie saam oor **Eksodus 2:23-25** waar die skrywer terugkeer na Egipte om ons aan die groter prentjie te herinner:

*Die jare het verbygegaan, en die koning van Egipte het te sterwe gekom, maar die Israeliete het nog steeds gesug en gekreun onder die swaar werk. Hulle geroep om hulp het tot God opgegaan. God het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink. Hy het die nood van die Israeliete gesien en dit ter harte geneem*

---

Kom ons kyk wat hierdie verse ons leer omtrent God, Israel, en ons moeilike situasies.

## Š Eksodus 1-2: God en hopelose situasies

Hoekom sukkel ons so om te bid? Ek wil 'n paar moontlike redes noem. Natuurlik is daar baie ander redes ook.

Ons sal dit waarskynlik ook nooit so formuleer nie, maar dit is dikwels wat onderliggend is aan ons biddeloosheid.

- Ons kyk na ons omstandighede en daar is geen manier waarop ons kan glo God is in hierdie omstandighede nie. Ek meen as Hy daar is sal ons mos nie in sulke omstandighede wees nie, so hoekom sal ek bid? God is nie vir ons 'n realiteit nie. Hy voel so ver en onwerklik dat ons bloot nie onself so ver kan kry om tot hom te roep nie.
- Die van ons wat meer teologies georiënteerd is sal sê: “Maar alles wat met my gebeur is tog van God, so wat help dit ek bid?”
- Ons twyfel of God ons probleme sien en hoor. Ek meen Hy is daar ver bo, Hy is besig met baie groter, verhewe dinge – Hy sien en hoor nie my gesukkel nie, my swaarkry nie.
- Ons is so bewus van ons eie sonde en gebrokenheid dat ons nie kan dink dat Hy ons sal wil verhoor nie. Erger nog dalk is Hy besig om my te straf, so wat help dit ek bid.
- En dan; ek sien nooit dat God antwoord nie!

Wel, kom ons kyk na Eksodus 1 - 2 en sien of ons nie bietjie nuwe perspektief kry op dit wat ek nou genoem het nie.

### **God se mense kom in hopelose situasies**

Wanneer die Bybelse verhaal na Genesis vervat in Eksodus, 400 jaar na Abraham, is die volk steeds in Egipte. Josef en sy broers het gesterf. 'n Nuwe Farao het opgestaan wat nie vir Moses geken het nie, wat bang was vir hulle groot getalle. Farao gee drie bevels in hierdie hoofstuk:

- Ü Om die Israelite slawe te maak en ongenaakbare slawedrywers oor hulle aan te stel.
- Ü Die vroedvrou moes al die baba seuntjies by geboorte doodmaak.
- Ü Toe dit nie gewerk het nie, moes al die seuntjies in die Krokodilbesmette Nyl gegooi word.

Dink vir 'n oomblik daaraan. Israel was nou omtrent 400 jaar in Egipte. Daar is geen Bybelse bewys dat enige profeet gedurende hierdie tyd iets vir die mense gesê het nie.

God was vir alle praktiese doeleindes stil. Daar is ook geen bewys van enige geskifte wat vanaf Abraham na die volgende generasies gegee is oor God se handeling met die aartsvaders nie.

Terwyl daar verseker 'n mondelingse tradisie was, moes hierdie stories van hulle voorvaders, wat die ouers aan die kinders vertel het van Abraham Isak Jakob en Josef, dit moes ver weg geklink het. Ek meen dink bietjie aan jou eie voorouers van 400 jaar gelede – in die jaar 1615. Hoe baie weet jy van hulle? Hoe werklik is dit vir jou en in hoe 'n mate voel dit na 'n realiteit vir jou?

So hier is die Israeliete: Slawe van 'n koning, wat hulle haat, wat probeer om hulle van die aarbodem af te veeg as volk, deur al hulle baba seuntjies dood te maak.

Wat ek en jy moet sien is dit: God se mense kom in hopelose uiters wanhopige situasies van swaarkry en lyding. Situasies waarin God oënskynlik nie is nie.

## **God is in die hopelose situasie**

Wat ons egter hier moet raaksien is dít: God *is* in hierdie moeilike situasie. Om die waarheid te sê deel van hierdie moeilike situasie is juis omrede God daar is.

Hoekom wil die Farao hulle uitwis? Omrede hulle te veel geword het! Hoekom het hulle so toegeneem in getalle? Wel, God was besig om Sy beloftes aan Abraham waar te maak.

Verseker het die Israëliete dit nie so beleef nie. Vir hulle het dit gevoel asof God nie daar is nie, maar Hy was.

As ons daarom aan Hom behoort, hoe moeilik en onverklaarbaar ons situasie ook mag wees. Hy is daar!

## **God sien Sy mense en hoor as hulle na Hom roep en Hy ken hulle**

God sien die Israëliete! Hys sien alles wat met hulle gebeur - die slawerny wAäronder hulle ly, die moord op hulle kinders, die onderdrukking.

Die vyande van God, spesifiek die duiwel self, probeer altyd om God se mense te laat dink dat God nie sien nie. Die psalmis haal sulke vyande aan in Psalm 49:

*Die HERE sien dit nie, en die God van Jakob merk dit nie. Let op, o onverstandiges onder die volk, en julle dwase, wanneer sal julle verstandig word? Sou Hy wat die oor plant, nie hoor nie, of Hy wat die oog formeer, nie sien nie (Psalm 49:7-9).*

---

Maar meer nog: Terwyl die Israëliet gewonder het of God *gehoor* het of nie - het Hy gehoor. En Hy hoor altyd as ons na Hom roep. Die Een wat ons leer deur te sê: “*Hy wat ore het om te hoor, laat Hom hoor,*” is sekerlik die Een wat self hoor.

*Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep.18 As die regverdiges om hulp roep, hoor die*

*Here hulle en red y hulle uit al hulle benoudhede (Psalm 34:16-18).*

---

God *ken* hulle ook. Hierdie finale frase is die belangrikste en ook die moeilikste om te vertaal. Jy sal sien dat die vertalers hiermee gesukkel het. Ons eie vertaling, die '83 vertaling vertaal dit met en “*dit ter harte geneem*” Die NIV: “*was concerned about them*”, die KJV “*had respect unto them.*” Al hierdie vertalings is natuurlik pogings om die woord te interpreteer. Die Hebreus is baie eenvoudig: “God het geken.” Die ESV, ‘n letterlike vertaling kies dan ook vir hierdie eenvoudige vertaling: “*God knew.*”

In hierdie konteks, wat is dit wat God weet? Wat bedoel die skrywer van Eksodus met hierdie frase? Die vertalers van die vertalings waarna ons gekyk het dink duidelik dat die primere gedagte hier die feit is dat God die *probleme* van die Israelite geken het en daarvoor besorg was. Sekerlik is dit deel van die betekenis, soos ook duidelik word ‘n paar verse later **in Eksodus 3:7**. Hierdie vers is tot ‘n groot mate parallel tot 2:24-25, en gebruik 3 van die 4 Hebreuse werkwoorde waarna ons gekyk het:

*En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte.*

---

“Ek ken hulle smarte ...” God ken dus hulle pyn, hartseer en verlies – en Hy gee om.

Maar ek is oortuig dat “ken” in hierdie konteks van ons vers, baie meer beteken. Dink ‘n bietjie wat is nog relevant tot Israel se situasie, wat God kan “ken” Wat “ken” God nog, wat relevant is vir jou situasie? Kom ek stip 4 dinge aan wat God ken bo en behalwe die swaarky wat God ken.

§ God ken *hulle teenswoordige swakheid*. Hy weet hulle kan niks doen om hulleself te help nie. Hy weet dat behalwe as Hy help, hulle verlore is. Soos die Psalmis sê: “*Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is*” (Ps. 103:14)

Of soos Jesus aan sy dissipels sê: “*Sonder my kan julle niks doen nie.*” (Joh. 15:5)

§ God ken hulle *toekomstige mislukkings en sondes*. Dink ‘n bietjie hoe rebels hierdie selfde Israeliete geword het.

Ø As God begin om sy verlossingsplan uit te voer; val hulle as te ware Sy diensknegte aan en verwyf hulle dat hulle sake erger maak (5:21).

Ø God red hulle deur groot en magte wonders – en tog, so gou as hulle die Egiptiese weermag sien nader kom, wens hulle dat hulle eerder weer onder die slawerny van Egipte was (14:11-12).

Ø Nadat God hulle weereens deur die Rooi See gered het, begin hulle honger en dors word, so hulle murmureer teen God (16:1-7, 17:1-3).

Ø God vat hulle na Sinai, gee vir hulle die Tien Gebooie, en hulle reageer met “*Alles wat die Here gespreek het sal ons doen.*” (24:3). Maar jy sal weet net ‘n paar dae later maak hulle ‘n goue kalf, ‘n afgod en aanbid dit as die een wat hulle uitgelei het. God self noem hulle ‘n hardnekkige volk (32:1-10).

En dit is maar net ‘n paar voorbeelde van wat in die woestyn gebeur het, soos in Eksodus opgeteken. Ons kon na die latere geskiedenis van Israel gekyk het – en dieselfde prentjie van ontrou aan die God wat hulle deur genade uit Egipte gelei het, sou ontvou het.

Het God 'n fout gemaak om hulle te kies? Om hulle aan te hoor? Het God gedink hulle gaan beter wees as wat hulle was? Hoegenaamd nie! (Jes. 46:10).

Hy ken die mens, Hy ken die hart. Hy ken selfs ons toekomstige optede en besluite, ingeslote al ons sondes – tog roep Hy ons steeds by ons naam as Syne.

God het dus al die toekomstige mislukkings van Israel geken, maar kies hulle nog steeds as Sy volk. Hy luister steeds na hulle gebed.

As jy daarom voel God kan nie na jou luister nie, want jy het hom al te veel teleur gestel en jy gaan hom nog so baie teleurstel ... Hy weet dit! Dit veroorsaak egter nie dat Hy jou nie hoor en sien nie, want Hy doen dit nie omdat jy so oulik is of omdat Hy weet jy gaan oulik wees nie. Hy doen dit omrede Hy *onthou*. Op grond van die feit dat jy die nagelsag van Abraham is, omdat jy in Jesus is. Ons sal netnou hierop fokus.

§ God ken die *krag van die vyand*. Of die krag dié van 'n fisiese siekte, of 'n onderdrukkende situasie is. Of dit 'n menslike vyand of die duiwel self is, God ken die krag daarvan. Hy ken al die planne en strategieë van die Satan. Hy ken die geslepenheid en valsheid van elke menslike vyand. Hy weet wat hulle môre gaan doen - Hy weet hoe jou siekte more gaan lyk, hoe die inbrekers beplan om in te breek, en die kapers om 'n motor te kaap. Hy weet vir wie die Satan môre met sy vurige pyle gaan beetkry. Soos die skrywer van die Hebeër brief dit stel:

*En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het (Heb. 4:13).*

---

§ *God ken Sy planne vir die Israeliete.* God het reeds vir Moses gered van ‘n Nyldood. Hy het reeds vir Moses in die huishouding van Farao geplaas, sodat hy kon leer wat nodig was vir sy toekomstige rol. Hy het reeds in die hart van Moses ‘n begeerte geplaas om sy volk uit Egipte te verlos. Binnekort sou Hy aan Moses verskyn in ‘n brandende bos, sou Hy sy mag vertoon aan Egipte en sy gode deur die plaë en sy volk bevry van slawerny. God het al hierdie planne geken.

## **God tree op ter wille van Sy verbondsbeloftes**

God hoor, sien en ken nie net nie, maar Hy onthou ook Sy verbond, dit wil sê Sy eed gesweerde belofte aan Abraham, Isak Jakob en hulle nageslag. Om die waarheid te sê, tydens die formele bevestiging van die verbond met Abraham, het God vir Abraham presies gesê wat met sy nakomelinge in Egipte gaan gebeur!

*Daarop sê Hy vir Abram: Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ‘n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vier honderd jaar lank. Gen15:14 Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed (Gen. 15:13,14).*

---

Die tyd in Egipte het God nie onkant gevang nie. God het dit eeue gelede al geweet – en Hy het ook hulle verlossing beplan. Die voorspelde verlossing moes gebeur.

God het aan elkeen van Abraham, Isak en Jakob belowe dat Hy aan hulle ‘n groot nageslag gaan gee, ‘n land om in te woon en dat Hy die nasies deur hulle nageslag sal seën (Gen. 12:3, 26:4, 28:14). Gegewe hierdie beloftes, *moes* God onthou. Hy kon nie sy volk (die nageslag van Abraham) in Egipte vergeet nie. Hy het Homself daartoe verbind met ‘n eed.

En wat van ons? Hoe kan ons weet dat Hy ons gaan onthou?

Jy ken seker die verrassende uitspraak in Galasiërs dat die gelowiges onder die nuwe verbond nie kinders van *Christus* genoem word nie (dit is hulle vanselfsprekend ook), maar kinders van Abraham! (Gal. 3:7,29). Ons weet dat Jesus die saad van Abraham is. Maar saad is 'n kollektiewe naamwoord. Ons kan sê Jesus en almal wat aan Hom behoort is die nageslag van Abraham.

So as God geluister het na die nageslag van Abraham se groep op grond van Sy beloftes aan Abraham, hoeveel te meer sal Hy nie luister na ons die ware uiteindelijke nageslag van Abraham, die geslag in wie al die beloftes tot vervulling kom nie?

Onthou ook 2 Korintiërs 1:20:

*Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons." (53 vertaling).*

---

Jesus is die eintlike, *finale ontvanger* van die beloftes van God. Die beloftes wat reeds aan Abram gemaak is, het Hy ontvang namens en tot voordeel van Sy uitverkorenes (Gal. 3:16). Hierdie beloftes van verlossing en finale heerlijkheid word in die lewens van die wat glo, geïmplimenteer deur die Heilige Gees.

Jesus is dus *die kanaal* waardeur die beloftes aan ons geskenk word. In Jesus voldoen ons aan die voorwaardes vir die beloftes. Jesus het namens ons voldoen.

Sonder om verder daarop uit te brei:

*As jy tot God roep, as iemand wat in Jesus is, onthou Hy al sy beloftes.*

Sien jy die implikasie hiervan? Hier is nie sprake daarvan dat die situasies waarin ons onself bevind maar bloot onomkeerbaar is omrede God mos in beheer is en ons moet dit maar net aanvaar nie. Dit sou die geval wees as God net 'n groot onpersoonlike eerste oorsaak, 'n rekenaar was. Hy is egter die Verbondsgod. Hy bind Homself in 'n verhouding aan mense aan wie Hy beloftes gemaak het en daarom reageer Hy op hulle!

## **God werk anders en stadig**

Let op hoe werk God: Ek herinner jou weer. Hy laat 'n baba gebore word. Dit sou tyd vat vir Moses om groot te word en uiteindelik die volk uit te lei. Totaal anders as wat hulle sou wou gehad het God moes antwoord. Die Nyl is gesien as een van Egipte se gode en God laat Moses daar weggesteek word, uiteindelik kan sy eie ma hom in die land grootmaak waar al die babaseuntjies vermoor is! Meer nog hy kry die beste opleiding wat daar in die Ou Nabye Ooste beskikbaar was - Egiptiese opleiding!

Ons almal sit ook met ons idees van hoe God moet antwoord. En ons is mense van ons tyd. As ons 'n *e-pos* stuur en ons ontvang nie een terug binne 2 minute nie, is ons krappereg. God werk eenvoudig nie so nie. God is buite tyd. Bo alles. Hy sien alles, verstaan alles. Hy werk op derduisende fronte tegelyk op 'n volmaakte wyse.

God het nie verander nie. Ons het dieselfde God. Sal ek en jy nie met vrymoedigheid begin bid nie?

# Hoofstuk 2

## Eksodus 3: Die vreemde verterende vuur God

---

**D**ie neiging om ‘n nommerpas, verkleinde God, vir onself te maak sit in ons almal se bloed. Natuurlik het ons niks *teen God* en die Here Jesus nie; intendeel ons wil graag hê dat God deel van ons lewens sal wees. Maar dit is juis die probleem. God moet deel van *ons* lewens wees. Hy moet inpas by en speel volgens *ons* reëls van die spel. God moet ‘n verbruiksartikel wees, nommerpas vir ons behoeftes en ons belange. ‘n Manipuleerbaar, draagbare, lekker kompakte God. Maar ‘n God wat te klein is om werklik te vertrou in ons alle daagse lewe.

Nou ek glo nie dat een van ons doelbewus dit wil doen nie – maar ons almal loop gedurig die gevaar.

En natuurlik is dit onmoontlik om só God te aanbid. ‘n God wat nie groter as jy is nie, nie heerliker, nie meer verstommend en geheimsinnig en heilig nie ...

### Š *Moses voor die brandende bos belewing*

As ons in *zoom* op Moses, sien ons die volgende: Ons sien dat hy ‘n vroeë poging aangewend het om homself te identifiseer met God se volk toe hy ‘n Hebreuse man wat deur ‘n Egiptenaar geslaan is, probeer help het (Heb. 2:11 e.v.). Al sy ambisies om sy volk te bevry het egter tot niks gekom nie, en vir jare was hy geskei van hulle, terwyl hy na skape in die woestyn gekyk het.

Sonder twyfel het Moses *van God verlate* gevoel. Volgens Handeling 7:25 het Moses gehoop dat hy die herder van Israel sou wees wat hulle uit gevangenskap sou lei, in stede daarvan word hy egter die herder van regte skape!

Hy moes soms gevoel het dat God hom oorgeslaan het. Die woestyn rondom Hom was simbolies van die woestyn in hom. Ver van die genieting van God se teenwoordigheid is hy geplaag deur God se afwesigheid.

Sy verlede was troebel. Sy huidige toestand betekenisloos. Sy toekoms relatief rigtingloos.

Min het hy geweet dat hy op die punt van 'n aardskuddende beewing gestaan het. Hy sou nooit weer dieselfde wees nie.

By Horeb waar hy Jetro se skape oppas, ontmoet hy God.

## ***Š God maak Homself bekend by Horeb***

God openbaar homself aan Moses op drie maniere, waarna ek wil hê ons moet kortliks kyk. God openbaar homself as die ewige God, genadige Verlosser, en as die God wat altyd teenwoordig is.

### **Ewige God**

As Moses God vra: “Wat sal ek aan die Israeliet sê as hulle U naam vra? ontvang hy die geheimsinnige antwoord:

*Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur (Eks. 3:14).*

---

As jy vir my sou vra wie ek is en ek antwoord: “*Ek is,*” sal jy waarskynlik bietjie ongemaklik met my wees aangesien jy sal dink ek wil doelbewus my identiteit vir jou wegsteek. Nou dit is nie heeltemal die geval by God nie.

Ja, dit is waar aan die een kant dat hierdie vreemde woorde ons leer dat selfs wanneer God Homself aan ons openbaar, ons nooit ‘n soort houvas op Hom kan kry nie. Kyk, as jy iemand se naam ken het jy soort van ‘n houvas op hom, maar nie as hy vir jou sê: “*Ek is,*” nie. Die teenoorgestelde is waar: Ons ken van God beteken nooit dat ons Hom as te ware besit nie, nee Hy besit ons.

So, in hierdie sin verberg die Naam van God homself vir ons - indien ons deur die vra na Sy Naam probeer om beheer oor God te kry, eerder as om deur Hom beheer te word.

Maar, dit is ook so dat die Naam *Ek is*, in die laaste analise, nie God vir ons wegsteek nie. Nee, dit openbaar Hom op ‘n baie spesiale manier. Dit maak Hom bekend.

Wat God deur hierdie Naam probeer sê is dat waar Moses ‘n man is wat ‘n begin het, iemand is wat geleef het, ervaringe en belewenisse deurgemaak het, en eendag sy laaste asem sal uitblaas – kan dit nie van God gesê word nie.

God ken nie begin of einde nie. Hy IS bloot. Van ewigheid tot ewigheid. Moses het op ‘n sekere punt begin bestaan. Maar God IS – en die oomblik as ons dit sê verberg ons nie die waarheid omtrent Hom nie, ons het so pas die mees diepgaande realiteit van Sy wese beskryf.

Alle ander skepsels ontvang hulle *is –geid*, sekondêr. Maar God het nie Sy wese van enig anders skepsel ontvang nie – sy *is-geid* is onafgelei, oorspronklik, ewig! EK IS. Eerder as wat dit Sy identiteit verberg,

openbaar hierdie naam die diepste geheimenis van Sy wese – dit laat duisel ons denke met die ontdekking dat ons nie kan begin om die denke en lewe van hierdie ewige God te peil nie.

Dit is beide die geheimenis van die heelal en die soliede fondasie daarvan.

Geen wonder Moses ontvang ‘n bevel van Ek Is om die skoene van sy voet te trek nie. Hy was in die teenwoordigheid van God.

Vir die ongelowige is hierdie waarheid omtrent God natuurlik ondraaglik. Daarop wil ek nie nou die klem laat val nie.

Vir die gelowige bring hierdie waarheid groot troos. Ons sien dit veral in Psalm 90.

Die Psalmis is baie bewus van die kortstondigheid van die lewe en die oënskylike onbelangrikheid van die mens se bestaan. Die mens is soos nuwe gras wat in die oggend opkom, maar in die aand verdor. In die lig van hierdie tydelikheid en swakheid van die mens, is daar enige vertroosting? Ja, daar is luister:

*Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortbring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God. (Psalm 90:2)*

---

In ‘n wêreld van konstante verandering en *chaos*, is God altyd dieselfde.

Ons vind dieselfde belydenis in Psalm 46, wat die *chaos* en verwarring van die wêreld skets. Waar is stabiliteit en nugterheid te vind?

*Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees  
onder die nasies, hoog op die aarde. (Psalm 46:10).*

---

Ek is, IS God. Daarom kan ons stil wees, selfs al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see. Al bruis nasies en wankel Koninkryke!( Psalm 46:2-3,6-7)

Omrede daar geen illustrasie hiervan in die natuur is nie. Geen illustrasie van die feit dat God IS nie, geen illustrasie van die ewige, onafhanklike self - bestaan van God nie, skeep God 'n illustrasie vir Moses.

'n Vuur in 'n bos, wat nie afhanklik is van die bos vir sy bestaan as vuur nie. Die vuur brand onafhanklik – soos die God wat dit ver-simboliseer, wie se naam is EK IS WAT EK IS.

Die bos, is Israel, Sy volk, Sy mense.

## **Die genadige Verlosser**

Moses is aangetrek deur die vuur wat nie afhanklik was van die bos om te brand nie. Maar daar was ook iets anders omtrent hierdie verskynsel wat sy aandag getrek het en wat dien as nog 'n illustrasie van wie **die** God is wat met hom vanuit die bos gepraat het. Kyk na Eksodus 3:3:

*En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot  
verskynsel bekijk, waarom die doringbos nie verbrand  
nie ('53 vertaling)*

---

In stryd met alles wat Moses verwag het om te sien, het die vuur nie die bos verbrand nie. Nie verteer nie.

Moses het dit waarskynlik nie tóé begryp nie, maar God het vir hom ‘n les geleer aangaande Sy *doelwitte*. Hy wou onder Sy volk *woon*. Die God wat ‘n verterende vuur is (Heb. 12:29). En tog sou Sy volk nie verteer word nie, maar gered word.

Onthou; die vuur is God, die bos is Israel.

Die les van God se doelwitte is verder onderstreep in die openbaring van God se Naam. Soos die meeste vertalings aandui, hierdie Naam van God dra meer as een betekenis – nie net *Ek is*, nie maar dit kan ook vertaal word *Ek sal wees wat Ek sal wees*.

God het dus ook aan Moses gesê dat dit *in* die magtige handeling van verlossing en oordeel van die Eksodus is dat God hom sou wys wie Hy is en wat Hy beplan om te doen.

Wat volg op Moses se beleving in die bos is betekenisvol.

*En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte. Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na ‘n goeie en wye land, na ‘n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriëte en Feresiete en Hewiete en Jebusiete. En nou, kyk, die jammerklagte van die kinders van Israel het tot by My gekom. Ook het Ek die verdrukking gesien waarmee die Egiptenaars hulle verdruk. Gaan dan nou heen, dat Ek jou na Faraó kan stuur; en lei my volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit (Eks. 3:7-10).*

---

Die werkwoorde in die gedeelte vertel ons baie. Oor en oor verskyn hulle indie eerste persoon enkelvoud. *Ek het...* Moses word nie soseer vertel wat hy moet doen nie, maar wat God gaan doen in Sy soewereine mag. God beplan om die verlossing van Sy mense in sy eie hande te neem. Hy sal hulle vyande oorwin en hulle bevry.

Maar let op dat daar hier in Eksodus 3:7-10 ‘n *sekere kwaliteit* is omtrent die werkwoorde waarin God Sy aktiwiteit beskryf.

Sien, hoor, bekommer, neergedaal. *Dit beskryf alles die omgee, die liefde van God vir Sy volk.*

Die onafhanklikheid van God in Sy self-bestaan moet dus nie verwar word met onbelangstellenheid en onbetrokkenheid nie.

Nee, die teenoorgestelde is die geval. Kyk net weer hoe beskryf Esegïël 16:4-7 God se ontferming en liefde vir Israel:

*En wat jou geboorte aangaan—die dag toe jy gebore is, is jou nawelstring nie aangesny nie; en jy is nie met water gewas om jou te reinig nie; ook is jy nie met sout ingevrywe of in doeke toegedraai nie. Geen oog het medelyde met jou gehad om vir jou een van hierdie dinge te doen, om vir jou jammer te wees nie; maar jy is op die oop veld gegooi uit afsku vir jou lewe, die dag toe jy gebore is. En Ek het by jou verbygegaan en jou sien spartel in jou bloed; toe het Ek vir jou gesê in jou bloed: Leef! Ja, Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef!*

---

Dit is wat die verterend vuur doen! Ja, die volk sal te doen kry met ‘n verterende vuur in hulle midde. Die ewige brandende vuur sal te midde van Sy volk woon.

Dit is die onbeskryflike van die beeld wat God hier skep. Die vuur is nie afhanklik van die bos nie; die vuur verteer nie die bos nie. Maar die vuur was *teenwoordig* in die bos.

## God wat altyd teenwoordig is

God sê dus aan Moses dat Hy, die *Ek IS*, met die volk sal wees. Maar in watter sin? Wel, die konteks waarin Eksodus voorkom gee die antwoord: Die betekenis van die Eksodus is dit: God *onthou sy verbonds belofte* aan Sy volk (Eks. 2:24; 6:5). Hy sal die belofte hou wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob gemaak het. Die hart van die belofte (en dit is die hart van die verbond dwarsdeur die Bybel) is: “*Ek sal julle God wees. Ek sal by julle wees.*”

Ons behoort dit al meer en meer raak te sien. Dit is in baie opsigte die hart van die evangelie. *Immanuel, God met ons.*

‘n Mens hoor soms dat een Christen ‘n ander Christen wat in ‘n krisis is vertroos met die woorde: “*Vertrou die God wat die onmoontlike doen om vir jou die onmoontlike te doen.*” Ek wil die stelling maak dat dit nie werklik ‘n Bybelse antwoord is nie. Of miskien beter gestel, ek wil die stelling maak dat ons vertroosting nie soseer lê in wat God vir ons mag doen nie, alhoewel ons weet dat hy wel enige iets kan doen wat volgens Sy wil is.

Ons troos is eerder: *God is met ons.*

En as hierdie God met My is, wie kan teen my wees? Ja, al gaan ek in die dal van doodskaduwee hoef ek nie te vrees nie.

Die verbond het natuurlik twee kante. Ek sal by julle wees, julle God wees, maar julle moet my volk wees. Anders gestel: Moenie speel met die verterende vuur nie. Die afvallige volk het egter nie voortdurend rekening gehou met God se heiligheid nie - soos die hele petalje met die goue kalf later duidelik wys. Die heilige toorn van God het hulle dan ook getref en baie sterf deur die swaard (Eks. 32:35). God is na hierdie voorval huiwerig om Israel verder bloot te stel aan die gevaar wat Sy heilige teenwoordigheid onder die volk vir hulle inhou. God stel voor dat 'n engel saam met hulle gaan (Eks 33:2,3) “...anders sal jy op die weg verteer(!) word.” Dieselfde woord word hier gebruik as wat in Hebreërs 3:2 gebruik word. God se teenwoordigheid sou tot hulle vernietiging lei (Eks. 33:5). Moses pleit egter by God om saam te gaan en God staan sy versoek toe (Eks. 33:15-17).

Israel vergeet, hulle raak mak. Dit waaroor God gewaarsku het, het toe gebeur. God se heiligheid en Israel se opstandigheid en onheiligheid bots. Dit lei ook tot 'n skrikwekkende gebeurtenis later in Numeri, waar die vuur van God letterlik onder die volk gebrand het! (Num. 11:1-3) Hulle word verteer deur God se vuur! Hier word die brandende bos episode omgekeer - Israel hou nie rekening met God se heiligheid nie en die vuur verteer hulle!

Die tema van God as verterende vuur word opgeneem deur die profeet Maleagi (Mal. 3:1,2; 4:1). Dis die wesentlike vraag van elke sondaar wat iets begin besef van God se heiligheid. “Wie kan standhou as Hy verskyn?”

## Š *Ons en die God van Horeb?*

Het jy al ooit in die storie van die brandende bos, opgelet wie dit is wat met Moses praat en beloop om met hom te wees? Die Here wat spreek word in Eksodus 3:2 beskryf as “*Die engel van die Here*”.

Maar wie is Hy volgens die res van die Bybel, kom ons iets meer agter?

Die engel wat verskyn aan Moses in die bos is die Baba wat verskyn in die krip in Betlehem. Die Engel wat met Moses in die woestyn praat oor die Eksodus, is die Verlosser wat met dieselfde Moses op die berg van verheerliking praat oor die Eksodus, oor Sy dood om Sy mense te bevry.

*Hulle het in hemelse glans verskyn en met Hom gepraat oor sy uittog wat Hy in Jerusalem sou voltooi (Lukas 9:31).*

---

Die woord wat in ons vertalings met uittog vertaal word is natuurlik die woord Eksodus!

Die Ek IS van die brandende bos is dieselfde boodskapper van God wat verklaar: *Ek is...die brood van die lewe...Ek is die weg die waarheid en die lewe...*

Ons lees in Johannes 18 van die voorval waar die soldate vir Jesus van Nasaret soek. As Jesus dan antwoord dit is ek, gebeur die volgende:

*Toe Jesus dan vir hulle sê: "Dit is Ek!" het hulle teruggedeins en op die grond neergeval (Joh. 18:6).*

---

Hoekom? Omrede Jesus letterlik sê: "Ek IS."

Jesus is God met ons. Hy, God die Seun, plaas Homself onder die verterende vuur van God sodat ons nie ewig hoef te sterf nie. Hy maak dit eens en vir altyd duidelik dat dit nou moontlik is dat die Vuur in die bos kan woon sonder om dit te verteer. Die sigbaarste teken daarvan is die koms van die Heilige Gees. As Hy opvaar na die Hemel stuur Hy die Heilige Gees. Onthou jy wat gebeur op Pinksterdag? Die

vuurvlamme op die koppe van die groepie afwagendes dui daarop dat die verterende vuur God nou in ons midde kan wees, sonder dat ons verteer word.

Wat 'n heerlike vertroosting. Ons sal ook nie verteer word as Hy weer kom nie, ons skuld is reeds gedra. Maar natuurlik kan ons nooit speel met hierdie God nie, Hom nooit klein maak nie, Ananias en Saffira se verhaal maak dit baie duidelik.

Maar dít maak Hom juis ontsagwekkend en aanbiddenswaardig!

## **Wat moet in ons lewens gebeur as ons besef dat hierdie God met ons is?**

- Ons moet gevul wees met 'n nuwe nederigheid – wie kan homself as die middelpunt sien as Hy hierdie God ernstig opneem? As hierdie God leef is jy nie die middelpunt van alles nie. Hy bestaan nie vir jou nie, maar jy vir Hom.
- Ons moet bemoedig word met 'n vars bewustheid van sekuriteit – ons het hierdie God ontmoet en ons leef, wat anders is daar om te vrees?
- Ons moet gevul wees met 'n ongelooflike dankbaarheid, hierdie God wil met my in 'n verhouding staan en wil my nie uitdelg nie. Hierdie God is vol liefde en empatie. Hoe dankbaar moet ons nie daarvoor wees?
- Ons moet God begin aanbid (4:31) Die self-bestaan van God is die fondasie van al ons aanbedding, en dit sal die fondasie van al ons lofprysing tot in ewigheid wees. Dit is hoekom die skepsels in die hemel dag en nag sing:

*En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom! (Openb. 4:8).*

---

- Jy en ek, elke mens het 'n begeerte om te aanbid – wie is meer aanbiddenswaardig as die groot EK IS, veral soos ons Hom uiteindelik in Jesus Christus nog duideliker sien. Absolute krag, absolute empatie. Altyd teenwoordig!

# Hoofstuk 3

## Eksodus 4-6: Waarom loop dinge verkeerd?

---

**E**k en jy sukkel om die redes te sien waarom dinge skeefloop. Nie waar nie? Veral as dit gelyk het of God uitredding gaan bring, of dinge nou gaan begin reg loop in my lewe, my huwelik, my gesin my werk en my gemeente.

Ons geneigdheid is dan om weg te hardloop. En ons mis sodoende wie God is en hoe Hy werk. Ons kom nie tot aanbidding nie.

In sulke tye moet ons deur die geloof die bril van God se karakter opsit. Ons moet herinner word aan wie God is in Sy wese, dit is die enigste manier om nie moedeloos te word nie. Dit is die enigste manier om iets te begin verstaan van waarmee God besig is.

### *Š God en die onwillige/ongelowige Moses*

Hoofstuk 4 toon aan ons hoe lyk dit as die God van die brandende bos werk met sy gebroke mense, soos gesien in Moses.

Hy het nou net hierdie God gesien en tog is hy bang niemand gaan hom glo nie. En God werk geduldig met hom God is genadig en gee hom drie dinge wat die mense sal oortuig dat hy die waarheid praat. ‘n Kierie, melaatheid en bloed ...

Let op dat God weer die gewone gebruik om die ongewone te doen – soos ook in die plaë duidelik gaan word. Daar is niks besonder aan

sprinkane en muskiete nie. God kon hier ook enige geweldige asemrowende ding doen. Tog vra Hy vir Moses wat in sy hand is. Dit is asof God wil sê: “Kom Ek wys jou watter onverwagse ding Ek kan doen met die gewone: “Wat is in jou hand? – Kom Ek wys jou die onverwagse wat Ek kan doen.”

Miskien wonder jy waarom die kierie nou juis in ‘n *slang* moes verander? Waarskynlik is die slang ‘n sinspeling op die Egiptiese koninklike gesag. Faraó se hooftooisel, wat ‘n aanduiding van sy gesag was, was blykbaar in die vorm van ‘n kobra slang!

Moses reageer op die slang deur te vlug! Weereens is Moses se optrede waarskynlik ‘n afbeelding van wat gaan kom. Egipte gaan ook vlug in reaksie op God se aktiwiteit.

As Moses die slang aan sy stert gryp demonstreer hy natuurlik ook daarmee God se heerskappy oor die skepping vir Sy doelwitte. Moses gaan geestelike en politieke gesag uitvoer oor Egipte, net soos hy nou die slang laat terug verander in ‘n staf.

Die melaatsheid waarvan ons in vers 6- 7 lees is waarskynlik nie die melaatsheid soos ons daaraan dink nie. Dit is na alle waarskynlikheid ‘n soort velsiekte. Hoe dit ookal sy, waarom hierdie siekte? Wel, God wil wys dat Hy gesag het ook oor siektes en wat hier gebeur antisipeer natuurlik ook die plaag van die swere wat God later sou stuur. Hier mag ook iets dieper verskuil wees. God gaan Israel, ‘n onrein nasie, rein maak soos wat Hy hier demonstreer met die melaatsheid.

Het jy opgelet dat die water wat in bloed verander nie hier ‘n teken genoem word nie? Die rede is waarskynlik omdat dit ‘n werklike voorskou is van die eerste plaag. Dit demonstreer natuurlik God se gesag oor die elemente, meer nog oor die gode van Egipte, waarvan die Nyl een was.

Natuurlik is die doel van al hierdie tekens dít wat in vers 5 uitgelig word:

*“Op grond hiervan sal hulle glo dat die Here die God van hulle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, aan jou verskyn het.”*

---

In die lig hiervan is dit verstommend om na afloop van hierdie tekens na Moses te luister.

Moses sê in vers 10 hy kan nie praat nie. Tog sê Handeling 7:22 die volgende!

*Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en hy het uitgeblink in woord en daad.*

---

So waarskynlik was dit bloot vrees. Of liewers ongeloof!

En die verstommende is dat God Hom weer nie verteer nie. Hy versterk hom met die wete dat Hy wat God is, soewerein is. Luister net weer na vers 11!

*Daarna sê die Here vir hom: “Wie het aan die mens 'n mond gegee? Wie maak stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie?”*

---

En dan wil Moses hê God moet iemand anders stuur. Weereens, God se toorn ontvlam selfs maar Moses word nie verteer nie. God is genadig en sê Aäron kan saam met hom gaan.

In vers 21 sê die Here dat Farao nie die volk gaan laat trek nie. En dan sê God wéér vir Moses wat hy vir Farao moet sê in vers 22! In Eksodus

3:18 het Hy al vir Moses gesê wat hy vir Farao moet sê. Jy kan gerus gou weer daarna gaan kyk.

Ek dink egter nie ons is verkeerd as ons sê Moses het nie werklik gehoor wat die Here gesê het nie. Hy was verseker onder die indruk dat die Farao hulle nou gaan laat trek. Ons sien dit baie duidelik in Eksodus 5:22-23:

*Daarna het Moses weer na die Here gegaan en gesê:  
"Here, waarom werk U so sleg met hierdie volk?  
Waarom het U my nou eintlik gestuur? Van die eerste oomblik af dat ek by die farao gekom het om in u Naam te praat, het hy hierdie volk mishandel. Tog het U niks gedoen om u volk te red nie!*

---

Die volk was ook baie positief oor God en was verseker óók onder die indruk dat God nou gaan red.

*Aäron het hulle alles vertel wat die Here vir Moses gesê het, en daarna het Moses die tekens voor die volk gedoen.  
Hulle het hom geglo. Toe hulle hoor dat die Here die nood van die Israëliete gesien het en Hom hulle lot aangetrek het, het hulle in aanbidding gebuig (Eks. 4:30-31).*

---

Moses en die volk was dus positief aan die einde van hoofstuk 4.

## § Die teleurstelling

Wat sien ons in hoofstuk 5? Oortuig van sukses beveel Moses vir Farao om hulle te laat gaan. Farao se reaksie? Die werk word baie harder. Hulle kry nou nie meer strooi om bakstene mee te maak nie, hulle moet dit self insamel en dieselfde hoeveelheid stene produseer. Hard. Onredelik.

Moses en Aäron was sekerlik platgeslaan en dan kom daar iets wat nog slegter vir hulle moes wees. Die verwerping en kritiek van presies die mense vir wie hulle alles doen.

*“Mag die Here julle straf omdat julle ons naam sleg gemaak het by die farao en sy amptenare en vir hulle 'n swaard in die hand gegee het om ons mee dood te maak..” (Eks. 5:21).*

---

Moses se reaksie teenoor die Here is verstaanbaar:

*Daarna het Moses weer na die Here gegaan en gesê: “Here, waarom werk U so sleg met hierdie volk? Waarom het U my nou eintlik gestuur? Van die eerste oomblik af dat ek by die farao gekom het om in u Naam te praat, het hy hierdie volk mishandel. Tog het U niks gedoen om u volk te red nie! (Eks. 5:22-23).*

---

Verseker sou ‘n mens kon sê: Die rede waarom Farao so opgetree het, was Moses se gedeeltelike gehoorsaamheid! Hy het nie werklik gedoen wat God gesê het nie. En jy sou gedeeltelik reg wees. In 3:18 sê God Moses moet die oudstes saamneem. Moses vat net Aäron. In Eksodus 3:18 moes Moses ‘asseblief’ vra vir die Farao, hier in hoofstuk 5 gee Moses ‘n bevel. Die versoek aan Farao word ook nie presies oorgebring

soos God beveel het nie. Hy moes vra dat hulle na die woestyn gaan vir 3 dae Moses gee hier geen tydsbestek nie.

Ons moet egter sien dat God selfs hierdie ongehoorsaamheid, wat natuurlik verkeerd is, insluit in Sy werking (Rom 8:28).

## Š Die bril van Hoofstuk 6

Het jy gesien wat God hier doen in die eerste deel van hoofstuk 6? God maak geen verskonings oor die feit dat Farao hulle nie laat trek het nie, Hy gee geen verduidelikings nie. Hy sê nie: “Moses dit was omrede jy nie geluister het wat jy moes sê nie.”

Nee, Hy herinner Moses aan wie Hy is. En Hy beklemtoon twee van Sy name. Die Here (Ek is) en God Almag.

Hy het vir Moses in die brandende bos baie duidelik gedemonstreer wat dit beteken dat Hy *Ek is*, is. Ons het daarna gekyk. Dit beteken Hy is ewig, Hy is onafhanklik. Hy is nie afhanklik van Moses se gehoorsaamheid om te werk nie! Hy is ‘n Genadige Verlosser wat altyd teenwoordig is. Soos die vuur wat nie afhanklik was van die bos nie, nie die bos verbrand het nie, maar in die bos teenwoordig was. God kom hier en sê per implikasie: “Onthou dit Moses.”

Maar meer as dit. “Jy moet nooit vergeet wat My naam is waarmee Ek My aan Abraham bekend gemaak het nie. God Almagtig (*El Shadai*).”

Die presiese betekenis van dié woord is nie duidelik nie, maar die naam beteken ten minste dít: God het al die mag om te doen wat Hy wil doen. Hy maak die onvrugbare vrugbaar. Hy maak Sy beloftes waar!

## Niks kan Hom stop om Sy beloftes/ Sy planne waar te maak nie

Luister na Daniël 4:35:

*Teenoor Hom is al die bewoners van die aarde soos niks; Hy doen soos Hy besluit met die hemelse magte en met die mense op aarde. Daar is niemand wat Hom daarvan kan weerhou en vir Hom kan sê: 'Wat doen U?' nie.*

---

As God iets wil doen, doen Hy dit. Al loop alles voor jou oë verkeerd. Niks kan Hom stop om Sy verbondsbeloftes waar te maak nie.

Hoekom is God so verbind tot Sy beloftes? Kyk weer na hoofstuk 4:22. Israel was God se seun! God neem hierdie verbond uiters ernstig op. Wie is nou Sy Seun? Jesus! En ons is in Hom!

Dit is dalk nou 'n goeie plek om 'n opmerking te maak oor die vreemde Eksodus 4:24-26:

*Waar Moses-hulle langs die pad oornag het, het die Here by hom gekom en wou Hy vir Moses doodmaak. Sippora vat toe 'n klipmes, sny haar seun se voorhuid af, raak daarmee aan Moses se voete en sê: "Jy is nou my bruidegom wat deur bloed beskerm word." Die Here het Moses met rus gelaat net toe sy sê: "bruidegom wat deur bloed beskerm word." Dit het betrekking op die besnydenis.*

---

Sonder om jou te verveel. God wys vir Moses hier hoe ernstig Hy is oor die verbond en die verbondsteken. Die verbondsteken sou Moses en sy

seun beskerm teen die verterende vuur God. Hoekom? Wel, die feit dat God nie vir Moses doodmaak nie, wys dat iemand anders dit waarvoor die teken van die besnydenis<sup>1</sup> staan, vervul het. Iemand anders is deur God getref met Sy toorn. Jesus. Terloops, die teken van die besnydenis is ook ons beskerming teen die verterende vuur God! Ons is besny met die besnydenis van Christus (Kol. 2:12-13).

## Hy doen wat Hy wil

*En dit terwyl ons God in die hemel is! Alles wat Hy wil, doen Hy" (Psalm 115:3).*

---

In Jesaja 46:9–10 sê God:

*Dink aan wat vroeër gebeur het, lank gelede; Ek is God, daar is geen ander nie; Ek is God, daar is niemand soos Ek nie. Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek.*

---

Hoor jy dit?

## Sy mag en krag is meer as enige mag en krag

Dat God *El Shadai* is, impliseer dat Sy mag meer as enige ander mag is. Jesus sê in Matteus 28:18: “Aan My is *alle* mag gegee.”

Dink gou vir ‘n oomblik hieroor: Die atmosfeer rondom ons bestaan uit twee bestanddele. Stikstof en suurstof. Die mengsel is altyd dieselfde, of dit nou op die hoogste berg is of in die diepste grot. Die perfekte

---

<sup>1</sup> Vir ‘n meer volledige bespreking van die besnydenis, vergelyk my boek: *Genesis: ‘n Gids tot God se grootheid en genade.*

balans van 79% stikstof en 21% suurstof. Is dit belangrik? Is dit belangrik dat dit presies in hierdie balans moet wees? Verseker. As stikstof ietwat vermeerder sal ons lewensprosesse al stadiger word en ons sal sterf. As suurstof vermeerder sal ons lewensprosesse ontsaglik vermeerder. Ons polsslrag sal weghardloop en ons al eenvoudig verweer en sterf.

Tong in die kies – as daar 2 derdes stikstof en 1 derde suurstof was en ‘n elektriese reaksie veroorsaak die elemente om saam te smelt, sou die hele wêreld aan die lag geraak het. Want die lag gas N<sub>2</sub>O sou geproduseer word.

Enige verandering sou dus fataal wees. En wie is in beheer hiervan? God almagtig! Sy mag is meer as enige mag.

En daarom kan ons weet dat al lyk dit of alles anders uitwerk as wat ons gedink het, God is besig om te werk.

Kom ons kyk nou weer na die oënskynlike skeefloop van hoofstuk 5. Kom ons sit die bril van hoofstuk 6 op.

Wat doen God regtig in hoofstuk 5?

## **Vir Moses**

Vir Moses was hierdie aanvanklike teleurstelling sekerlik ‘n geloofstoets. Hy wou sy mense 40 jaar gelede bevry maar was duidelik nog nie reg daarvoor nie. Hy het verseker gedink hy is *nou* reg daarvoor ná die woestyn en alles wat daar gebeur het. Hy is gekies en gestuur deur God. So is hy nou reg? Hy moes so dink! Maar God almagtig weet beter. Na een klein terugslaggie is Moses gereed om tou op te gee. Dit is ongelooflik om te sien hoe gou Moses begin het om God se plan, en Sy vermoë om dit uit te voer, begin betwyfel het. Kyk weer na vers 23!

Ons het gekyk na Moses se ongehoorsaamheid of gedeeltelike gehoorsaamheid in wat hy aan die Farao sê. Dit het gewys hy was nog nie reg nie!

Maar God laat toe dat hy sy ongelukkigheid uitskreeu. God se antwoord in hoofstuk 6:1 was egter geen antwoord op Moses se wantroue nie. God sê bloot by wyse van spreke: “*Hier is wat ons gaan doen, want dit is wie Ek is.*”

Jy sien Moses se groot krisis was waarskynlik dat hy *stupid* sou lyk as niks gebeur nadat hy al die beloftes gemaak het wat hy gemaak het nie. As die oorwinning te gou gekom het, sou dit baie maklik wees vir Moses om die krediet daarvoor te vat.

Nou sou dit onbetwisbaar duidelik wees dat God self die bevryding bring. Dat daar niks is wat *God* kan keer nie. Jy sien dit is iets anders as om te beklemtoon dat daar niks is wat *Moses* kan keer nie.

## **Vir Farao**

Vir Farao was dit wat hier gebeur het een stap in die proses om sonder verskoning te wees voor God.

Ek dink dit is wat uiteindelik sit agter die oënskynlik onvoldoende of misleidende versoek in Eksodus 5:3. Die volk wou nie net ‘n 3 dae tog in die woestyn in onderneem om om te offer nie, hulle wou nooit weer terug kom nie!

Die doel van hierdie versoek was egter nie soseer om Farao te mislei nie. God het reeds voorspel dat hy sou weier. Die punt is dat die aanvanklike versoek baie redelik was in die konteks van die Ou Nabye Oosterse godsdiens. Jy was veronderstel om die aansprake van ander mense se gode te akkommodeer. Om hierdie versoek te weier, het gewys dat Farao geen vrees vir God gehad het nie – dit was die punt.

Voor God Farao oordeel, moes die boosheid van sy hart duidelik word vir almal. So die toets hier was nie om karakter te bou nie, maar om karakter te ontbloot. As jy ‘n teesakkie in die kookwater gooi, kom uit wat binne is. Mense maak baie keer verskonings van: “*Ja ek was onder*

*druk. Ek het nie tyd gehad om te dink nie, dit is hoekom ek so opgetree het.”*

Dit is die hele punt! Dit wat uitkom is wie jy is!

Dit is wat God met Farao doen. Die hele wêreld moes dit sien sodat God se uiteindelik verdoeming van hom God se regverdigheid en genade sou toon.

## **Vir Israel**

Het Israel hierdie toets nodig gehad na 400 jaar se gewag? Wel, Moses en die oudstes het nie geweet wat ek en jy op hierdie punt weet nie. Al die drama wat sou kom. Al hulle gekla, hulle bereidheid om ‘n kalf te aanbid. Hoeveel keer was hulle nie gereed om ‘n nuwe leier te kies en terug te keer na Egipte toe nie?

Hierdie gebeure in hoofstuk 5 mag wreed en onnodig vir hulle gelyk het op daardie punt, maar God het geweet hulle sou nie werklik gereed wees totdat dinge baie erger gaan nie.

Hy moes dit kristalhelder maak dat die uittog nie ‘n fout was nie. Hierdie hardnekkiges het natuurlik steeds gerebelleer later, maar ten minste sou die getroue oorblyfsel uiteindelik gesien het dat die meerderheid sonder verskoning was vir hulle gedrag.

## **Vir die wêreld**

Die hele gebeure in Egipte wat lei tot die Eksodus was die plek in die geskiedenis wat God gekies het om die volste openbaring van Sy grootheid en heerlikheid te gee, voor die koms, kruisiging en opstanding van Christus. Ja, die uittog en die kruisiging is twee sleutel gedeeltes om te verstaan wie God is en hoe Hy werk!

Hy openbaar altyd Sy heerlikheid deur verlossing en oordeel heen. So daarom moes die opponerende mag met die maksimum duidelikheid

uitgewys word. Dit moes nie ‘n papier tier wees wat verslaan word nie. Die volle boosheid van Farao se hart moes uitgelig word sodat God se goedheid en genade duideliker kon skyn in kontras daarmee. Die regverdigheid van Sy oordeel sowel as die genade van Sy verlossing sou so die duidelikste wys vir almal. Dit sou natuurlik baie jare later aan kruis nog duideliker sigbaar word!

Was dít ‘n paar dae langer se werk met bakstene werd? Verseker!

## **Moenie tou opgooi**

Ons het almal al oomblikke van frustrasie in ons geestelike lewens gehad. Oomblikke waarin ons uitroep: “*Here wil U dan nie hê dat U werk suksesvol moet wees en groei nie? Wil U nie U Koninkryk laat kom nie? Hoekom maak ons bakstene met strooi?*”

Die antwoord is altyd: “Nou sal julle sien wat *Ek* doen!”

Wat God doen is miskien nie soos wat ons dit sou wou gehad het nie, maar alles, ja alles, werk ten goede vir hulle wat God almagtig dien (Rom. 8:28). Natuurlik is dit nie “goed” in die korttermyn nie. Maar uiteindelik, in ons geval, werk dit mee om ons te verander om al meer soos Jesus te wees.

Moenie te gou opgee nie. God wil jou meer van Sy regverdigheid wys. Meer van Sy genade. Meer van Sy krag. Meer van Jesus.

Dalk wonder jy op die oomblik: “Hoekom het Jesus nog nie teruggekom? Kyk hoe lyk die wêreld! Hoekom gaan hierdie of daardie leier of diktator aan soos hulle wil. Waar is God?”

As jy nog so dink. Dink aan wat jy hier gesien het oor die God wat anders werk ...

# Hoofstuk 4

## Eksodus 7-9 Farao, God en die plaes (1)

---

**W**at in jou gedagtes opkom as jy aan God dink is die belangrikste ding omtrent jou lewe. Afgodediens bestaan nie net uit die kniel voor sigbare sigbare voorwerpe van aanbidding nie. Nee, die essensie van afgodediens is die akkommodering van gedagtes oor God wat Hom nie waardig is nie.

Hoe jy oor God dink gaan bepaal hoe jy gaan leef en hoe jy gaan aanbid.

Hoe dink jy oor God? Eksodus help ons om reg te dink oor God. Ek wil hê jy moet jouself net hierdie een ding omtrent jou denke oor God afvra: “Is die God van my denke groot genoeg om in beheer te wees van alles wat in die skepping gebeur elke dag? Is my God groot genoeg om alles te kan gebruik vir die bekendmaking van Homself, alles te kan gebruik om mense tot bekering op te roep, maar ook om mense skuldig te laat staan en te verdoem?”

Daar is veral ‘n paar dinge waaroor ons geneig is om verkeerd te dink as ons oor hierdie sake dink, en dit word veral in die gedeelte oor die plaes waarby ons nou kom aangespreek.

## § God, skepping en verlossing

### ‘n Paar stellings

- Ons vergeet dat God ons verlosser, ook God die skepper van alles wat leef is. Skepping en verlossing mag nie losgemaak word van mekaar nie. God se skepping staan in diens van Sy verlossingswerk. Met ander woorde, my geestelike lewe en wat in die skepping rondom my gebeur hou verband met mekaar. Terloops, ons redding word ook as ‘n nuwe skepping beskryf. Ons vergeet maklik dat ons eie verlossing deel is van ‘n groter prentjie. Die nuut maak van die hele skepping en wat verkeerd geloop het (vgl. Romeine 8).
- Niks in die skepping is gode nie. Ek weet jy dink dit is belaglik om dit hier te sê. Natuurlik sal ons nie sê iets in die skepping is ‘n god nie, maar ons kan maklik dink oor die skepping en wat in die skepping gebeur as dinge wat niks met God se handeling te doen het nie, en dan maak ons daarvan gode in sigself. As jy dink dinge soos “natuurrampe” is selfstandige entiteite, dan is jy besig met afgodediens.
- God gebruik die hele skepping as instrument om mense te wys wie Hy is, en om mense tot bekering op te roep. Hy gebruik dit ook om mense te oordeel. Hy gebruik dit om mense te oordeel wat Sy skepping weerstaan. Mense wat staan teen dit waarvoor Hy geskep het en per definisie oordeel Hy dus mense wat teen Sy verlossing staan, wat ook deel is van Sy groot nuwe skepping. En uiteindelik sal die skepping getuie wees dat God niemand onregverdig geoordeel het nie.

Met hierdie paar stellings kom ons beweeg na hierdie gedeelte oor die plaes.

## Š *Waarom die plaë?*

Onthou jy wat het Farao in Eksodus 1 uitgevaardig? Jy is reg. ‘n Beleid om die Israelitiese seuntjies dood te maak. Wat was God se skeppings mandaat? “*Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde.*” Na die sondeval was Sy belofte aan Abraham dat hulle juis weer sal vrugbaar wees en vermeerder. Jy sien weer dat God se skeppings doelwit, Sy verlossingsdoelwit is – die punt is Farao staan in die pad daarvan. Hy staan dit tee!

En God tree op om te wys dat Hy hierdie teenstand vermorsel. Dat Hy alleen God is wat mag het oor die skepping.

## Š *Inleiding tot die plaë: Die slang (7:8-13)*

Dit wat Moses en Aäron doen in hoofstuk 7:8-13 is as te ware die inleiding tot die plaë, ‘n teken wat wys wat God in die plaë gaan doen. Dit is byvoorbeeld fassinerend dat die skrywer doelbewus ‘n ander woord vir Farao se slang gebruik as wat normaalweg gebruik word. Hy gebruik ‘n woord wat in die Ou Testament en in die res van die Ou Nabye Ooste gestaan het vir die chaotiese magte van die natuur wat God by die skepping oorwin het. God het in die skepping orde aan die chaos gegee – onthou jy? As Aäron se staf dus die slang van Farao verslind simboliseer dit die feit dat die anti-God, anti skeppingsmag, Farao, deur die ware God oorwin gaan word.

Dit word natuurlik verder bevestig as ‘n mens onthou dat die Farao se hooftooisel gewoonlik die vorm van ‘n kobra slang gehad het. As Farao se slang verslind word sê God hard en duidelik wat Hy met Farao en al die magte aan sy kant, soos verteenwoordig deur die towenaars, gaan doen.

Kom ons beweeg nou na die plaë.

## Š *Eerste plaag: Water in bloed (7:14-25)*

Aan die einde gaan die Egiptiese leërmag sterf in die *Rooi See*. Bloed is rooi...

Die simbolisme moet nie gemis word nie. In die eerste plaag wys God reeds wat uiteindelik gaan gebeur. Onthou; die Nyl is gesien as ‘n god. As die Nyl sy walle oorstroom het is dit gesien as die Nyl god wat opstaan en vrugbaarheid bring vir die landbou. As die water bloed word? Die god is niks! Hy sterf!

Die Nyl gaan dus nie langer sekuriteit en voorspoed vir Egipte bring nie, nee dit gaan die oorsaak wees van Egipte se vernietiging. Hulle het die Israelitiese seuntjies vernietig in die Nyl, nou gaan die Nyl hulle vernietig.

En waarom doen God dit? Kyk weer na vers 17. “So sê die Here: *Deur wat nou gaan volg, sal jy weet dat Ek die Here is.*”

## Š *Tweede plaag: Paddas (8:1-15)*

In die woord *wemel* wat in Eksodus 8:3 gebruik word, is daar ‘n sinspeling op Genesis 1:20-21 waar God gesê het die waters wemel of krioel van diere. Jy sien dáár was die wemel iets goed; nou keer God dit om en maak dit ‘n ramp. Hy het die mag. Die paddas is in die Egiptiese godsdiens gesien as instrumente wat vrugbaarheid gee. Hier is dus weer ‘n aanval op die Egiptiese vrugbaarheids gode. Egipte wou Israel uitroei, nou word dit wat vir hulle vrugbaarheid gebring het, ‘n ramp.

Egipte moes weet en almal wat ‘n oor het om te hoor moes weet: “*Wat julle dink waar is van die gode is net waar van My...*”

In hierdie plaag word ook gesien dat God se mag om die plaag te laat ophou, net so belangrik is. Die Towenaars kon dit nie doen nie. Hulle kon wel nog paddas produseer. Ons sien hier ook die eerste teken van

swakheid by Farao as hy in Eksodus 8:8 vra dat Moses die Here sal bid om dit te doen!

### Š *Derde plaag: Muggies (8:16-19)*

‘n Interessante verskynsel by hierdie plaag is die feit dat dit die eerste plaag is wat die Egiptiese towenaars nie kon reproduseer nie. In die letterlike vertaling (1953 vertaling) lees ons hierdie muggies het uit die *stof* van die aarde voortgekom. Jy sien die eerste twee plae het betrekking op die water. Water was die lewe en krag van Egipte; politiek, ekonomies en godsdienstig. Hierdie muggies kom van ‘n plek wat nie ‘n Egiptiese kragbron was nie. Hulle is nou as’t ware uit hulle element.

Die God van Israel is egter die God van die hele natuur!

Die belydenis van vers 19 is belangrik: “*Toe sê die towenaars vir Farao: Dit is die vinger van God!*” Letterlik staan daar net; “dit is die vinger van ‘n god.” Hulle erken dus nie noodwendig die God van Israel nie, maar ten minste dat hierdie ding te groot is vir hulle! Hoe dit ookal sy, dit is ‘n beweging in die rigting van die erkenning van God, wat eintlik een van die sentrale doelwitte van die plae is (Eks. 7:5)

Ons weet natuurlik ook nie wanneer hierdie plaag gestop het nie.

### Š *Vierde plaag: Steekvlieë (8:20-32)*

In die Hebreeus is daar ‘n interessante woordspeling. God sê in effek: “*as jy nie my mense laat gaan nie gaan Ek die steekvlieë laat gaan oor jou.*”

Dit is interessant dat hierdie plaag uit die lug afkomstig is. Weereens. God is in beheer van elke deel van die geskape werklikheid! Wat ook opvallend is, is dat hier geen staf gebruik word nie. Die krag van God van Genesis 1 word hier duidelik gewys. Hy spreek net en dit gebeur.

Genesis 8:24 is betekenisvol. Hier is die eerste verwysing na die land wat vernietig word. God het beheer oor die *water, die lug, die stof die land*.

By hierdie plaag word daar ook vir die eerste keer 'n onderskeid getref tussen God se mense en Farao se mense (Eks. 8:21 & 23). Die onderskeid is nie net om die Israelite te red nie maar om God se mag te vertoon aan die Egiptenare (vers 22).

Farao wil met 'n slim storietjie die Israeliete toelaat om in Egipte te offer en Moses antwoord, ek dink sarkasties, op 'n manier wat eintlik sê dat hulle bietjie slimmer is as dit.

Eksodus 8:28 wys dat Farao nog nie werklik besef wie God is nie. Hy besef nog nie Hy kan nie die volk laat gaan nie.

God stop uiteindelik ook hierdie plaag. Natuurlik is die stop van die plaag 'n handeling van herskepping.

## *Š God en Farao in die eerste 4 plae*

In die eerste 4 plae kom wys God dus reeds baie duidelik wie Hy is en wie Farao en alle ander magte is. Hy wys ook dat Farao absoluut skuldig staan.

Farao wat gesien is as seun van die god Re, was verantwoordelik vir die orde in die kosmos. Die *ma'at*. Met die plae wys God dat hy nie in beheer daarvan is nie. Die natuur maak soos God wil. Moses en Aäron as God se gesante het meer mag as Farao.

As Farao gedurig die towenaars dieselfde laat doen, sê hy per definisie dat God maar net op dieselfde vlak as die demone is. Hy doen net dieselfde. Terloops, ons moet tog nie wonder waar die towenaars hulle krag vandaan kry nie. God wys hierdeur dus ook Sy mag oor die Satan. Farao aan die ander kant wys hy is skuldig aan dieselfde ding as wat Jesus sonde teen die Heilige Gees noem. Jesus maak dit duidelik dat as jy dit wat Hy doen aan die duiwel toeskryf, pleeg jy sonde teen die Heilige Gees (Matt. 12:31).

Dit is waaraan Faraon reeds na die eerste 4 plaes skuldig staan!

## Š *Die plaes en jy: 'n Kykie na Openbaring*

So wat moet ek en jy hiervan maak? Ek en jy moet weet dat as ons daar was sou ons hierdie dinge aan ons lyf gevoel en beleef het. Ons sou beleef hoe God die skepping gebruik om te praat, Homself bekend te maak en mense op te roep tot bekering.

Doen Hy dit nog? Verseker. In Romeine 1:18 lees ons dat God Sy toorn van die hemel af *openbaar*. *Die teenswoordige tyd word gebruik. Dit beteken Hy is nou besig om dit te doen.*

Die boek Openbaring gee vir ons 'n beelde, prentjies van die waarheid van wat gebeur in die wêreld vanaf die eerste koms van Jesus tot Sy wederkoms. 'n Paar keer word die prentjies vir ons gewys en net bietjie anders ingekleur. Die belangrike ding vir ons is egter die feit dat die tydperk wat elke keer gedek word, die tydperk is waarin ons ook leef. Vanaf Openbaring 8:6 lees ons van die sogenaamde trompette wat geblaas word.

Wat is die doel van hierdie trompette? Wel, dit is niks anders as oproepe tot mense om hulle te bekeer tot God nie. In die proses maak Hy Homself ook bekend aan Sy mense. Gaan lees nou rustig Openbaring 8: 8-12 en ook Openbaring 16:2-9.

Het jy gesien dat al hierdie dinge in Openbaring 16:9 plaes genoem word!

In hierdie gedeeltes kry ons die eerste 4 trompette en die eerste 4 skale. Wat ons nie moet doen nie, is om te kyk watter dinge wat ons hier sien ons letterlik kan vat en sê: “*Ah, daar is dit!*”

Nee! Dit sou die verkeerde hantering van hierdie gedeeltes wees. Let bietjie op: In die eerste trompet/skaalbak is die *aarde* getref. In die tweede is die *see* getref, in die derde is die *riviere* getref, in kort, *al die waters*, en in die vierde is die *lug* getref.

Is dit nie die dinge wat in die eerste plaes van Egipte getref word nie? Jy sien hier is dit weer duidelik dat die God van die skepping Sy skepping kan omkeer vir Sy doelwitte, om mense op te roep tot bekering en hulle te oordeel. Die punt is, dinge wat gebeur in die skepping – rampe ellendes, alles wat gebeur, het een van twee doelwitte: Of dit roep op tot bekering óf dit is ‘n middel tot verdoeming. In die trompette word die oproep tot bekering uitgebeeld en in die skaalbakke die verdoeming. Vir een persoon kan ‘n ramp dus ‘n oproep tot bekering wees, en vir die volgende persoon kan dit die einde wees – sy verdoeming as hy/sy steeds onbekeerd bly.

### *Š Wat die eerste 4 plaes ons leer van God*

- Ons God is altyd werksaam. Hy is oral rondom ons betrokke in die skepping.
- Daar is geen mag of krag groter as God nie. Die natuur is nie ‘n mag op sy eie nie. Alle ander mag in die skepping wat nie van God is nie, is die demoniese. Maar die demoniese is nie in ‘n gelyke stryd met God nie!
- Daar is nie so iets soos kans, toeval, moeder natuur of wat ookal wat werksaam is nie.
- Hy gebruik die skepping en alles wat daarin gebeur vir Sy doelwitte.
- Sy doelwitte is om Homself as God, Skepper van alles, bekend te maak; en om mense tot bekering op te roep en uit te wys dat Hy regverdig gaan wees as mense geoordeel gaan word. Hy het mos gepraat ... deur die skepping!

## *Š Wat ek en jy moet leer oor ons verlossing*

Jy en ek moet uit hierdie plaes en ook uit dit wat ons in Openbaring sien, besef dat ons verlossing deel is van 'n baie groter prentjie. Ons verlossing raak die skepping. Net soos die verlossing van die Israëliete die skepping geraak het, is die skepping nou nog betrokke in die redding en verdoeming van mense.

Luister net na Romeine 8:19-22:

*Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Die skepping is immers nog aan verdeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlijkheid waaraan die kinders van God deel sal hê. Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyn van verwagting.*

---

## *Š Wat ek en jy moet leer van God se stem en Sy nabyheid*

Francis Schaefer, die bekende Christen filosoof, het destyds 'n boek geskryf met die titel; "*He is there and He is not silent*. Ons God is dáár en Hy is nie stil nie! Glo en beleef jy dit? Vat jy dit? Hy praat elke dag, oral. Kyk, sien, luister. Hy is altyd naby en Hy praat. Natuurlik praat Hy primer met ons deur Sy Woord, die Bybel. Maar Hy praat ook deur alles wat Hy gemaak het. Ons lees dit reeds in Psalm 19, nie waar nie?

## *Š Wat die nie Christen moet sien*

Die nie-Christen moet sien dat God deur alles rondom hom of haar, praat! Deur elke ramp en siekte en pyn en ellende roep Hy. Die skepping is Sy megafoon waardeur Hy roep. Die nie-Christen moet ag gee hierop. Hy laat nie met Hom speel nie. Hy is ongelooflik, onbegryplik genadig. As jy egter Sy stem weerstaan en weerstaan en weerstaan, kom daar 'n punt waar Sy oordeel finaal is. Die nie-Christen is dwaas om dit wat God rondom hom, en in hom doen, toe te skryf aan kans of noodlot of die duiwel. Om nie te bekeer nie, is dwaas!

# Hoofstuk 5

## Eksodus 9-10 Farao, God en die plae (2)

---

**W**at gebeur in die plae het een doel: Sodat Israel, ek en jy en die wêreld kan weet wie is die God (Eks. 9:16;10:2) wat ons gekies het, gered het en elke dag in verhouding met ons staan.

Weet jy al?

Dit is ontsaglik belangrik om reg te dink oor God sodat ons Hom reg kan aanbid. In die vorige hoofstuk het ons nou reeds daarna begin kyk.

Daar is veral twee sake rondom ons denke oor God, wat deur die plae aangespreek word, waarby daar nog bietjie stilgestaan moet word.

- Die plae wys onteenseglik dat God nie in ‘n onsekere, of ongelyke stryd gewikkel is met die Satan, die kwaad in die wêreld nie – al lyk dit soms so.
- Ons as Christene, ons wat God in Jesus leer ken het as ons verlosser van sondes, is geneig om God en ons Christenskap te beperk tot ‘n “geestelike” saak. Ons beperk dit tot die onsigbare en die intellektuele. Ons sukkel om God te sien as betrokke in alledaagse geskape werklikhede. In ons sending na buite, ons uitreik na ander, is ons dan ook geneig om bloot op ‘n “geestelike,” intellektuele vlak te bly en die res van die geskape werklikheid te vergeet. Die geskiedenis van die plae help ons om ons denke wat dit betref, te verander. Dit help ons om meer te kan word soos ons God is – ons moet tog Sy beeldraers wees, Hom sigbaar voorstel, nie waar nie?

Ons gaan dus nou na die oorblywende plae kyk en dan gaan ons drie vrae beantwoord:

- 1) Is God in ‘n gelyke stryd met die Satan of die kwaad? Hoekom lyk dit asof die Satan en kwaad soms wen?
- 2) Is God net in die Ou Testament die Een wat die geskape werklikheid gebruik om Homself bekend te maak? Ons het in die vorige hoofstuk hieraan geraak, maar nou gaan ons spesifiek kyk na die koms, lewe, sterwe en opstanding van Jesus en hoe ons as gestuurdes van hierdie God dus moet leef.
- 3) Waarnatoe is ons dus op pad?

## Š *Vyfde plaag: Pes onder die vee (9:1-7)*

Waar die vinger van God (8:19), die muggies gebring het, is die “hand” (vers 2) van die Here nou op die Egiptenare. Hierdie is die eerste plaag wat direk dood veroorsaak, en *direk teen die geskape dinge gerig* is. En dit is ‘n onaangename aanduiding dat nog erger dinge kan kom – die dood van die eersgeborenes.

Die vee van die Israeliete kom niks oor nie. In Egipte is diere dikwels aanbid omdat hulle manifestasies van die gode was. Sien jy wat God doen?

In vers 7 sien ons die tragiese dat Faraο mense stuur om te gaan kyk of wat Moses gesê het, waar is – of die vee van die Israeliete nie getref is nie. Dit wys sy selfvertroue is nie meer so baie nie. Maar hy is steeds onbekeernd.

## Š *Sesde plaag: Swere (9:8-12)*

Hierdie plaag is die eerste demonstrasie aan die Egiptenare dat hulle *lewens* in gevaar is. Daar was nou paddas, en insekte en plae onder die vee – nou dra hulle aan hulle *liggame* die teken van God se oordeel.

Hierdie is ‘n konkrete stap in die rigting van die dood van die eersgeborenes.

Die feit dat die plaag nie voortkom uit die water, stof of lug nie, maar uit die roet van die oonde, is betekenisvol. Dit was na *hierdie* oonde wat die Israeliete strooi moes bring vir bakstene. Die Egiptenare se dade het hulle ingehaal. Hulle kry wat hulle verdien.

Selfs die towenaars van Farao word getref (vers 11). Die towerkrag van die towenaars kan hier nie eers hulleself red nie, wat nog te sê enige iemand anders!

Vir die eerste keer word Farao se verharding van Sy hart toegeskryf aan God se verharding van Sy hart (vers 12).

Ek dink nie ons moet verval in argumente oor of Farao nou self sy hard verhard het en of God dit net verder verhard het, of wat ookal nie. Wat God vir Moses en vir ons almal wil wys is dit:

Hy is in absolute beheer.

Hoe Farao kon reageer het al dan nie, is nie hier ter sprake nie.

## § Sewende plaag: Hael (9:13-35)

Aan hierdie plaag word baie aandag spandeer. Meer as aan die ander. Farao sou nou die volle krag van God se mag beleef. Vers 14 se letterlike vertaling sal só klink. “*Ek is op die punt om al My tekens na jou hart te stuur.*” Die betekenis is waarskynlik: “*Die volle inpak van My tekens gaan jou nou tref.*”

Die hemel self sou nou as’t ware losgelaat word op Farao. Die elemente gehoorsaam die Skepper. En let op: net in Gosen was daar geen hael nie (vers 26).

Vers 14-16 maak God se doelwit weer duidelik. God se doelwit met al die plaë was om Farao te laat buig voor God, om God te erken as God. Die reikwydte is nou nie net meer Egipte nie, maar die *hele aarde*. Farao sal nie net weet dat daar niemand in *Egipte* is soos die Here nie.

Uniek aan hierdie plaag is vers 15-16. Jy sien wat God hier doen is meer as om ‘n klompie slawe te bevry uit Egipte. Farao is ook betrokke in iets baie groter as wat hy verstaan of voor beplan het.

Die aard van die plaag is ook betekenisvol. Hael word dikwels in die Bybel geassosieer met ‘n daad van oordeel aan God se kant. Net soos donderstorms en weerlig en vuur.

Hierdie plaag is dus ongetwyfeld die oordeel oor Egipte in ‘n hoër rat.

*En Moses het sy staf na die hemel uitgesteek, en die HERE het donder en hael gegee, en vuur het na die aarde uitgeskiet; en die HERE het hael op Egipteland laat reën (Eks. 9:23)*

---

Ons vind hier ook vir die eerste keer dat Farao die kans het om vee na veiligheid te laat bring. Daar is egter geen aanduiding dat Farao hieraan gehoor gee nie. Waarskynlik was dit nog ‘n toets om te kyk of Farao die Here se gesag aanvaar. In vers 20 lees ons net dat: “*Die wat die Here gevrees het*”, hieraan gehoor gegee het. Daar was dus wel mense wat die Here begin erken het.

Farao nie.

As die plaag uiteindelik kom is dit vernietigend. Nie net mense en diere nie, maar alles wat groei in Egipte.

*Steek jou hand na die hemel uit, en daar sal hael wees in die hele Egipteland, oor mense en diere en oor al die plante van die veld in Egipteland (Eks. 9:22).*

---

Vers 25 is nog meer dramaties, die woord wat met “geslaan” vertaal word dui op ‘n *pap slaan* van alles.

In vers 27 lyk dit of Farao bekeer. Hy bely selfs dat hy gesondig het en dat die Here reg is en die volk verkeerd is. Dit lyk of hy nou die volk sal laat gaan.

Maar helaas vers 34 wys dit was vals. Moses sinspeel in vers 30 op die feit dat hy ‘n leuenaar is – hy het nie ontsag vir God nie al praat hy so. Dit is presies wat hy was. Nie die Here of Moses is egter onkant gevang deur Farao se reaksie nie.

*Tog het die Here die farao nog steeds koppig laat bly. Hy het nie aan Moses en Aäron se versoek gehoor gegee nie, soos die Here vooraf vir Moses gesê het.*

---

## Š **Agste plaag: Sprinkane (10:1-20)**

Die laaste 3 plae neem die plae na ‘n vlak van onomkeerbaarheid. Hier is ook geen kans meer dat Farao sy hart sal verander nie. Hierdie agste plaag begin trouens deur te sê dat die Here Farao se hart verhard het (10:1).

Die plaag van hael en sprinkane is dieselfde wat twee dinge betref. Beide veroorsaak wydverspreide vernietiging van mense, diere en oeste. Beide verteenwoordig vorme van oordeel wat algemeen is tot ander dele van die Skrif. Dit is interessant as ‘n mens na die Hebreeus kyk om te sien hoe dieselfde woorde wat in Genesis 1 en 2 gebruik word weer hier gebruik word. Weereens moet daar raakgesien word dat God in beheer is van die skepping en dit hier omkeer.

Die sprinkaan plaag is ook verbind aan dit wat nog gaan kom. Anders gestel; God gebruik die sprinkaan plaag om te praat oor, of te verwys na, wat gaan kom.

- Dit is interessant dat die sprinkane na die land kom deur die oostewind (vers 13) en dat die oostewind weer die Rooi See skei in (14:21). Hier is dus ‘n voorskou van wat later gaan gebeur.
- Die feit dat die sprinkane hulle einde te moet gaan in die Rooi See/Rietsee (vers 19) is duidelik ook ‘n verwysing na die verdrinking van die Egiptiese leërmag (14:28)

- Die taal wat gebruik word is ook baie dieselfde. Klem word gelê op die feit dat *nie een oorgebly het nie*.
- In vers 17 vra Farao dat Moses die Here sal bid om hierdie “dood” af te weer, en dit is ‘n voorafskaduwing van die dood van die eersgeborenes.
- Die donkerte (vers 15) wat veroorsaak word deur die sprinkane antisipeer die duisternis wat nou gaan kom in die volgende plaag.

Dit is belangrik om ook net weer vers 2 raak te sien. Wat hier gebeur het is nie bedoel om geheim gehou te word nie. *Toekomstige generasies moet weet wat God hier gedoen het*.

In hierdie plaag lyk dit weer of Farao hom gaan bekeer - hy is selfs bereid om die mans te laat gaan om te offer. In vers 16-17 bely hy weer dat hy gesondig het. Of dit eg is, is te betwyfel. God stop die plaag – maar God is nog nie klaar met Farao nie.

Ons weet God wil Israel uit Egipte kry, om nooit weer terug te kom nie, en in hierdié proses gaan Hy alles oor Farao laat kom wat Hy wil om Homself bekend te maak aan die wêreld. Farao is ‘n speelbal in God se hand. Die god Farao ...

## Š *Negende plaag: Duisternis (10:21-29)*

Hierdie plaag is insiggewend. Weereens is hier verseker ‘n uitdaging van die Egiptiese songod *Re*. En vir Farao, wat gesien is as die seun van *Re*, self ‘n god, moes dit skrikwekkend gewees het. Die verbintenis met die skepping moet weer nie gemis word nie. Duisternis dui op die toestand voor die skepping, die toestand van *chaos*.

En let op vers 23. By die Israeliete was daar lig. Dit is onmiskenbaar ‘n eggo van die skeppingsdaad. Daar was lig! God verhard weer sy hart

(vers 27). Deur Moses van sy aangesig af weg te jaag sny Farao sy enigste moontlikheid tot verlossing af.

Uiteindelik het hierdie duisternis oorgegaan in absolute “duisternis” met die dood van al die eersgeborenes van Egipte. Meer hieroor later.

## ***Š Die plaë en God se beheer oor die bese in die wêreld***

In die gedeelte oor die 10 plaë is die groot rolspelers: God, Farao en die volk. Is die toepassing vir ons: “*Moenie wees soos Farao nie*”? Nee!

Wat ek en jy moet verstaan is dat Farao, God se teenstander en die teenstander van die volk, God se mense, is.

Hy staan teen God se skeppings en verlossings doelwit om die aarde te vul met God se mense. Die woord Satan beteken letterlik teenstander. Hy vervul die rol wat Satan in die Nuwe Testament vervul. Farao staan in die pad van God se mense se bevryding, soos Satan, die mensemoordenaar volgens Jesus, in die pad van gelowiges staan.

Ons het reeds gesien dat die Farao se hooftooisel in die vorm van ‘n slang was. Aäron se slang eet die slang van die towenaars op.

In Genesis 3:15 het God reeds beloof Hy sal die slang se kop vermorsel. As jy dink ek gaan te ver, luister na In Esegïël 29:3 (OAV).

*Spreek en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Farao, koning van Egipte, jou groot draak wat in jou strome lê, wat sê: My stroom is myne, en ek het dit vir my gemaak.*

---

In die Nuwe Testament is daar geen twyfel oor wie die draak is nie:

*En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.)*

*... want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom (Openb. 12:3-4,9) .*

---

Hier is dit duidelik dat die draak, Satan is en dat hy van die begin af daarop uit was om die kind, Jesus, te vernietig. As Farao die Israeliete kon uitdelg sou Jesus nie uit die nageslag van Abraham gebore kon word nie!

Farao was die vergestaltung van die draak, Satan.

Farao het ook al die karaktereenskappe van die Satan:

- Hy is 'n mensemoordenaar – Jesus sê dit is wat die Satan van die begin af was.
- Hy is 'n leuenaar – Jesus sê die duiwel is die vader van die leuen.
- Hy het God se mense in slawerny gehou – in die Nuwe Testament word ons bevry van die slawerny van Satan.
- Farao is gesien as 'n god – In 2 Korintiërs 4:4 word Satan die god van hierdie wêreld genoem.

Ek dink die punt is duidelik: Ons moet die plaes sien in die lig daarvan dat Farao, die rol vervul van Satan, God en ons teenstander:

Is God inderdaad in beheer oor die Satan en die kwaad?

Ek kry soms die indruk dat daar 'n soort van vreesagtigheid onder evangeliese Christene heers. Die wêreld word nie meer gesien as die plek waar God in beheer is nie. Dit word veel eerder gesien as 'n gevegsarena waar ons deelname deurslaggewend kan wees in die uitslag tussen die goeie God en slegte god.

Omdat die mens van nature 'n aangetrokkenheid voel tot die mistieke en die onverklaarbare, veral ook in die post-modernistiese tyd waarin ons leef, kan die gevolg van hierdie vreesagtigheid wees dat meer aandag aan die Satan, as aan God en Jesus Christus geskenk word.

Wat die 10 plaes wys is dat daar nie so gelyke stryd is nie. God het lankal besluit dat Hy Faraon gaan gebruik om Sy mag bekend te maak. Ja, Faraon, God se groot teenstander in Eksodus, vervul God se doelwitte. Hy is 'n speelbal in God se hande. By tye mag dit gelyk het asof hy in beheer is en kan besluit wanneer die volk gaan trek of nie. Die uiteindelijke uitslag was egter lankal bepaal.

As jy rondom jou kyk en nie beleef dat God in beheer van die kwaad en die Satan is nie, dink aan die 10 plaes. God werk anders. Maar Hy is absoluut in beheer van die bose.

- In Genesis 3:15 het Hy reeds gesê wat met die slang gaan gebeur, soos Hy reeds aan Moses in Eksodus 3 gesê het dat Faraon hulle nie sal laat trek nie, maar dat Hy hulle sal bevry.
- God werk dikwels op 'n manier wat lyk asof die Satan in beheer is. 'n Mens sou dit kon vergelyk met 'n pa wat met sy seuntjie op die mat stoei. Dit kan lyk of die seuntjie wen – maar dit is juis omrede die pa absoluut in beheer is dat dit kan gebeur!
- God gee vir Satan geweldig mag. In 2 Korintiërs 4:4 word Hy die God van hierdie wêreld genoem! Satan word selfs gebruik om van Jesus 'n volkome verlosser te maak! Ja, as Jesus versoek word deur Satan in die woestyn en oorwin, wys Hy dat Hy in ons plek oorwin het oor versoeking en ons volkome kan verlos.

- Soos Farao verslaan is, is die Satan se kop vermorsel aan die kruis – maar let op! God kan hom steeds gebruik soos Hy wil sodat dit vir ons mag lyk asof Hy die oorhand kan kry. In 1 Korintiërs 12:9 gebruik God die Satan tot voordeel van Paulus, om hom te leer dat Sy genade genoeg is, en dat Sy krag juis die beste werk as Paulus swak is. Terloops, dink jy dit sou vir Paulus gehelp het om die duiwel te “bind” en te gebied?
- ‘n Verassende aspek van God se soewereiniteit is die feit dat God soms Satan as werktuig gebruik om Sy oordeel oor mense in die kerk te voltrek. Hier dink ‘n mens aan 1 Korintiërs 5:4 en 1 Timoteus 1:20 waar Paulus praat van mense wat aan Satan oorgegee is.
- Lees Openbaring as jy wonder oor God se beheer. Die Satan word daar deur God vir ‘n tydjie losgelaat, net om finaal met hom af te reken.
- 

Hoekom is dit belangrik om so te dink oor God se beheer oor die bose? Sodat jy Hom waarlik met vrymoedigheid kan aanbid. Sodat jy nie in vrees sal lewe en nie meer eer aan die kwaad, en die bose sal gee as aan God nie!

## *Š Die plaë en God se omvattende werking in die wêreld*

Is God se werking, Sy openbaring van Homself beperk tot die intellektuele, die “geestelike” of nie?

Die plaë wys God werk met die geskape werklikheid van muggies tot menslike lewe en dood.

Die eerste ding wat ons moet raaksien is dit: As God na die wêreld kom om die groot finale Eksodus of verlossing te bewerk, praat Hy nie met die wêreld op ‘n bloot geestelike of intellektuele wyse nie. Nee, Sy

Woord word mens. Hy kom as skepsel. As 'n geskape werklikheid. Ons ken almal Hebreërs 1:1-2:

*In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun.*

---

God se laaste Woord, kom na die wêreld as 'n mens wat loop, praat aan mense vat, mense genees.  
Dit is uiters belangrik.

## **Sy geboorte**

As Jesus gebore word tree die skepping ook op, op wyses wat herinner aan die plaë. 'n *Ster lei die wyse manne na Jesus.*

## **Sy lewe**

**As die Gees oor Jesus kom, kom Hy in die vorm van 'n duif. In Jesus se eerste wonder verander Hy water in wyn. En dit was alreeds 'n aanduiding van wat Jesus in Sy lewe en dood gaan doen. Hy gaan die skepping omkeer om heerlike volheid te bring. As ons verder na Jesus, God met ons, kyk sien ons die volgende. Hy loop op die water, Hy beveel die storm om stil te word, Hy voorsien aan mense wat honger het brood en vis op wonderbaarlike wyse. Hy laat 'n vyeboom verdor. Hy raak melaatses aan. Hy smeer modder aan iemand se oë en genees hom.**

**Soos die God van die plaë het Hy die skepping tot Sy beskikking. Soos die God van die Ou Testament kan Hy die skepping gebruik vir Sy doelwitte om Sy mense te sien en te verlos en te leer.**

*Alles is deur Hom en vir Hom geskep (Kol. 1:16).*

## Sy dood

Wat sien ons by Jesus se dood? Ons lees in Matteus 27:51 en Lukas 23:44 dat duisternis oor die hele aarde gekom het, dat die aarde gebewe en rotse geskeur het.

Wat gebeur in daardie oomblikke aan die kruis? Jesus word God se vyand – soos Farao. Die plaë tref Jesus ...  
God se eersgeborene sterf.

## Opstanding

In Matteus 28:1 lees ons:

*Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk.*

---

Dat dit in Matteus 28:1 lig word, sinspeel op die lig by die skepping. As Jesus opstaan vind 'n nuwe skepping plaas. En God keer die ou skepping om. As mense sterf is hulle dood. Hierdie opstanding wys dat die krag wat al die elemente rondom ons beheer kan inbreek na die kern van menslike mortaliteit en lewe bring aan die dooies. Ons knieë behoort te bewe.

Wat is die enigste hoop vir enige mens wat skuldig staan teenoor 'n God wat alle mag oor die skepping het en alles kan gebruik om jou te verdelg? God wat skepper en verlosser is. Jesus Christus!

Ek vertrou jy is oortuig dat God in Sy aanwending van die skepping en Sy intrek van die geskape dinge in verlossing, nie beperk is tot die Ou Testament nie!

## ***Š Ons denke oor God, Jesus en die Gees?***

Kom ons herinner onself weer daaraan. Ons God, ons Jesus, en die Heilige Gees stel belang in die *geheel van my lewe*. In wat ek eet en drink. In my liggaam. In die natuur rondom my. In die sterre en planete. Hy die verlosser stel belang in alles wat geskape is. Dit is belangrik hoe ek optree teenoor my liggaam, sowel as teenoor elke plant en dier.

My Verlosser *is* Skepper. Ek kan bid vir fisiese behoeftes!

Meer nog, ek kan verwag dat God alles rondom my kan gebruik om met my te praat. Ja, primêr praat God deur Sy woord, die Bybel. Maar God is nie vasgemaak in die Bybel nie. Hy is die Skepper. Hy het alles tot Sy beskikking. Ons het dit gesien in Romeine 1:18 en in Openbaring se plaes. Hy is elke oomblik besig om te praat en mense op te roep tot bekering en om mense te laat skuldig word aan verwerping van Sy stem. Dit is die punt van die trompette en basuine in Openbaring!

As ons dink oor die redding van mense: God is absoluut in beheer daarvan al gebruik Hy geskape middele en mense in die proses. Geen mens is in beheer van sy eie redding nie!

## ***Š Ons Sendingtaak in die lig van die plaes?***

Ons het gesien hoe God na Israel gekom het. Na ons gekom het. As mens-geworde Woord. Ons taak as gemeentes wat bely dat God ons stuur soos Hy Jesus gestuur het, is dit: *Ons moet ook gaan na die wêreld rondom ons met die mens-geworde woord*. Dit beteken ons kan nie bloot vir mense op intellektuele vlak preek en met hulle praat nie. Ons moet mense in hulle geskapeheid aanraak. Dit is belangrik dat ons mense fisies aanraak, voorsien in hulle behoeftes as geskape wesens. Ons moet geskape mense met geskape dinge bedien en help en aanraak sodat hulle tot verlossing in Jesus kan kom as geskape mense en as geskape mense heel kan word.

## Š Waarnatoe is ons op pad?

In die lig van die plaë kan ons weet: Ons sal ‘n finale bevryding en uittog na ‘n nuwe land beleef. God het ons teenstander oorwin en sal Hom finaal verslaan by Sy koms. Soos Hy gedoen het met Farao. En dan, let wel sal ons redding nie eindig met ons wat op wolke sweef nie. Nee, ons gaan op ‘n nuwe aarde wees, as nuwe mense:

*Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Die skepping is immers nog aan verdeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê (Rom. 8:18-21).*

---

En raai wat? Daar sal volgens Openbaring 21:1 geen see meer wees nie. Hoekom nie? Die see was in die denke van die mense in die Bybel die plek van boosheid, *chaos* – die teenstander van God. Dit sal nie meer daar wees nie!

### **Laaste gedagte**

Ons dien ‘n ongelooflike God. Ons Verlosser is Skepper van alles. In beheer van alles en almal, ook van die Satan, ons teenstander.

Ons God kan alles gebruik om Homself bekend te maak. Hy het geen mededingers nie. Nie mense of die Satan self is enige teenstand vir hom nie. Net so min soos Farao was. Jy kan nie bly staan voor Hom nie. Jou enigste kans op oorlewing in ‘n heelal wat deur Hom gemaak is, is om

aan Hom te behoort met alles wat jy het – as jy aan Hom behoort is Hy met die hele geskape werklikheid aan jou kant. Dan werk alles mee aan jou verlossing.

# Hoofstuk 6

## Eksodus 11-12: Die Pasga en volk wees

---

Is dit regtig so belangrik om jouself te verbind tot 'n gemeente? Kan ek nie maar net by die huis bly en die beste preke wat ek kan aflaai luister nie? Dan hoef ek nie met al die ander Christene te meng wat my net teleurstel en seermaak nie. Voor die rekenaar hoef ek ook nie liedjies te sing wat nie volgens my musieksmaak is nie.

Ek wil 'n hê ons moet 'n ander vraag probeer beantwoord en dan kyk of ons die antwoord op hierdie vraag kry. Hier is die vraag: “*Sou 'n Israeliet na die 10de plaag kon vra: 'Moet ek regtig deel wees van hierdie volk? Moet ek die Pasga saam vier? Kan ek nie op my eie my ongesuurde broodjies eet wanneer ek wil, en op my eie donkie die woestyn invaar nie?'*”

Miskien sê jy: “Maar wag, kan ons Israel en wat daar gebeur het op ons van toepassing maak?” Die antwoord is verseker: Ons moet!

Kyk hoe word die gemeente beskryf in 1 Petrus 2:9-10 (presies die woorde van Eksodus 19:5-6);

*Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóe geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.*

---

In Galasiërs 6:16 noem Paulus die gemeente – Die Israel van God!

In 1 Korintiërs 5:7 praat Paulus met ‘n gemeente oor die belangrikheid van gemeente dissipline en hy verwys na hierdie mense, die gemeente, as mense vir wie *hulle paaslam* geslag is.

Goed. Ek dink ons is reg om ons vraag oor die Israeliet se reaksie te beantwoord. Kom ons dink daaroor. Ek gaan ‘n paar stellings maak en as ons hierna gekyk het vertrou ek die antwoord sal baie duidelik wees:

## Š *Die volk as eersgeborene*

Ons almal weet dat die laaste plaag die dood van die eersgeborenes van Egipte was. Die Pasga en die bloed aan die deur het juis die eersgeborenes van die Israeliete bewaar van hierdie plaag – die dood van die eersgeborenes.

Wat gaan hier aan? Dit is uiters belangrik om te onthou wat die Here aan Moses in hoofstuk 4 gesê het:

*Dan moet jy vir die farao sê: So sê die Here: Israel is my oudste seun. Letterlik: Dan moet jy vir Farao sê: So spreek die HERE: My eersgebore seun is Israel. Ek het vir jou gesê: Laat my seun gaan sodat hy My kan aanbid. Maar jy het geweier om hom te laat gaan, en nou gaan Ek jou oudste seun doodmaak. Letterlik: Daarom beveel Ek jou: Laat my seun trek, dat hy My kan dien. Maar jy het geweier om hom te laat trek. Kyk, Ek sal jou eersgebore seun laat sterwe (Eks 4:22-23 (NAV & OAV).*

---

Jy sien dit is belangrik. Wie is verlos uit Egipte? Moses?, Aäron?, Miriam?, hierdie man? daardie vrou? – is hulle die eersgeborene?

Nee. Israel is. Die *volk as volk* was God se eersgeborene wat Hy gekies het. Hulle is gekies nie omdat hulle so getrou of oulik was nie. Nee, omdat God met ‘n eed aan Abram beloof het dat Hy vir hom en sy nageslag ‘n God sal wees.

Daarom moes *die hele volk* 'n jaar oud ram sonder liggaamsgebrek slag teen die middag (Eks. 12:6b).

Dit was geen blote individuele saak nie. Wie behoort aan die Here? Die eersgeborene (kyk ook na hfst13). Dit is die punt. Maar wie is die eersgeborene hier? Israel. Die eersgeborene, Israel, behoort aan die Here deur verkiesing, maar is ook duur gekoop deur God.

Eersgeborenes moes sterf vir die eersgebore Israel.

Jy as individuele Israeliet behoort aan hierdie duur gekoopte eersgeborene. As jy besef het jy behoort aan hierdie duur gekoopte eersgeborene, hoe op aarde sou jy jousef los van die eersgeborene wou sien en los van die eersgeborene wou optree?

Dieselfde geld natuurlik vir ons: Vir wie is Jesus, die uiteindelijke Paaslam, geslag? Vir die gemeente! (Ef. 5:25).

## § *God as die volk se regter en verlosser*

Die regter en verlosser van *Israel* was dieselfde persoon. Dit was *God* wat deur Egipte getrek het om die eersgeborenes te oordeel. Dit was *God* wat Israel se huise beskerm het.

Ons moet ook nooit die Vader as Regter sien en die Seun as Verlosser nie. Dit is *een en dieselfde God* wat *deur Christus* ons (die nuwe volk, die gemeente) vir *Homself*, verlos.

By die kruis was daar nie 3 partye nie. Nie God aan die een kant, mense aan die ander kant en Jesus wat as neutrale persoon tussenbeide tree nie. Nee, daar was net twee partye.

God en God se mense. Ja, God die Vader voltrek die oordeel oor God die Seun, maar dit is steeds God. Een God. Hy bring die oordeel oor Homself sodat Sy mense bevry kan word.

Weereens: Die volk se God was regter en verlosser vir hulle as volk. Jy sien geen Israeliet sou daarop aanspraak maak dat God net Sy regter en Sy verlosser is nie!

Kan ons?

## **Š Verlossing vir die volk was deur plaasvervanging**

Ons het reeds verwys na Eksodus 12:6b. Die hele volk moes 'n eersgebore ram laat sterf. Sonder 'n plaasvervangende dood was daar geen verlossing vir hierdie eersgebore Israel nie. Baie belangrik: Daar is steeds geen verlossing sonder plaasvervanging nie.

Die volk moes natuurlik hierdie verlossing toepas – let wel as gesinne, families. Aan die deur van elke gesin moes die bloed gesprinkel word. As God die bloed sien is hulle gespaar. Dit het nie outomaties gebeur nie.

Watter bloed moes gesmeer word?

Die bloed van 'n baie spesifieke eersgeborene.

*Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. Geen been mag gebreek word nie (Eks. 12:5, 46).*

---

## **Wie is in ons plek geslag?**

Die finale lam sonder gebrek.

*Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose*

*bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is (1 Pet. 1:18-19).*

*Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie (1 Pet. 2:22).*

*Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, skreeu hulle: "Kruisig hom! Kruisig hom!" "Vat julle hom en kruisig hom," sê Pilatus daarop vir hulle, "want ék vind geen skuld in hom nie (Joh. 19:4& 6, Luk. 23:4,14).*

---

Geen van Sy bene is gebreek nie.

*... maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie (Joh. 19:33-36).*

---

Net een persoon kon so 'n offer wees. God en mens in een. Hy is die Een wat in die plek van die gemeente gesterf het. Geweldig. As Jesus sterf in duisternis, dan aanvaar God dat Sy eersgeborene, wat sonder gebrek was, fisies en geestelik, se lewe gegee is vir Sy nuwe volk – Sy gemeente wat nou Sy eersgeborene is.

As Jesus opstaan as dit lig word op die Sondag, basuin God dit uit! Die oordrag is aanvaar! Toe Jesus sterf het ons as gemeente uit God se oogpunt gesterf en toe Jesus opstaan het ons opgestaan. Die oordrag was volkome.

God sien my en jou nou as eersgeborenes sonder enige skuld!

Maar is dit nie geweldig nie – as Jesus sterf beteken dit ons verdien wat Egipte verdien het, ons staan skuldig aan dit waaraan Farao en Egipte skuldig gestaan het – teenstand teen God en Sy skeppingsdoelwitte. Dit is waarvan ons verlos is! Ons moes sterf soos daardie eersgeborenes!

Net so uiters belangrik soos dit was dat “God die bloed moes sien” voordat die familie van die volk gered sou word – so is dit nou nog.

Jy sien daar was en is nooit sprake van outomatiese verlossing sonder individuele toepassing nie. Maar het jy gesien gesinne moes dit saam gebruik? Ons moet nooit vergeet dat God werk met 'n nuwe volk nie, en daardie nuwe volk bestaan ook uit gesinne! Efesiërs 5-6 maak dit baie duidelik!

Waar staan jy? Waar staan jou gesin? Het jy, het julle al dit wat Jesus gedoen het, persoonlik omhels? Het julle dit gegryp met belydenis van sonde en die leë hande van geloof?

## ***Š Die Pasga as begin van die volk se nasionale lewe van feesviering***

Die Pasga kan inderdaad gesien word as die begin van Israel se nasionale lewe (Eks. 12:2, 12:14,17). Elke familie, waaruit die volk bestaan het, is ook gesien as gekoop vir God. Hulle het aan Hom en Sy volk behoort.

Saam moes hulle feesvier! Die lewe van hierdie verlostes was 'n fees en die Pasga moes dit uitbeeld.

Dink daaraan – God bevry hulle deur 'n plaasvervangende ram en daardeur is hulle is geroep vanaf slawerny na vryheid. Vanaf armoede na rykdom (Eks. 11:2; Eks. 12:34-36!). Het jy dit gesien? Hulle moes as ryk mense uit Egipte trek! Nie as arm slawe nie! Is dit nie iets om oor fees te vier nie?

Maar let op: As *volk* het dit met hulle gebeur!

En ons? Ons verlossing is duidelik deur God geïnisiëer (Ef. 2:4-9). Ons lam Christus is vir ons geslag (Joh. 1:29; Openb. 5:6-10). Ons is van slawerny na vryheid geroep (Rom. 8:1-2). En ons is geroep van

armoede na rykdom (Ef. 1:1-3, 18). Let wel, nie fisiese rykdom nie, maar geestelike rykdom!

Ons het net soveel en baie meer rede tot gesamentlike feesviering!

Weereens: Sou enige Israeliet op sy eie wou aangaan? Nee, hy is geroep tot feesviering saam met die volk!

Jy sien jy sou net veilig wees en onder beskerming en leiding van die Here beweeg solank jy deel was van hierdie volk!

Die Here het nie individuele Israeliete deur die woestyn gelei nie!

In die Nuwe Testament is dit nog duideliker: Ons is deel van 'n liggaam! (Ef. 4). Geen vinger of oog kan op sy eie oorleef nie!

## Š Die Pasga as voortgaande verantwoordelikheid

Die Pasga het 'n blywende invloed gehad op die volk. Toe die Israeliete uittrek het hulle byvoorbeeld brooddeeg sonder suurdeeg in skottels gesit en dit in hulle klere toegedraai en op hulle skouers gedra. Jy sien die Pasga het 'n inpak op hulle lewens gehad. Gehoorsaamheid aan die God wat hulle bevry het se bevele, het 'n inpak gehad op alles wat hulle nou sou doen. Hulle moes die haas waarmee hulle uit Egipte, die plek van slawerny gekom het, onthou.

Dit is die punt wat Paulus wil maak in 1 Korintiërs 5:7-8.

*Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuur is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die*

*ongesuurde brode van reinheid en waarheid. Ek het julle in my brief geskrywe om nie met hoereerders om te gaan nie— dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodedienswaarders in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan—*

*maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienswaarders of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie. Want waarom sou ek ook die wat buite is, oordeel? Oordeel julle nie die wat binne is nie? Maar die wat buite is, oordeel God. Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit.*

---

Dit gaan in die konteks hier oor die uitwerping van immorele Christene, Christene wat volhard in sonde in die gemeente. Die invloed van sulke Christene is soos suurdeeg in deeg. Die basis waarop daar ontslae geraak moes word van hulle? Wel, die Paaslam is geslag! In Eksodus 12 het die fees van ongesuurde brode gevolg op die paasmaaltyd (Eks. 12:15 e.v.). Die analogie wat Paulus maak is dat die offer van Christus in die verlede is. En die kerk is nou in die proses om die fees van ongesuurde brode te vier, en hierdie fees moet gekenmerk word deur morele reinheid (geen suurdeeg).

Dit is nie 'n blote morele oproep nie. Nie 'n geval van “probeer bietjie harder nie”. Nee, die basis vir hulle en ons moraliteit in die gemeente is dit: *Christus ons paaslam is geslag as volkome plaasvervangende offer vir hierdie onreinhede, en nog meer belangrik, ons is alreeds 'n nuwe stuk brood sonder suurdeeg.*

Ons moet optree in die lig van wat ons is. Verseker kan 'n mens meer toepassing uit die Pasga haal, maar die punt is duidelik: *Wat Christus gedoen het moet ons lewens beïnvloed!*

Ek vertrou dat jy nou sal insien waarom deel wees van 'n gemeente on-  
onderhandelbaar is. Deel wees van die volk wat só 'n God gehad het en  
só 'n verlossing beleef het, soos waarna ons gekyk het, was nie  
onderhandelbaar nie. Daar sou nie eers 'n gedagte wees om op jou eie  
aan te gaan nie. Om deel te wees van God se nuwe Israel, verlos as  
eersgeborenes deur die Paaslam Jesus, en steeds los te staan van die  
nuwe volk se *sigbare gestalte* in 'n plaaslike gemeente - dit is nog meer  
ondenkbaar.

Is jy al verbind tot 'n gemeente?

# Hoofstuk 7

## Eksodus 13-14: Die werklikheid van die Rooi See...

---

**E**k wil dit waag om te sê dat die begeerte na bevryding, radikale bo-natuurlike bevryding van slawerny, universeel is.

Elke mens, op elke plek op aarde, op een of ander manier, op een of ander stadium in sy of haar lewe, verlang na bevryding van een of ander soort slawerny. Jy begeer 'n bo-natuurlike ingrype.

Daarmee saam verlang ons na 'n Eden toestand. 'n Lewe van vryheid en herstelde verhoudings.

C..S Lewis het dit so mooi verwoord:

*If we find ourselves with a desire that nothing in this world can satisfy, the most probable explanation is that we were made for another world.*

---

Ons wat bely dat ons Christene is maak daarop aanspraak dat ons bevry is van slawerny. Ons maak daarop aanspraak om weer in 'n regte verhouding met God te staan en op pad te wees na 'n nuwe Land, 'n nuwe Eden. Trouens, ons bely dat ons nou reeds iets daarvan kan beleef.

Maar tog is dit so dat ons dikwels sukkel om die realiteit daarvan te vat en as't ware te beleef. Ons sukkel om werklik te glo dat God ons net so seker bevry het van slawerny soos wat Hy die Israeliete uit Egipte bevry het deur die Rooi See heen.

Die rede hiervoor is te vinde in die feit dat ons onseker is oor 'n aantal sake: “Wil Hy my red? Het ek genoeg gedoen sodat Hy my kan red?”

Kyk hoe swak is my geloof. Kan Hy my red? Ek sien en voel dan niks...”

Ons wonder of die Here betrokke is by ons op so ‘n werklike, tasbare wyse as wat Hy betrokke was by die Israeliëte by die Rooi See.

Ek wil die stelling maak dat die Here *wil hê* dat Sy mense sal *weet* en sal beleef dat hulle só verlos is soos Israel deur die Rooi See, en dat Hy hulle weer so gaan verlos om vir ewig weer in ‘n Eden situasie te wees. Hy wil hê Sy *mense* in die Ou en Nuwe Testament moet die Rooi See bevryding onthou en dit as’t ware weer en weer sien en beleef.

So kom ons kyk na hierdie historiese bevryding deur die Rooi See heen, en dan gaan ons kyk na hierdie gebeure as herhalende werklikheid in die Ou Testament. Laastens sal ons ook hierdie gebeure vanuit ‘n Nuwe Testamentiese perspektief onder die loep neem.

Laat toe dat die Heilige Gees dit gebruik om jou eie bevryding weer vas te maak!

## Š *Die historiese gebeure*

Daar is ‘n paar dinge wat ons hier moet raaksien in verban met hierdie verlossing:

### **Die langer pad en God se eer**

Kom ons dink vir ‘n oomblik oor die vreemde feit dat God die Israeliëte doelbewus op ‘n langer pad uit Egipte neem (Eks. 13:17-18), ‘n pad wat hulle uiteindelik in ‘n doodloopstraat laat beland met die see voor hulle en die Filistyne agter hulle. ‘n Absolute haglike situasie. Hoekom? In vers 17 gee die Here die rede: Hulle kan dalk weer wil terug gaan na

Egipte. En ons sien hoe hulle mor en kla in hoofstuk 14 vers 11 en 12. Jy sien God vat hulle met ‘n langer pad, tot in ‘n doodloopstraat, sodat daar geen uitkoms vir hulle of Egipte is nie en sodat al die eer aan God alleen sal toekom as hulle gered word – niks niks eer aan hulle nie!

*Maar Moses het die volk geantwoord: “Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie. Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg (Eks. 14:13-14).*

---

Ons moet hierdie uitspraak in vers 14 reg verstaan. Ons vertaling is bietjie misleidend hier. Dit is nie soseer ‘n geval dat Moses sê: “Moenie bekommerd wees nie, God sal sorg dat alles goed afloop nie”, nee wat Moses eintlik sê in die Hebreeus is: “*Shut Up!*” Want kyk na vers 11-12. Hulle kerm en kla. Hulle *het geen geloof* nie. So Moses spreek eintlik hulle ongeloof aan en sê: “Bly net stil. Die Here sal julle red, ten spyte van julleself!”

*Ek sal die Egiptenaars so koppig maak dat hulle die Israëliete sal agtervolg. So sal Ek my mag laat geld teenoor die farao en sy hele leër: strydwaens en bemanning. Wanneer Ek my mag laat geld teenoor die farao, sy strydwaens en hulle bemanning, sal Egipte besef dat Ek die Here is (Eks. 14:17-18).*

---

God is in hierdie historiese bevryding die alleen sleutelspeler. Dit is Hy wat vir Farao, Sy teenstander en Sy mense se teenstander, skaakmat sit en ‘n verlossing bewerk ten spyte van die volk se ongeloof.

## Josef se beendere en die groter prentjie

Hierdie opmerking in Eksodus 13:19 oor Josef se beendere herinner ons aan die feit dat hierdie verlossing van die Israëliete deel is van die groter prentjie. God se belofte aan Abraham, Isak, Jakob en Josef dat Hy 'n land sal gee vir die nageslag van Abraham. God se verlossing in nie 'n onwillekeurige impulsiewe besluit om te verlos nie – dit was 'n beplande besluit in die lig van Sy getrouheid aan Sy verbondsbelofte. Sy Naam en Sy eer wat op die spel was.

## God verlos deur Moses wat een met God en die volk is

Het jy die interessante insident gesien waar Moses die volk in Eksodus 14 vers 14 maan om kalm te bly in die lig van hulle uitbarsting in vers 11 - 12 en dan in vers 15 kom God en vermaan Moses? Hoekom? Wel, Moses is *een* met die volk. Hy verteenwoordig die volk. Hy is die middelaar. Hulle skuld word Sy skuld.

Dit is fassinerend want by ander geleenthede is daar weer 'n geweldige eenheid tussen God en Moses. Kyk net na 14:21:

*Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n sterk oostewind weggedryf, sodat die water oopgeklou en die see daar drooggelê is.*

---

Reeds in hoofstuk 3:7-10 het ons gelees dat God neergedaal het om Israel te red (vers 8) maar in vers 10 lees ons God het Moses gestuur om hulle te red. In 4:16 en 7:1 het Moses die volmag om te praat met Farao, soos God, en Aäron sal Moses se segsman wees soos Moses God se segsman was.

Moses is dus ook een met God.

## **Die volkomeheid van die bevryding**

As ons in Eksodus 14 vers 28 lees dat Farao en sy leërmag toe was onder die water en nie een oorgebly het nie, wil God die volkomeheid, die finaliteit van Sy verlossing, beklemtoon.

### ***Š Die Eksodus verlossing via die Rooi See as herhalende werklikheid in die Ou Testament***

#### **Die Rooi See verlossing beleef in die deurtog deur die Jordaan**

Ek het aan die begin gesê God wil hê dat Sy mense die Rooi See bevryding weer en weer as't ware moet sien en beleef. Dit word baie duidelik as die volk uiteindelik by die Jordaan kom op die punt om die land in te gaan. Op hierdie stadium was dit al 'n tweede generasie. Een hele generasie het uitgesterf a.g.v. ongehoorsaamheid. Hulle moes verseker begin twyfel het of God hulle nog wou gehad het, of hulle werklik vry was. En dan vind die deurtog deur die Jordaan plaas. Jy kan dit maar gaan lees in Josua 3-4, die ooreenkomste met die deurtog deur die Rooi See is onmiskenbaar en luister:

*Toe sê die Here vir Josua: "Ek begin vandag om vir jou hoë aansien in die oë van die hele Israel te gee sodat hulle kan weet dat Ek by jou is soos Ek by Moses was (Jos 3:7).*

*Omtrent veertig duisend gewapende manne het vir die oorlog die rivier deurgegaan voor die ark van die Here uit na die Jerigovlakte toe. Die Here het daardie dag aan Josua hoë aansien gegee in die oë van die hele Israel.*

*Hulle het sy lewe lank aan hom eerbied betoon soos aan Moses (Jos. 4:13-14).*

---

Jy sien in die deurtog deur die Jordaan word die volk nie net herinner aan die Rooi See verlossing nie, maar hulle kan as't ware daaraan *deelneem*.

## **Die Rooi See verlossing en die verlossing uit Babilonië & 'n nuwe skepping**

As Israel hulleself baie baie jare later in Babilonië bevind, is hulle weer in 'n situasie soortgelyk aan dié in Egipte. Hulle is nie op God se plek, soos in Eden nie. En dit is in hierdie situasie dat die Here hulle herinner aan die Rooi See bevryding en dat Hy iets soortgelyks vir hulle gaan doen;

*So sê die Here, Hy wat 'n pad gemaak het deur die see, 'n deurgang deur die magtige waters, Hy wat strydwaens en perde laat optrek het, 'n leër op volle sterkte na sy ondergang toe. Hulle kon nie weer opstaan nie, dit was klaar met hulle, hulle is soos 'n lamppit uitgedoof. Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring (Jes. 43:16-19).*

---

En luister na hierdie interessante gedeelte:

*Gryp in, Here, gryp in! Toon u mag, u krag! Gryp in soos in die ou tyd, soos in tye lank gelede. Is dit dan nie U wat*

*vir Rahab verslaan het nie, wat die seemonster deurboor het nie? Is dit nie U wat die see, die groot diep waters laat opdroog het nie, U wat op die seabodem 'n pad gemaak het sodat dié wat verlos is, kon deurgaans nie? (Jes. 51:9-10).*

---

Wat is hierdie Rahab? Wel, dit is nogal belangrik om die agtergrond te verstaan. Volgens die Ou Nabye Oosterse skeppingsverhale is die wêreld geskep deur konflik heen. Daar was dus 'n stryd. Deel van hierdie stryd was die onderwerping van 'n god wat geassosieer is met water en as 'n seemonster gesien is. En dit is Rahab. As Jesaja hierdie beeld gebruik wil Hy dit duidelik maak dat dit die Here is wat hierdie stryd teen Rahab gewen het. Hy is die Skepper.

Wat Hy by die Rooi See gedoen het was nog só oorwinning. Dit wat gebeur het in die Rooi See skeiding en die vernietiging van Faraó is daarom niks anders as 'n nuwe skepping nie. En dit is waarop die volk hulle hoop kan plaas terwyl hulle hulself in Babilonië bevind.

## **Š Die Rooi See verlossing in die Nuwe Testament**

### **Jesus se persoon en werk en die Rooi See bevryding**

Daar kan min twyfel bestaan dat Jesus in die Nuwe Testament gesien word as die Een wat die rol van Israel en Moses oorneem. Ons het gesien dat Moses aan die een kant as Israel se verteenwoordiger gesien is en aan die ander kant weer God se verteenwoordiger was. Hy was, as jy wil, een met die volk en een met God. Dit is presies hoe Jesus gesien word in die Nuwe Testament. Hy is God en mens.

Dit is interessant om te sien dat daar eksplisiet verwys word na die feit dat Hy Israel en Moses se plek oorneem.

Kyk bietjie hierna:

*Josef het toe opgestaan en in die nag die Kindjie en sy moeder geneem en na Egipte toe vertrek en daar gebly tot die dood van Herodes. So is vervul wat die Here deur 'n profeet gesê het: "Uit Egipte het Ek my Seun geroep" (Matt. 2:14-15).*

---

Jesus moes uit Egipte geroep word soos God se seun Israel.

Dink vir 'n oomblik aan die pad wat die volk gevolg het. Hulle het eers deur die waters van die Rooi See gegaan waarna hulle in die woestyn beproef is voordat hulle tot by die berg Sinai beweeg het waar die wet vir die volk gegee is.

Jesus se pad lyk dieselfde. Hy word in die water van die Jordaan gedoop (Matt. 3) waarnaas Hy in die woestyn versoek word (Matt. 4) voordat Hy by die berg kom in Matteus 5 vanwaar Hy as die nuwe Moses die bergrede bring waarin die voorskrifte vir die lewe van die nuwe volk van God gegee word.

Jesus neem dus beide die rol van Israel en die rol van Moses oor.

En kyk gou weer na Lukas 9:28-31:

*Omtrent ag dae nadat Jesus hierdie woorde gesê het, het Hy vir Petrus en Johannes en Jakobus saamgeneem die berg op om te gaan bid. Terwyl Hy bid, het die voorkoms van sy gesig anders geword en sy klere skitterend wit. Skielik was daar twee manne wat met Hom praat. Dit was Moses en Elia. Hulle het in hemelse*

*glans verskyn en met Hom gepraat oor sy uittoeg (lett Eksodus) wat Hy in Jerusalem sou voltooi.*

---

Die Nuwe Testament wil hê ons moet weet dat Jesus se dood Sy Eksodus vanaf hierdie lewe na die volgende is. Hy is 'n nuwe Moses, wat God se volk lei na 'n nuwe manier van bestaan. Hy is die nuwe Moses wat God se mense na 'n nuwe land lei. Ook in Hebreërs 3 en 4 word Jesus geteken as die nuwe, beter Moses wat ons na 'n nuwe beloofde land lei.

Ons sou kon sê: Jesus is die nuwe Moses, wat gekom het om Sy mense te bevry van 'n land wat meer onderdrukkend is as Egipte (*die teenswoordige wêreldorde wat gekenmerk word deur sonde, dood en ewige skeiding van God*), en regeer word deur 'n heerser baie erger as Farao, Satan self (Ef. 2:2). En Hy vat ons na 'n nuwe Beloofde Land (Heb. 4:1-13).

## **Die Rooi See bevryding en die doop**

Ons het gesê ons sukkel om die realiteit te beleef van ons bevryding. Ons het egter iets sigbaar gekry om aan vast te hou. Iets wat ons herinner aan die realiteit van ons bevryding.

Luister na Paulus in 1 Korintiërs 10:1-2; 11

*Broers, ek wil julle daaraan herinner dat ons voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was en almal veilig deur die see gegaan het. Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk en in die see gedoop. Hierdie dinge het oor hulle gekom as 'n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons wat die einde van die tye al beleef.*

---

Wat probeer Paulus sê? Dit is duidelik dat hy 'n analogie teken tussen wat gebeur het met die Israëliete by die see en wat met Christene by hulle doop gebeur.

As jy gedoop word sê jy daarmee dat jy 'n ou manier van lewe agter laat – 'n lewe van slawerny, gebondenheid aan sonde en dood en dat jy 'n nuwe lewe ingaan, 'n nuwe manier van bestaan. Die doop is die proses waardeur ons, ons eie Eksodus ondergaan. Die los van hierdie wêreld en die deel kry aan 'n nuwe manier van lewe onder Christus se leierskap en gesag.

Jy sien Israel se deurgaang deur die Rooi See was 'n soort doop, waar God se volk 'n ou lewe gelos het en 'n nuwe lewe onder Moses se leierskap begin het.

Is dit nie geweldig nie? Toe jy gedoop is het jy jou uittog beleef. En elke keer as ons 'n doop aanskou (gesamentlik) kan jy (ons) dit weer sien. Kyk na jou doop; dink daarvoor en weet jy is verseker bevry net soos Israel.

God het dit gedoen omdat Hy getrou is aan Sy verbond. Hy doen dit op 'n vreemde manier. Deur die dood van Sy Seun. Hy doen dit ten spyte van jou ongelooft!

As jy dit beleef het, weet verseker dat *net so seker* soos Israel histories verlos is en net so seker soos jy onder die water ingegaan en uitgekom het, so seker sal God ons finaal bevry en na die nuwe Beloofde Land neem.

## **Die Rooi See bevryding en Babilon**

In Openbaring 18 word die teenstander van God se volk as 'n vrou en 'n stad, Babilon, uitgebeeld. Hierdie stad staan vir dit wat teen God se

mense is, soos Farao. Dit is die wêreld wat 'n vyandskap teen God is (1 Joh. 2:15 e.v.).

Deur hierdie beeld word die finale fase in ons verlossing beskryf. Ja, deur die dood en opstanding van Jesus is ons bevry, maar hier sal die tweede fase plaasvind as ons bevry word van Babilon:

*Verheug jou daaroor, hemel, en julle, gelowiges, apostels en profete! God het die oordeel waarmee sy julle getref het, oor haar voltrek. Toe het 'n sterk engel 'n groot klip, so groot soos 'n meulsteen, gevat en dit in die see gegooi en gesê: "So, met geweld, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word, en niemand sal hom ooit weer kry nie (Openb. 18:20-21).*

---

## **Laaste gedagte**

Jy en ek het deel aan 'n ontsaglike, werklike bevryding. Ons is histories verlos deur Jesus se lewe, dood en opstanding, net so werklik en histories soos die Rooi See bevryding.

Ons sal die laaste fase van verlossing beleef as Hy weer kom en die wêreld soos ons dit nou ken vernietig gaan word, net so dramaties soos die Egiptiese weermag se vernietiging in die Rooi See.

Jou en my verlossing het alles te make met God se eer en die getrouheid aan Sy verbondsbeloftes.

Jou en my verlossing is volkome. Hede, verlede en toekoms se sonde is in die diepte van die see gewerp. Moenie dit probeer uitduik nie! God gee in genade die doop sodat ons weer en weer Sy verlossing kan sien en beleef.

En daarom, omrede ons net so werklike verlossing beleef het kan ons weet God is net so werklik by ons soos Hy in die wolk en vuurkolom by die Israelite was.

# Hoofstuk 8

## Eksodus 15: Ons oorlog God

---

**W**aarom sukkel ons om God met oorgawe te aanbid? Waarom bars ons nie uit in liedere van lof as ons aan Hom dink nie en waarom leef ons nie lewens wat totaal aan Hom oorgegewe is nie? Meer nog, waarom is ons so slap in ons Christelike lewens, waarom is daar so min ywer om 'n einde te maak aan sonde in ons lewens, so min ywer om die Satan teen te staan en om te veg vir vreugde in ons geestelike lewens?

Ons dink nie op 'n Bybelse manier oor God nie!

Kyk, as die wêreld rondom ons, die wat nog glo dat daar wel 'n God is, as hulle dink aan God die Vader, dan dink hulle aan 'n ou witbaard man iewers daar bo wat nooit gelukkig is met ons nie, maar ook nie juis iets daaromtrent kan doen nie. Baie wat hulleself Christene noem is hierdeur beïnvloed, maar baie Christene dink ook aan God die Vader as 'n statige wese, wat ons nie vir onself kan voorstel nie. Hierdie wese het alles vooraf bepaal en alles loop net presies af soos Hy dit bepaal het. Hy doen eintlik op die oomblik niks nie.

Dit is hoe gedink word oor God die Vader. Aan Jesus word daar bloot gedink as die vriendelike Een. Die Een wat ons help om in die kwaai Vader God se goeie boeke te kom.

As Hy gevisualiseer word, word daar onvermydelik gedink aan Kinderbybel voorstellings. 'n Man met 'n lang wit kleed, golwende lang hare met fyn, byna vroulike gelaatstrekke. En bitter min neem Hom en dit wat Hy gesê het werklik ernstig op. Hulle kan sit en gaap terwyl daar

geluister word na wat Hy te sê gehad het en gedoen het. Baie is verveeld met Jesus, God die Seun.

Jare gelde het ek op hierdie aanhaling afgekom het, ek is nie seker wie dit gemaak het nie:

*In billikheid teenoor diegene wat Christus gekruisig het, moet 'n mens erken dat hulle Hom, verre van vervelend, veeleer uiters gevaarlik gevind het. Dit is aan latere generasies oorgelaat om Hom in watte te verpak en te omring met 'n atmosfeer van verveeldheid. Ons het op doelmatige wyse die Leeu van Juda se naels geknip en Hom aanbeveel as troeteldier vir bleek predikante en vrome oue dames. Op diegene wat Hom persoonlik op aarde geken het, het Hy nooit die indruk gemaak van só 'n water en melk figuur nie.*

---

Wat het dit alles te make met Eksodus 15?

Ek is oortuig daarvan dat ons nodig het om God weer te sien soos Eksodus 15 Hom teken.

Eksodus 15:3 is 'n sleutel tot die verstaan van wat hier gesien word. Dit mag dalk as 'n skok kom as 'n mens kyk na wat letterlik in Eksodus 15:3 staan:

Kom ons kyk na 3 vertalings van hierdie vers.

Ons 1983 vertaling wat nie 'n letterlike vertaling is nie, het dit so omskryf:

*Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is 'die Here'!*

---

Maar luister na die letterlike vertalings: Die 1953 vertaling:

*Die HERE is 'n krygsman; HERE is sy naam.*

---

En dan sekerlik die beste letterlike Engelse vertaling, die ESV:

*The LORD is a man of war; the LORD is his name.*

---

Die bekende NIV vertaal die vers:

*The Lord is a warrior; the Lord is his name.*

---

Maar kom ons kyk na Eksodus 15 en ons kyk eers na wat ons hier sien. Of as jy wil, ons kyk na wat ons hier sien en hoor by die historiese volk Israel. En dan gaan ons kyk of ons kan sê daar moet by ons dieselfde gesien en gehoor word. So ons gaan kyk na ons, die nuwe volk van die Here in die lig van Eksodus 15.

## **Š Die historiese volk (Israel)**

### **Die reaksie op hierdie God se bevryding: 'n lied( Eks 15:1; 20-21) van geloof (14:31)**

Dit is baie duidelik dat wat ons in Eksodus 15:1-19 kry niks anders is as 'n lied, 'n loflied wat gesing is nie. Kyk na vers 1 en vers 20-21:

*“Toe het Moses en die Israeliete die volgende lied tot eer van die Here gesing,  
Mirjam die profetes, suster van Aäron, het 'n tamboeryn gevat en al die vroue het met tamboeryne agternageloop en gedans. Mirjam het vir hulle voorgesing: “Sing tot eer van die Here omdat Hy hoog verhewe is.*

---

En dit is baie belangrik om te sien dat hierdie lied 'n uitvloeisel is van hulle geloof in God. Kyk na hoofstuk 14:31:

*Toe Israel sien hoe kragtig die Here teen Egipte opgetree het, is hulle met ontsag vir Hom vervul. Hulle het in die Here geglo en ook in Moses, sy dienaar.*

---

## **Wat glo hulle? Waarvoor prys hulle God?**

Hulle prys God vir hulle loskoping, verlossing (vers 13-16).

Luister hoe word dit beskryf:

*Deur u trou het U die volk gelei wat deur U verlos is, hulle deur u krag gebring na u gewyde land toe. Die volke het dit gehoor en hulle het gesidder, angs het die bewoners van Filistea beetgepak, die stamhoofde van Edom was verskrik, die magtiges van Moab vreesbevange, al die bewoners van Kanaän was lam geskrik. Vrees en angs het hulle oorval, u magtige dade het hulle laat versteen toe u volk deurtrek, Here, toe die volk wat U u eie gemaak het, deurtrek (Eks. 15:13-16).*

---

Dit word nie eksplisiet hier genoem nie, maar ons weet dit uit ander gedeeltes dat vanaf die tyd van die Eksodus God die *Vader* van Israel genoem word.

*Is die Here nie jou Vader, jou Skepper, nie? Hy het jou gemaak, jou in die lewe gebring (Deut. 32:6)  
Toe Israel nog 'n kind was, het Ek hom al liefgehad, en Ek het hom, my seun, uit Egipte geroep (Hos. 11:1)*

---

## Watter eienskap van God word besing?

Ons het reeds in 14:31 gehoor dat die Here hulle tot geloof gebring het maar kyk bietjie na Hoofstuk 15:

- Ø Vers 2: Die Here is my krag en my beskerming. En *daarom*- Hy het tot my redding gekom.
- Ø Vers 6: U regterhand, Here, gedug in sy krag, u regterhand, Here, verpletter die vyand.
- Ø Vers 7: U vernietig wie teen U opstaan, U laat u toorn woed, dit verteer hulle soos kaf.
- Ø Vers 11: Bewerker van wonderdade!
- Ø Vers 14-16: Die ie volke het dit gehoor en hulle het gesidder, angs het die bewoners van Filistea beetgepak,
- Ø Vers 15: die stamhoofde van Edom was verskrik, die magtiges van Moab vreesbevange, al die bewoners van Kanaän was lam geskrik.
- Ø Vers 16: Vrees en angs het hulle oorval, u magtige daade het hulle laat versteen toe u volk deurtrek...

God se krag wat tot aksie oorgegaan het, dit word besing! Jy sien hier is nie sprake van God as passiewe ou man nie. Ook nie sprake daarvan dat God maar net alles laat afloop soos lankal beplan nie. Nee, God wat kragtig is en aktief in die geskiedenis van Israel ingetree het op 'n bepaalde tyd – dit word besing!

### **Benodig: ‘n God van liefde en mag/krag**

Wat ek en jy moet verstaan is dit: Die God wat ons aanbid, is verseker ‘n God van liefde, ja. Maar as Hy nie die krag het en uitoefen om daardie liefde effektief in menslike lewens te maak nie dan is Hy en Sy doelwitte vir die wêreld aan die genade van die Satan en sondige mense oorgelaat.

Wat sou gebeur het as God nie die krag gehad het en uitgeoefen het in die tyd van die Eksodus nie? Wat sou Israel se lot gewees het as die Babiloniërs alleen in beheer was?

God is aanbid vir Sy krag wat Hy uitoefen oor die teenstanders van Sy mense en Sy koninkryk.

## **Waarnatoe vat Hy hulle?**

Ons het nou gesien dat God in hierdie lied geteken word as 'n krygsmans wat die geveg vir Sy mense wen en vir ewig sal regeer. Maar let op, die lied druk ook die vertroue uit dat die Here sal voortgaan om Sy nuwe verlore mense te rig. Hy sal hulle lei en plant *op die berg...* Die Israeliete se nuwe huis is die plek wat God self gekies het as hulle woonplek, die heiligdom wat Hy geskep het. Kyk gou na Eksodus 15:13-18.

*Deur u trou het U die volk gelei wat deur U verlos is, hulle deur u krag gebring na u gewyde land toe. Die volke het dit gehoor en hulle het gesidder, angs het die bewoners van Filistea beetgepak, die stamhoofde van Edom was verskrik, die magtiges van Moab vreesbevange, al die bewoners van Kanaän was lam geskrik. Vrees en angs het hulle oorval, u magtige dade het hulle laat versteen toe u volk deurtrek, Here, toe die volk wat U u eie gemaak het, deurtrek. U het hulle ingebring, U het hulle geplant op die berg wat aan U behoort. Here, U het 'n plek vir u troon voorberei, u hande, Here, het 'n gewyde plek gereed gemaak. Die Here regeer tot in ewigheid!*

---

Al die frases hier dui daarop dat die land as 'n tweede Eden gesien is, 'n plek waar God onder Sy mense sal woon. In die antieke Ou Nabye Ooste was berge die plek waar die gode gewoon het.

Hier, word die *hele land* geteken as die Here se berg. Sy woonplek, Sy heiligdom.

God se plant van Israel in die land sou 'n groot stap wees in die rigting van die herstel van die skepping.

## Š *Die nuwe volk (ons)*

### **Ons sing dieselfde lied!**

Lees die volgende gedeeltes aandagtig. Jy kan tot geen ander konklusie kom dat ons dieselfde as die volk doen nie! In Openbaring sien Johannes in beelde wat Christene in alle tye doen. Ons lied se inhoud verskil, maar ons besing God steeds vir Sy kragtige daade van verlossing in en deur Jesus Christus, die leeu en die lam!

*Toe het ek 'n ander groot en wonderbaarlike teken in die hemel gesien. Ek het sewe engele gesien wat die sewe laaste plaë bring. Daarmee het die toorn van God sy einde bereik. En ek het iets soos 'n spieëlglatte see met vuur daarin gesien. Die mense wat die oorwinning behaal het oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam, het by die spieëlglatte see gestaan met siters wat hulle van God gekry het. Hulle sing die lied van Moses, die dienaar van God. Dit is ook die lied van die Lam: "Groot en wonderbaarlik is u daade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is (Open. 15:1-4).*

---

*Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely (Heb. 13:15)."*

---

## **Ons sing dit nou reeds ...**

Ons het nou gesien dat Israel God loof vir Sy verlossing, hulle loskoping uit slawerny en die feit dat hulle nou God as Vader gehad het. Dit is belangrik dat ons sal verstaan dat ons ook nou reeds hier op aarde hierdie lied sing as uitvloeiing van die volgende waarhede:

### **§ Omdat ons uit geestelike slawerny bevry is**

Ons is ook uit slawerny bevry. Ons is losgekoop as slawe deur die bloed van Jesus. Nie uit die slawerny in Egipte onder Faraon nie, maar die slawerny van sonde en die wêreld onder die Satan (Vgl. Ef. 2:1-3).

*Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry (Heb. 2:14-15).*

*Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word (Gal. 5:4).*

---

Ons sing oor hierdie bevryding!

## § Omdat die groot geveg gewen is

Luister na Kolossense 2:15. Hier sien jy duidelik dat Jesus ook ‘n Krygsman is wat ons op triomferende wyse bevry het.

*Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.*

---

In die Romeinse tyd was dit die gebruik om na ‘n veldslag waarin oorwinning behaal is, ‘n optog deur die strate te hou, die triomftog. Tydens hierdie optog het die gevangenis geketting agter die oorwinnaars se strydwaens en perde geloop.

Die groot geveg, die groot veldslag is gewen – en ons kan daarvoor sing!

## § Omdat Hy ons elke dag laat deel in hierdie oorwinning

Ons deel nie net in die volkome bevryding wat Jesus meer as tweeduisend jaar gelede tydens die groot geveg op Golgotha vir ons bewerk het nie.

*Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos ‘n aangename geur (2Kor. 2:14).*

---

Tydens so ‘n triomf optog, waarna ons nou net verwys het, is daar ook wierook gebrand. Vir die oorwinnaars was dit ‘n aangename geur ...

Ons is deel van Jesus se triomftog, *elke dag!* Deur ons moet mense Jesus die oorwinnaar leer ken. Ons versprei die geur van oorwinning.

Ons kan daarom elke dag sing oor hierdie oorwinning!

### **Ons sal dit eendag sing ...**

Ná Openbaring 19 waar ons lees dat die gelowiges die lied van Moses, wat ook die lied van die Lam is sing, lees ons van die laaste geveg:

*Toe het ek gesien die hemel is oop. Daar was 'n wit perd. Sy Ruiters word die Getroue en die Betroubare genoem. Met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog. Sy oë het soos vuur gevlam, en op sy kop was daar baie heerserskrone. Daar was 'n Naam op Hom geskrywe wat niemand anders ken nie, net Hy self. Hy het klere aangehad wat met bloed deurweek was, en sy Naam is: "Die Woord van God." Die leërs in die hemel het op wit perde agter Hom aan gery. Hulle het fyn, helder wit klere aangehad. Uit sy mond het daar 'n skerp swaard uitgekome om die nasies mee te tref, en Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer. Hy sal self die parskuip trap vir die wyn, die wyn van die toorn en die oordeel van God, die Almagtige (Open. 19:11-15).*

---

Ons Jesus is ‘n oorlog Jesus!  
Tot in alle ewigheid sal ons Sy krag besing!

## Waarnatoe vat Hy ons?

Hy vat ons na die finale beloofde land – die nuwe aarde, waar daar geen bedreiging (*soos voorgestel deur die see*) meer gaan wees nie!

*Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie (Open. 21:1).*

---

## Š Implikasies

### ✓ Wie is jou/ons God?

Ek en jy moet doelbewus vals beelde van God uit ons gedagtes weer en begin mediteer oor wie God waarlik is. In Openbaring 5, word Jesus geteken as beide ‘n leeu en ‘n lam. En ek dink nie daar is ‘n beter beeld in die Bybel, wat die twee kante van God se karakter so goed belig nie. God in Jesus is die lam wat vir ons geslag is, hieruit blyk Sy liefde. Maar Hy is terselfdertyd die leeu wat deur daardie daad ons vyande verslaan het en hulle ook gaan verslaan. Hy is absoluut vol liefde en sagtheid teenoor ons swakheid, maar Hy het ook die krag om ons te beskerm teen die bose.

Natuurlik maak hierdie kombinasie van liefde en krag. Sagtheid en mag, ons God in Jesus absoluut aanbiddenswaardig!

### ✓ Hoe lyk jou/ons Christelike lewe?

*‘n Stryd*

Efesiërs 6:10 en verder beskryf die geestelike lewe as 'n worstelstryd, nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, die magte, die bose geeste in die lig wat aan jou leuens verkoop oor God asook hoe Hy oor jou dink. Daarom het jy nodig om elke dag die wapenrusting van God aan te trek. As ons na die Ou Testament gaan is dit interessant - die wapenrusting van God is die wapenrusting wat God self dra! Dit vergestalt God se *modus operandi* soos gesien in die lewe van Jesus. Dit is wat ons moet aantrek! Luister na die beskrywing van die Messias (Jesus) in Jesaja 11:5 en 59:17.

*En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees. (AOV)*

*En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in 'n mantel*

---

Die Here self sit die gordel van geregtigheid aan vir Sy stryd om Sy volk te bevry. Ek weet jy wonder hoekom hier sprake is van 'n gordel van geregtigheid terwyl Efesiërs 6 praat van die borswapen van geregtigheid. Ons moet egter nie tegnies hieroor raak nie. Die Bybel gebruik hierdie beeld vloeibaar. Die punt is: Hy is volmaak sonder enige ongeregtigheid soos die versoeking in die woestyn bevestig het.

Dis die Here self wat die boodskap van verlossing uitroep. Luister na Jesaja 52:7:

*Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning!*

---

In die Psalms is die Here self die skild waaragter die gelowige skuil. (vgl. ook Genesis 15:1, Psalm 91:4) Hier word somer 'n baie belangrike saak onder ons aandag gebring. Dis nie ons sterk geloof opsigself wat ons skild is wat ons beskerm nie (*dit sou terloops nie 'n baie veilige skild wees nie, want ons weet hoe wankelbaar ons geloof is*). Dis God en Sy getrouheid wat ons skild is, Jesus en Sy volmaakte werk.

Ons geestelike lewe is 'n stryd, maar ons het die wapenrusting van God self!

### *'n Lofsang*

Het jy al begin om uit te bars in lofsang vir jou God wat Sy krag gebruik het in jou lewe – op Golgota en elke dag? Loof en prys jy Hom vir Sy wapenrusting?

# Hoofstuk 9

## Eksodus 15-17: In die woestyn (1)

---

**H**et jy al die uitdrukking gehoor: “*Ek is bietjie in die woestyn of in ‘n woestyn tyd?*”

Ek praat natuurlik nou nie van ouens wat in die Namib vakansie hou en jou bel nie. Nee, dit is ouens wat wil sê “*ek is nie op ‘n goeie plek in my lewe nie.*”

As jy dit al gehoor het, of indien jy dit self al gebruik het sal jy weet dat ons dit dikwels gebruik om te verwys na ‘n tyd in ons lewens in die algemeen en spesifiek in ons geestelike lewens waar dit nie gaan soos ons wil hê dit moet gaan nie. In kort: Ons sien dit as ‘n slegte tyd. ‘n Geestelik dor, dooie tyd.

Die punt wat ek in hierdie hoofstuk wil maak is dit: Ons gebruik hierdie term nie in ‘n Bybelse sin nie. Die letterlike woestyn waarin mense hulle in die Ou Testament bevind het, word in die Bybel as ‘n wonderlike geestelike tyd beskou. En ons kan en moet daaruit iets leer oor die figuurlike, geestelike woestyn tye in ons lewens. Onthou altyd Romeine 15:4:

*Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.*

---

En 1 Korintiërs 10:11:

*Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.*

---

So kom ons kyk bietjie na wat ons sien omtrent die fisiese woestyn in die Bybel, die woestyn wat vir ons daar is om iets uit te leer.

## Š *Die woestyn as positiewe plek*

Kyk bietjie na die volgende Skrifgedeeltes:

- ü *Maar sy eie volk het Hy uitgelei en hulle soos 'n kudde skape deur die woestyn laat trek (Psalm 78:52).*
  - ü *Dit is Ek wat jou in die woestyn, in 'n dor land versorg het (Hos. 13:5).*
  - ü *Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring. Die wilde diere sal My vereer, die jakkalse en die volstruise, omdat Ek water gee in die woestyn, riviere in die droë wêreld om my volk, my uitverkore volk, se dors te les. Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig (Jes. 43:19-21).*
  - ü *Maar aan die vrou is twee groot arendsvlerke gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek toe, kon vlieg. Daar word sy die hele vasgestelde tyd, weg van die slang af, versorg (Open. 12:14).*
- 

Daar kan min twyfel bestaan dat God die woestyn beskou as die plek waarnatoe Hy Sy volk gelei het en waar Hy hulle versorg het en versorg. Dit is die plek waar ek en jy versorg word. Die gedeelte in Openbaring dek juis die tydperk waarin ek en jy leef en op tipies simboliese wyse word gewys dat die vrou (wat hier ongetwyfeld die kerk is) hierheen geneem word om versorg te word!

Die tragiese is dat dit ook 'n tyd was waarin die volk ten spyte van wat ons nou gesien het, nie opgetree het soos 'n mens sou verwag in die lig van hierdie positiewe uitsprake nie.

## Š *Israel in die woestyn*

Maar kom ons staan nader aan hierdie 3 verhale wat opgeteken is in Eksodus 15:22 tot 17:7.

### **Mara (15:22-27)**

Wat sien ons hier? Die volk het na 3 dae nog geen water nie en as hulle by Mara kom kan hulle die water nie drink nie, want dit is bitter. Ons lees dan:

*Die volk het by Moses gekla: "Wat moet ons drink?"  
Moses het die Here aangeroop, en die Here het hom 'n stuk hout gewys. Hy het dit toe in die water gegooi, en die water het soet geword. Daar het die Here die volk op die proef gestel en daar het Hy vir hulle 'n vaste reël neergelê. (Eks. 15:24-25).*

---

Let op hoe die Here deur wat Hy hier doen hulle herinner aan Egipte en wat Hy daar gedoen het. Die skrywer onder die leiding van die Gees wil hê ons moet dit sien.

Moses het die Here *aangeroop* (15:25) nou dit is presies wat die volk gedoen het in Egipte! En wat doen God?

Wel, Hy doen presies wat Hy in Egipte gedoen het. Hy doen iets wat herinner aan die plaë. Hy doen 'n water wonder. Die hout wat Moses in die water gooi herinner natuurlik aan die staf wat Moses gebruik het in die eerste plaag en die skeiding van die Rooi See. Die verbintenis met Egipte word meer eksplisiet gemaak as ons na vers 26 kyk:

*Hy het gesê: "Julle moet goed luister na wat Ek, die Here julle God, sê! Julle moet doen wat reg is in my oë, gehoor gee aan my gebooie en alles doen wat Ek vir julle voorskryf. Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou."*

---

In Egipte het God die soet water van die Nyl in bloed verander, hier keer God dit om en Hy maak die bitter, ondrinkbare water, soet.

Let ook op hoe hier in vers 26 gekyk word *na wat nog kom*. God het nog nie gebooie op hierdie punt gegee nie. Dit sou gebeur by Sinai. So hier is alreeds 'n aanduiding van wat gaan kom: God se gebooie by Sinai wat gehoorsaam moet word as hulle nie weer in 'n Egipte situasie wil beland nie.

Maar *Elim* gee ook 'n voorafskaduwing van iets. Dit is 'n voorprent van die lushof wat kom: Kanaän, die beloofde land. God gee 'n voorsmakie daarvan. Die getalle 12 en 72 dui waarskynlik op die oorfloed wat daar vir elke stam was.

Elim is 'n kort beleving van die God wat die woestyn kan omkeer!

## **Manna en kwartels (16:1-36)**

Kyk net na die belaglike, gekke uitspraak in 16:3:

*As ons maar liever in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom.*

---

Maar daar is iets nog meer verrassend hier. *God se reaksie:*

*Toe het die Here vir Moses gesê: “Let nou mooi op. Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. So sal Ek toets of hulle my opdrag wil nakom of nie (Eks. 16:4).*

---

Geen straf nie! As jy ooit gewonder het oor God se genade in die Ou Testament, wel hier is dit. Geen aanduiding van woede nie, maar weer ‘n toets!

‘n Paar maal word daar in hierdie gedeeltes gepraat van die Here wat die volk toets of op die proef stel. Wat word hiermee bedoel?

Dit is verseker nie ‘n geval dat Hy beproewinge gee sodat die Israeliete kan bewys hulle is op een of ander wyse hulle posisie as God se volk waardig nie.

Ek dink Eksodus 20:20 help ons met die verstaan hiervan:

*Maar Moses het die volk geantwoord: “Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets. Hy wil hê julle moet ontsag hê vir Hom en nie sondig nie.*

---

God toets die mense vir hulle eie voordeel, nie Syne nie. Ons sal nou weer opmerking daarvoor maak, maar die punt is God wil ‘n dieper verhouding met die volk hê – dit is wat Hy doen deur die toets! Hy wil hulle leer om Hom te vertrou!

Miskien wonder jy oor hierdie gedeelte van die manna en die Sabbat. Die rede waarom hulle dubbel moes optel, was die Sabbat. Maar sien jy dat die Sabbat nie net gehou word deurdat die Israeliete hulleself weerhou van die optel van die kos nie. Nee, dit is God wat ophou om te voorsien op die Sabbat! Hulle moes dus God se patroon van handel, wat reeds by die skepping na vore kom, volg. Hulle rus want God rus! Jy sien dit gaan weer oor God self en die navolging van Hom!

Dit gaan oor God!

Teen wie kerm hulle dus? Die woestyn? Eksodus 16:7-8 maak dit onomwonde duidelik:

*...en môreoggend sal julle sien hoe magtig die Here is. Hy het gehoor dat julle julle teen Hóm verset. Dat julle julle teen óns verset, is niks nie.” Verder het Moses gesê: “As die Here vanaand vir julle vleis gee en môreoggend oorgenoeg kos om te eet, sal julle besef Hy het julle verset teen Hom opgemerk. Dit was nie teen ons nie, maar teen die Here dat julle julle verset het.*

---

Ook hier is ‘n herinnering aan wat verby is en aan wat kom.

Het jy gesien hoe God vir hulle weer vir ‘n oomblik ‘n blik op Sy Eksodus krag gee in vers 10?

*Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israëliete na die woestyn se kant toe om, en toe word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk.*

---

Maar dit is natuurlik ook ‘n verwysing na wat kom. Kyk hoe eindig Eksodus (40:34):

*‘n Wolk het die tent van ontmoeting oordek, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul.*

---

Die manna is natuurlik ook ‘n voorsmaak van dit wat sou kom. Kyk mooi na Eksodus 16:31.

*Die Israeliete het die kos manna genoem. Dit was wit soos koljandersaad en het soos heuningkoek gesmaak*

---

Natuurlik! Die beloofde land sou oorloop van melk en heuning (vgl. Eks. 3:8).

In die manna is daar dus reeds 'n voorsmaak van die oorvloed en seëning van Kanaän!

Hulle ongehoorsaamheid is natuurlik iets wat ons nie moet miskyk nie. Teen die agtergrond daarvan is God se genade teenoor hulle nog meer verstommend.

Hulle gehoorsaamheid was op dieselfde vlak as die van Farao. As jy my nie glo nie kyk self na die volgende twee verse. Die eerste een is gerig aan die volk en die tweede aan Farao.

*Die Here sê toe vir Moses: "Hoe lank gaan julle nog weier om my bevele en opdragte te gehoorsaam?(Eks. 16:28).*

*en Aäron het toe na die farao toe gegaan en vir hom gesê: "So sê die Here die God van die Hebreërs: Hoe lank gaan jy nog weier om jou aan My te onderwerp?(Eks. 10:3).*

---

## **Water uit die rots (17:1-7)**

Om twee sulke geleenthede van murmurering so naby mekaar te hê wys op die absolute absurditeit van Israel se tekort aan vertroue in God. Die volk kla weer oor water...

Moses is moedeloos met die volk:

*Daarna het Moses tot die Here geroep: "Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle my met klippe dood (Eks. 17:4).*

---

Wat doen God? Hy verwerp Moses nie in woede nie, maar beveel Hom om die rots te slaan. En daar voor hulle oë sien hulle weer dat God, net soos in Egipte, mag oor die water het. Ja, die woestyn is 'n dorre gevaarlike plek maar God kan water daar bring soos Hy wil. Die feit dat God eintlik letterlik op die rots gaan staan is ook fassinerend. Ek dink wat ons moet sien is dat die water as't ware van God self uitgaan!

Dit is ook interessant dat die plek waar dit alles plaasvind naby Horeb (Sinai) is, die plek waarnatoe hulle op pad is om in 'n verbondsverhouding met die Here te gaan. Die plek waar God hulle dors gaan les met Homself!

Net 'n laaste interessantheid: Soos die manna wat hulle in 'n kruik moes hou die volk moes herinner aan God se goedheid, moes die naam van hierdie plek *Massa en Meriba* (vers 7) hulle herinner aan hulle eie tekort aan vertrou. Nie net vir hulle maar komende generasies.

## Š *Wat moet ons raaksien?*

### **Wat die volk betref:**

- **Die volk is negatief oor die woestyn a.g.v. hulle eie persepsie**

Hulle het hulle eie persepsie van die omstandighede waarin hulle was gebruik as standaard waarvolgens hulle die realiteit beoordeel het. En dit was 'n fout. Hulle persepsie was dat die woestyn sleg was en dat God hulle verlaat het – dit was 'n verkeerde afleiding!

- **Hulle was in die woestyn omdat God hulle daarin gelei het**

Ons mag dit nie vergeet nie. Hulle was nie in die woestyn omdat omstandighede of Faraó hulle daar wou gehad het nie. Nee, God het hulle daarnatoe gelei.

- **God was op pad met hulle na beloofde land, niks sou dit verhinder nie**

Dit is hierdie toekomspektief wat die volk nie gehad het nie.

- **God het hierdie land met 'n eed beloof aan Abraham, Isak en Jakob. Sy naam, Sy eer was op die spel**

Die enigste rede waarom niks sou kon verhinder dat hulle die land uiteindelik sou bereik nie, was hierin geleë – nie in hulle eie goeie optrede of gehoorsaamheid nie!

- **God was dus groter as hulle omstandighede**

Hulle moes leer dat al was hulle in die woestyn met geen water of kos nie, God is bo omstandighede, Hy is meer as hulle omstandighede. Dit was nie 'n tyd waarin God tydelike beheer verloor het oor omstandighede nie. Veral Elim het gewys dat God beheer en mag het oor die woestyn!

- **In die woestyn word hulle heelyd subtiel herinner aan die verlede en die toekoms**

Ons het gesien hoe daar as't ware eggo's is van Egipte om hulle te herinner aan wat gebeur het in die verlede. Maar daar is ook prentjies, aanduidinge van wat gaan kom by Sinai en in die beloofde land.

Dit beteken natuurlik een ding: God self was besig met hulle in die woestyn!

- **God straf nie hulle gemurmureer nie**

Hulle het gebrom en gekla. Die ongelooflike is dat God hier in Eksodus 15:22-17:7 nie hulle gemurmureer straf nie, maar *dit as 'n geleentheid gebruik om hulle te leer* oor wie Hy is en oor wat nog in hulle harte is.

- **God wou sien of hulle Hom vertrou en of hulle vergenoegd is met wat Hy gee**

Anders gestel: Hy wou sien of Hy in hulle harte is en of die begeerte na tydelike gemak en veiligheid in hulle harte was.

- **Die volk het nie raakgesien wat God hulle wou leer nie.**

Dit is die tragiese slotsom van hierdie gebeure. Die volk het nie raakgesien dat God hulle wou leer wie Hy is en wat in hulle harte is sodat hulle kon kom tot 'n beter ken van Hom nie.

### **Wat ons betref:**

- Ek en jy is in die situasie waarin ons is omrede God ons daarin gebring het.
- Jou en my gekerm en gekla is dus altyd teen God.... Ja, ons kerm en kla nie ten diepste oor ons omstandighede, vrou, kind, of werkgewer nie. Ons kla oor God.
- God is met ons op pad na die beloofde land en niks sal dit kan keer.
- Sy naam en eer is op die spel. Sy verbondsbeloftes in Jesus Christus kan nie misluk nie. Dit is die enigste grond waarop ons kan staan. Dit is ons enigste hoop op die ewigheid. God se naam en eer!
- Ons moet leer: God is meer as omstandighede, meer as ons gevoel van doodsheid en dorheid. Wat jou en my situasie ookal mag wees, God het nie tydelike beheer verloor oor omstandighede nie.
- In ons woestyn tye moet ons oë oopgaan vir God se herinnering aan wat Hy vir ons gedoen het en wat Hy sal doen. Dit doen Hy natuurlik deur Sy woord. So raak besig met die Woord.

- Raak verstom dat God nie my en jou gekerm straf nie, maar dit as ‘n geleentheid gebruik ons hulle te leer oor wie Hy is en oor wat nog in ons harte is.
- God wil sien of ons Hom vertrou en of ons vergenoegd is met wat Hy gee. Anders gestel: Hy wil sien of Hy in ons harte is en of die begeerte na tydelike voorspoed en gemak nog ons harte oorheers.
- Sien jy al raak wat God jou wil leer?

## *Š* **Waarom kan ons vergenoegd wees?**

Die verhaal van die Eksodus is natuurlik beide histories en tipies. Dit het in die geskiedenis gebeur; maar dit is deur God bedoel as ‘n les, ‘n illustrasie van die finale voorsiening wat Hy sou maak vir Sy mense deur Jesus Christus.

Dit is hoekom daar, spesifiek in Matteus se evangelie, so baie is omtrent die lewe en bediening van Jesus wat op die patroon van die Eksodus gebasseer is. Want Jesus is nou God se voorsiening vir ons. In Hom sê Paulus het God ons elke geestelike seëning gegee (Ef. 1:3). Al die skatte van wysheid en kennis is in Hom opgegaan vir Sy mense (Kol. 2:3). God het Hom vir ons almal gegee, en verseker ons so dat Hy ons alles in Christus sal gee (Rom. 8:32).

Is jy vergenoeg met hierdie voorsiening van God?

Anders gestel: Is jy vergenoeg met God se voorsiening IN DIE WOESTYN? In jou tye van finansiële swaarky, geestelike dorheid en verhoudings wat skeefloop?

Het jy al vergenoegdheid geleer met wat Hy aan jou lewe toevoeg het en met die gawes wat Hy jou gegee het, of hunker jy na dit wat Jesus die “begeerte vir ander dinge” noem? (Markus 4:19)

Dit is die saak wat jy vir jouself eens en altyd moet uitmaak.

Wat gee Hy ten diepste vir jou in die woestyn? Homself!

Jesus as God se voorsiening, is meer as wat jy kan dink. Hy het die woestyn beewing in jou plek geslaag! Hy moes as die finale Israel, vergenoegd bly met God te midde van die versoeking van die duiwel. Ons sien in Matteus 4:1 dat die Heilige Gees Jesus in die woestyn inlei met die doel om versoek te word. Israel het misluk in die woestyn. Jesus slaag. Wat gebeur op Golgota? Israel en ons mislukking word op Hom gelaai, Hy sterf onder die straf daarvoor, sodat ons Sy gehoorsaamheid, Sy getrouheid aan God kan ontvang.

En daarom is dit so kardiaal belangrik om in Jesus te bly! In Johannes 15 sê Jesus ons kan niks sonder Hom doen nie!

As ons in Jesus bly staan ons voor God as iemand wat reeds gelsaag het onder versoeking, wat God onthou het te midde van al die versoekings van die duiwel vir rykdom en eer. As ons in Hom bly ontvang ons ook die krag om in die woestyn, op pad na die beloofde land, in geestelike oorvloed te leef.

Jesus is ons brood en Jesus is ons water in die woestyn! Onthou jy wat in Johannes 6:35 staan?

***Maar Jesus sê vir hulle: “Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.***

---

In Johannes 7:37 lees ons:

*Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!"*

---

Jesus les ons dors in die woestyn. Ons moet net drink! Dit beteken niks anders as dat ons in Hom moet glo nie. Geloof is om Jesus te drink. Ons sal mos sê jy drink 'n mooi toneel in. Dit beteken jy laat toe dat daardie toneel jou as't ware oorweldig en bevredig. Dit is wat ons met Jesus moet doen.

Dink so daaraan. Ons as kinders van God leef hier en nou in die woestyn waarin God ons gebring het. En dit is 'n goeie plek. Dit is goed dat ons honger en dors kry! As ons nie honger en nie dors word nie, sal ons nooit die versadiging beleef van Jesus, die brood en water van die lewe nie. En as ons nie in die woestyn gelei word nie, sal ons nooit weet of ons na Jesus as brood en water honger en dors en of ons nog na gemaksug, geld, 'n beter man, 'n beter vrou, beter omstandighede honger en dors nie.

Moet daarom nie kla en kla en kerm oor jou omstandighede nie, gebruik dit om te leer wat is nog in jou hart is en wie God vir jou is in Jesus.

Leer om God te loof vir jou omstandighede, want jy is daarin omrede Hy jou liefhet en met jou op pad is na die uiteindelijke finale beloofde land!

# Hoofstuk 10

## Eksodus 17-18: In die woestyn (2)

---

**W**at kan en moet ek verwag van my lewe as kind van God? Daar is soveel stemme, soveel idees. Daar is die wat sê: “As jy ‘n Christen word kan jy voorspoed verwag, om die waarheid te sê jy moet voorspoed verwag, as dit sleg gaan met jou is daar dalk sonde in jou lewe.”

Dan is daar ander wat sê die Christelike lewe is ‘n lewe van *‘let go and let God.’* Jy hoef eintlik niks meer te doen as Christen nie. God het reeds alles gedoen, jy moet net rus in dit wat Hy gedoen het.

Wat behels die Christelike lewe werklik? Hoe weet ek wat is reg en verkeerd vir my as Christen? Mag ek flieks kyk of nie?, kan ek ‘n drankie neem voor ete?

Nodeloos om te sê daar heers Babelse verwarring oor die dag vir dag Christelike lewe en wat ons kan verwag en wat God van ons verwag.

Ons kan geweldig baie hieroor leer uit Eksodus en die volk se belewing. Ek dink ons kan juis daaruit leer omdat dit in fisiese, letterlike terme praat. Ek dink ons vat dit makliker as wat ons meer abstrakte geestelike waarhede vat.

Ons het nou reeds gesien dat die woestyn die plek is waar God se mense versorging en versadiging beleef.

Kom ons fokus nou bietjie op Eksodus 17:8-18:27. Ons gaan net oorsigtelik daarna kyk, maar ons gaan sien dat dit in die woestyn is waar ons ook moet veg, gedenktekens moet oprig en waar ons beleef

dat mense sien wie God is. Dit is ook in die woestyn waar ons leer wat God se wil is.

## **Š *In die woestyn moet daar geveg/doodgemaak word (Eks. 17:8-16).***

Dit is belangrik om te verstaan dat Israel hier in die woestyn is nadat die Here self vir hulle geveg het teen Farao en hulle bevry het uit slawerny. Die *Here* het vir hulle geveg teen Farao en die Egiptenare (Eksodus 15).

Hier sien ons dat Israel *self* teen die Amalekiete oorlog voer.

Die gebeure hier is uiters vreemd. Laat ek dadelik sê: Geen uitlegger deur die geskiedenis kon nog heeltemal verklaarbare antwoorde gee vir *hoekom* Moses sy hande moes ophou nie. Dit was net so. Dit is en bly 'n geheimenis en ek dink ons moet dit as geheimenis aanvaar.

Die gevaar vir ons is om parallelle in ons lewens te soek vir elke *detail* wat hier gebeur het. Ek dink dan mis ons die groter toepassing.

Daar is wel 'n paar dinge wat ons moet raaksien.

### **Moses se staf – God se krag en betrokkenheid**

Moses se staf was sonder twyfel 'n simbool van God se krag. Dit is sy staf wat in die Plae gebruik word en weer in die skeur van die Rooi See.

Dit is dan ook interessant om na vers 15 en 16 te kyk:

*Moses het 'n altaar gebou en dit genoem: "Die Here gee my die oorwinning." Verder het Moses gesê: "Dit is die gedenkteken vir die oorwinning wat die Here gee. Die Here voer oorlog teen Amalek van geslag tot geslag."*

## **Die aard van die geveg**

Die voortgaande geveg teen Amalek (17:16) moet gesien word in die lig van hulle aanvanklike vernietiging ((17:13) en die feit dat hulle uiteindelijke uitwissing nooit onseker was nie (17:16).

## **Ons geveg?**

Ons het in die vorige hoofstuk reeds gesien dat ons hierdie fisiese gebeure kan en moet toepas op ons geestelike lewe.

Ek weet jy verwag nou dat ek sal melding maak van die feit dat ons ook 'n geveg het. Ons is gewoon om so te praat. Maar wat behels dit en hoe doen ons dit? Ons almal ken ook Efesiërs 6:10 e.v. wat praat oor ons worstelstryd teen die owerhede en magte en bese geeste in die lig. In daardie gedeelte gaan dit egter baie meer oor die *staande bly* teen die bese se aanvalle. Ek dink as ons wil dink oor hoe ons geestelik gesproke die geveg moet veg en die vyand vernietig, is die gedeelte om na te kyk veel eerder Kolossense hoofstuk 3:

### ***Ons is die volk van God***

Die eerste ding wat ons moet raaksien is dat Kolossense weereens onderstreep dat ons ook God se volk is.

*Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het*  
(Kol. 3:12).

---

### ***Jesus het ons groot vyand oorwin***

Verder meer maak Kolossense daarvan melding dat ons groot vyand, soos in die geval met Israel, ook reeds oorwin is.

*Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer (Kol. 2:15).*

---

### ***Ons moet veg/doodmaak***

Kolossense gaan egter nou verder en wys dat ons nou self egter ook moet betrokke raak in hierdie geveg.

*Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is (Kol. 3:5).*

---

### ***Ons veg vanuit 'n oorwinnings posisie***

Net soos in die geval met die volk se fisiese geveg teen die Amalekiete, veg ons ook vanuit 'n oorwinnings posisie.

*Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strew na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit (Kol. 3:1).*

---

Geestelik gesproke sit ons reeds in die hemel saam met Christus en daarom moet ons op aarde alles doodmaak wat nie pas by hierdie nuwe posisie en status van ons nie.

### ***Teen wie?***

Wat is hierdie dinge waarteen ons veg en wat ons moet doodmaak?

Wel, Kolossense 3:5,8 maak dit duidelik:

*Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is.*

*Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek.*

---

Ons veg dus teen daardie dinge wat deel is van die ou sondige mens se lewensstyl. Ons veg teen alles wat nie pas by die nuwe mens wat ons in Jesus Christus is nie.

### ***Hoe moet ons veg/doodmaak?***

Dit begin met 'n denkverandering. Kies om te leef volgens die mens wat jy "in Christus" is. Dit is die wesenswaarheid omtrent jou, al beleef jy dit nog nie so in die praktyk nie.

Laat staan hierdie dinge, breek met hierdie dinge. Jy kan nie sê vir al hierdie dinge en ja sê, of kies vir dit wat vanaf vers 12-15 beskryf word:

*... Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid*

*saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.*

---

So word die “staf van Moses”, die krag en teenwoordigheid van God in ons geval, hoog gehou en ons behaal die oorwinning!

Maar let op: Hierdie geveg vind plaas *terwyl jy in die woestyn is* – *terwyl jy sukkel met jou depressie of terminale siekte of tieners ...*

**Š *In die woestyn moet daar gedenktekens opgerig word (Eks. 17:14;16)***

Ná hierdie geveg en oorwinning moes die volk iets doen om hulle daaraan te herinner: Luister:

*Daarna het die Here vir Moses gesê: “Skryf hierdie woorde op in 'n boek as 'n blywende herinnering en lees dit vir Josua voor: Ek wil (sal) die Amalekiete heeltemal van die aarde af verdelg. Verder het Moses gesê: “Dit is die gedenkteken vir die oorwinning wat die Here gee (Eks. 17:14,16).*

---

## **Ons gedenktekens?**

Hoe kan ons hierdie gedeelte toepas as Nuwe Testamentiese Christene wat hulleself in die woestyn bevind?

Eerstens dink ek daar is sekere objektiewe dinge wat vir ons gegee is as gedenktekens van ons oorwinning. Ons het die Woord, die Bybel self en

die boodskap oor die oorwinning van die kruis waarna ons weer en weer kan kyk. Daar is natuurlik ook die wonderlike tekens van die Nagmaal en die Doop wat ons ook herinner aan die groot oorwinning. Ek dink egter dat ons op 'n meer subjektiewe vlak dieselfde kan doen. Ons het almal al oorwinning in ons persoonlike geestelike stryd behaal. Skryf dit neer! Kyk daarna in moeilike tye...

## ***§ In die woestyn moet mense hoor van God se groot dae (Eks. 18:5-12)***

Ons sien dat Jetro, Moses se Midianiet skoonpa, hier na Moses kom en hier *in die woestyn* hoor hy van die groot dae van God en hier *in die woestyn* getuig hy dat die Here groter as enige God is. Hier kry ons natuurlik 'n wonderlike waarmaak van die belofte aan Abraham – 'n voorskou van die nasies wat geseën gaan word deur die volk. . Kyk weer hierna in Eksodus 18:5-8,10-11:

*Jetro, Moses se skoonpa, het met Moses se seuns en sy vrou na hom toe gegaan waar hy in die woestyn by die berg van God kamp opgeslaan het.*

*Daar het Moses vir sy skoonpa alles vertel wat die Here aan die farao en aan Egipte gedoen het ter wille van Israel, en ook van al die ontberings wat die Israeliete op pad gehad het en hoe die Here hulle bevry het*

*Toe het Jetro gesê: "Aan die Here kom die lof toe! Dit is Hy wat julle bevry het uit die mag van Egipte en die farao. Nou besef ek dat die Here groter is as enige ander god, want toe die Egiptenaars vermetel teen die volk van*

*die Here opgetree het, het Hy hulle uit Egipte se mag bevry.”*

---

## **En ons getuienis?**

Ons is geneig om te wag dat dit met ons beter gaan voordat ons praat oor God en Sy groot daade. Ons wil eers “uit die woestyn” kom voordat ons met mense praat oor wie die Here is en wat Hy gedoen het in Jesus. Nee, dit is juis daar waar ons moet praat! Terloops hier sien ons ook wat ons getuienis moet behels: Dit wat God gedoen het!

Kom ons raak besig daarmee, terwyl dit sleg gaan ...

## **Š In die woestyn moet God se wil geleer word**

Ons het nou gesien hoe Jetro, Moses se skoonpa, wat ‘n Midianiet was, na Moses gekom het in die woestyn en daar by Moses van God se groot daade gehoor het.

Maar Jetro is ook die een wat hier in die woestyn sien dat mense van die oggend tot die aand vir Moses staan en wag om hulle te raad en begeleiding te gee. Moses verduidelik aan Jetro in Eksodus 18:15 wat hy doen:

*Moses het sy skoonpa geantwoord: “Die volk kom na my toe om na die wil van God te vra. As hulle in sake betrokke raak, kom hulle na my toe. Ek lewer dan uitspraak oor die geskille tussen hulle en maak terselfdertyd God se voorskrifte en wette aan hulle bekend.”*

---

Wat belangrik is is om te verstaan is dat hierdie gebeure net voor Sinai is, net voor die Here die hele Ou Verbond, met al die bepalinge en insette aan die volk gaan bekend maak.

Jetro voel Moses handel nie reg in hierdie saak nie, aangesien dit bloot te veel werk vir hom alleen is. Hy gee dan die volgende raad vir Moses:

*Druk die volk die voorskrifte en wette op die hart, leer hulle die pad wat hulle moet loop en wat hulle moet doen. Verder moet jy onder die volk bekwame manne uitsoek, dienaars van die Here, mense wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie. Dan moet jy hulle oor die volk aanstel as leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien.*

*Hulle moet deurentyd vir die volk hofsittings hou. Die belangrike sake moet na jōu verwys word, en die geringes moet hulle oplos. Dit sal vir jou makliker wees as hulle die verantwoordelikheid saam met jou dra (Eks. 18:20-22).*

---

Wat jy moet raaksien is dat die volk hier *in die woestyn*, leiding nodig gehad het wat betref die wil van die Here. Hulle het nie geweet hoe om op te tree, wat is reg en wat is verkeerd, sonder dat Moses vir hulle daarmee gehelp het nie.

## **Ons en die wil van God?**

Ons het natuurlik steeds nodig om te weet wat reg en verkeerd is. Ons het steeds nodig om te weet wat die Here wil hê ons moet doen. Maar hoe?

Vanaf die tyd waarvan ons nou gelees het tot nou het daar natuurlik geweldig baie gebeur. Sinai en al die dramatiese gebeure waarna ons in die volgende hoofstukke gaan lees vind plaas net na hierdie gebeure. Die hele ou verbond, wat ook in die Nuwe Testament net die “wet” genoem word, word gegee. Maar baie belangrik vir ons: Hierdie wet was iets op kliptafels, dinge wat geskryf is en wat voorgehou is aan die volk om na te kom. Eksodus 19- 25 handel hieroor, en daarna gaan ons kyk.

Vir nou is dit net belangrik om te weet dat hierdie wet, wat bestaan het en die 10 gebooie en al die ander opdragte wat verduidelik het hoe hierdie 10 gebooie in die praktyk uitgewerk moet word, hierdie dinge wat as’t ware vir hierdie mense net dinge wat *van buite* vir hulle geleer is en gegee is. Soos hier in die hoofstuk 18 ook die geval was nog voor Sinai.

Jesus se koms en Sy volkome werk aan die kruis sowel as die uitstorting van die Heilige Gees het ‘n geweldige verandering gebring aan die manier hoe die wil van die Here verstaan word en geleer word.

Jeremia 31 kyk vooruit na hierdie tyd en sê die volgende:

*Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.*

*‘n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: “Jy moet die Here dien” nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie (Jer 31:33-34).*

Hierdie wet, hierdie wil van die Here wat in ons binneste is, stem natuurlik ooreen met dit wat in embrio vorm in Eksodus 18 teenwoordig was en wat later op Sinai gegee is, maar dit behels baie meer en gaan baie dieper.

Dit is nou die nuwe Moses, Jesus self wat in ons binneste woon, as die Gees van God. Hy is die ander Trooster waarvan Jesus praat in Johannes 14:16-20:

*Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Luister na Joh 14:20 Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle.*

---

En dit is natuurlik waarvan Galasiërs 5 vanaf vers 18 tot 26 praat praat:

*Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.*

---

Kyk miskien ook net na 1 Johannes 2:27:

*Wat julle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie. Sy Gees leer julle alles, en wat Hy julle leer, is die waarheid en geen leuen nie. Ja, soos Hy julle geleer het, moet julle in die Seun bly.*

---

Wat ons natuurlik altyd moet besef is dat hierdie innerlike wet nie 'n streep trek deur die 10 gebooie nie, maar baie meer, baie dieper en baie verder gaan, omdat ons nou die Gees het wat ons in staat stel om lief te hê soos Jesus. Hieroor meer in die volgende hoofstukke.

Die belangrike waarheid wat ons egter nou moet onthou is dít: Die Heilige Gees (nie Moses of enige iemand anders) leer ons en lei ons in die wil van God.

Maar Hy doen dit nie as alles voor die wind gaan met ons nie, maar as ons in hierdie wêreld, in hierdie woestyn is. Dáár is die Gees van God werksaam in ons, soos Hy in Jesus gewerk het terwyl Hy hier op aarde in die woestyn was, versoek en verwerp is en gely het om ons na God te bring.

## **In 'n neutedop**

Wat behels die Christelike lewe?

Die Christelike lewe vind plaas in die woestyn!

Dit is in die woestyn dat:

- Ons gevoed en versorg word.
- Ons veg.
- Ons gedenktekens oprig en gebruik.
- Ons die groot dade van God aan alle mense bekend maak.
- Ons leer wat die wil van God is.

# Hoofstuk 11

## Eksodus 19: Die God van Sinai en jou aanbidding

---

**E**k lees dat die pop megaster *Lady Gaga*, een van haar toere beskryf het as ‘n “*religious experience*” vir haar aanhangers. Watter soort godsdienstige ervaring gee sy vir haar aanhangers? Hier is haar eie woorde:

*Its more self-worship I think, not of me. I'm teaching people to worship themselves*

---

Nog ‘n ander ster *Kanye West* stel dit prontuit dat hy ‘n god is. Hy verduidelik dat hy nie God met hoofletter is nie, maar tog ‘n god.

Jy sien dit is wat verkoop word vandag. En dit is die boodskap wat entoesiasies omhels word deur die huidige generasie - *ons is almal gode*. Ons is almal waardig om aanbid te word. Ons is almal waardig om eer en lof en bewondering te ontvang. Ons is die sentrum van ons eie persoonlike heelal. Ons skep realiteit. Jy is ‘n god, ek is ‘n god. Ons is almal gode. Ons is ons eie hoof realiteit.

Ons moet ons eie harte volg, ons eie avontuur kies en ons eie roeping vind.

Dit is in *hierdie* kultuur dat ek en jy geroep word om God te aanbid deur ons hele lewe.

Wat is aanbidding? Die Engelse woord “*worship*” is afgelei van die ou Engelse woord “*worthship*” Dit help ons in die betekenis.

*Aanbidding(worship) is dus die erkenning van die unieke waarde van ‘n voorwerp en die bewys van eer en respek daaraan. Alle Bybelse woorde wat hiermee verband hou soos: Eer, verheerlik, lofprys en dien is maar net sinonieme vir die term “aanbidding.”*

Maar ons sal nie in staat wees om aan die huidige suigkrag van self-aanbidding te ontsnap, wat nog te sê om dit te beïnvloed en te verander, as ons nie die unieke waarde, krag skoonheid en ontsagwekkende mag en krag van die Here besef, dit as’t ware voel nie. Daarmee saam moet ons verstaan watter vervulling, sin en betekenis daarin geleë is om God te aanbid.

Ek is oortuig dat Eksodus 19 van uiterste belang vir ons is as ons God wil aanbid, vervulling wil beleef en die wêreld wil verander.

## ***Š Die doel van Israel se verlossing: Aanbidding***

As ons by Eksodus 19 kom het Moses as’t ware die sirkel van Sy ontmoeting met God voltooi.

Onthou jy wat God aan Moses gesê het tydens die ontmoeting by die brandende bos?

*God het Moses geantwoord: “Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dit wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid (Eks. 3:12).*

---

Moses is nou terug by dieselfde berg, saam met die verlore Israel. En Moses is die een deur wie God met die mense gaan praat, gaan sê wie Hy is. Moses gaan die middelaar tussen God en die volk wees.

Die verlose Israel gaan vir ongeveer een jaar hier bly en die skrywer gaan 59 hoofstukke gebruik om dit te beskryf. Hulle vertrek eers hiervandaan in Numeri 10:11.

## **Š Die God wat aanbid moet word: Onsagwekkend gevaarlik**

Wat ons moet raaksien en wat die skrywer wil hê ons moet raaksien is *wie* hierdie God is wat aanbid moes word. En dit is uiters belangrik vir ons.

Hoor ons nog wat hier staan?

*(Eks 19.:11) Hulle moet oormôre gereed wees, want dan sal Ek, die Here, na Sinaïberg toe afkom, voor die oë van die hele volk. (Eks. 19:12) Jy moet rondom die berg vir die volk 'n grens vasstel en vir hulle sê: Julle moet oppas om nie op die berg te klim of selfs aan sy helling te raak nie. Elkeen wat aan die berg raak, moet beslis doodgemaak word (Eks. 19:13) Julle mag so iemand nie met die hand aanraak nie; hy moet beslis met klippe doodgegooi of met 'n pyl doodgeskiet word. Dit maak nie saak of dit 'n mens of 'n dier is nie; hy mag nie bly lewe nie. Eers wanneer die ramshoring blaas, mag hulle die berg uitklim. Met dagbreek die derde dag was daar donderslae, weerligte en 'n donker wolk op die berg. Daar was ook die sterk, helder klank van 'n ramshoring. Die hele volk in die kamp het gebewe. (Eks. 19:18) Die hele Sinaïberg het begin rook toe die Here in vuur daarheen afkom; die rook het opgetrek soos die rook van*

*'n oond. Die hele berg het ook geweldig geskud, (Eks. 19:19) en die geluid van die ramshoring het al hoe harder en harder geword. Moses het gepraat, en God het hom in die donderslae geantwoord. (Eks. 19:21) en die Here het vir hom gesê: “Gaan af, waarsku die volk dat hulle nie deurbreek na My, die Here, toe om na My te kyk nie, want dan sal baie van hulle sterf. (Eks. 19:22) Selfs die priesters wat gewoonlik in my teenwoordigheid kom, moet op 'n afstand bly of anders sal Ek hulle laat sterf.” (Eks. 19:24) Toe het die Here vir hom gesê: “Gaan nou af en kom dan saam met Aäron terug. Die priesters en die volk mag nie deurbreek en opklim na My, die Here, toe nie, want dan sal Ek hulle laat sterf.”*

---

Moses het hierdie God in ‘n brandende bos ontmoet, nou brand die hele berg!

Ons moet raaksien wie die God is wat Israel moes aanbid en met wie ons nog steeds te doen het.

Hy is nie mak nie.

Hy is nie ‘n goehartige ou omie iewers daar bo wat net mooi en sag is met almal nie. Hy is gevaarlik.

Hy laat mense sterf. Hy het die reg en mag om dit te doen.

**In vers 5 sê God: “Die hele aarde behoort aan My.” Dit behoort nie aan Israel of enige ander volk of mens nie.**

**En omdat God só is, moes die volk so geweldig voorberei. In vers 11 en vers 17 sien ons dat hierdie God op die berg teenwoordig sou wees.**

Daarom al die voorbereiding waarvan ons lees. Die was van klere was waarskynlik analoog tot Moses se uittrek van sy skoene in Eksodus 3:5.

Hulle is in God se heilige teenwoordigheid!

Al verstaan ons nie presies al die redes vir hierdie spesifieke voorbereiding van die was van klere en dan ook die seksuele onthouding wat Moses later byvoeg nie, is hierdie een ding duidelik: Die Israeliete kon nie bloot kom soos wat hulle was nie.

Hulle was op die punt om iets te doen wat geen ander nasie nog ooit gedoen het nie – hulle sou hulle hemelse Koning ontmoet en na Sy stem luister! Twee dae se voorbereiding is nie veel as dít in ag geneem word nie!

Die God wat hulle moes aanbid is ontsagwekkend en gevaarlik.

## ***Š Die God wat aanbid moet word: Onbeskryflik ontfermend***

Maar terselfdertyd is hierdie God ‘n ongelooflik ontfermende, medelydende, verlossende God. En dit is die unieke van God. Dit is wat Hom aanbiddenswaardig maak. Dit is wat Hom opwindend anders maak.

Ons sien dit in hierdie gedeelte baie duidelik:

*Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke gedra en julle na My toe gebring het*

---

God gebruik die beeld van ‘n arend as Hy hulle herinner aan wat Hy gedoen het. In hierdie beeld kom die twee kante van God se karakter en wese pragtig bymekaar.

Arende is dodelik effektiewe roofdiere. En God het as dodelike arend op Israel se vyande, Egipte toegesak met vernietigende gevolge – om Israel te bevry.

Hy sê egter dat Hy hulle uit Egipte gebring het soos 'n arend haar kleintjies wat moeg is op Sy vlerke dra.

Israel se vorming as God se volk is absoluut totaal afhanklik van God se *genadige* handeling teenoor hulle.

Die diep verhoudings aard van God se reddende aktiwiteit word pragtig vasgevang in die frase; “Ek het julle na na My toe gebring.” Na *Myself gebring*. Jy sien hulle is nie net bo- natuurlik verlos en gelos nie.

God bring hulle na Homself soos 'n arend haar kleintjies na haar nes bring en as't ware op hulle gaan sit!

God se bedoeling was om 'n volk te hê met wie Hy in 'n verhouding sou staan. En dit is binne hierdie verhouding dat Hy vir hulle die hele verbond, met al die voorskrifte gee wat tot hulle beswil en grootste vreugde sou lei indien hulle dit sou gehoorsaam.

## **Š *Aanbidding: Onlosmaaklik gebind aan gehoorsaamheid***

Die herinnering aan wat God vir hulle gedoen het moes Israel motiveer om Hom te gehoorsaam. Anders gestel; hulle aanbidding van God is onlosmaaklik verbind aan gehoorsaamheid – gehoorsaamheid aan die God wat hulle soos 'n arend op Sy vlerke dra.

*As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne (Eks. 19:5).*

---

Ons moet nie hierdie vers verkeerd verstaan nie. Israel sou nie God se eiendom word deur hulle nakoming van die verbond, dit wil sê as hulle alles wat God nou vir hulle gaan sê, sou gehoorsaam en daarvolgens sou lewe nie.

Nee, hulle is reeds Sy volk. Hy het hulle verlos. Dit het nie gebeur omdat hulle dit werd was of enigsins iets gedoen het om dit te verdien nie. Hulle was reeds verlos.

So hulle verdien nie hulle verlossing nie, maar nou dat hulle verlos is kan en mag hulle nie anders as om op 'n manier te leef *wat pas* by daardie verlossing nie. En daardie manier van leef is die hou van die verbond, wat beteken die luister na, en gehoorsaamheid aan, alles wat God nou gaan afkondig van die berg. Maar dit behoort geen las te wees in die lig van wat God vir hulle gedoen het nie!

Ons kry natuurlik dieselfde gedagte in die Nuwe Testament:

*Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is (Ef. 4:1).*

---

## **Š Die gevolge van aanbidding**

Wat sou gebeur as hulle dit sou doen, só sou leef onder God se heerskappy? Wat ons hier gaan sien is belangrik. Ons gaan ook sien dat God se hart vir die nasies nog nie verander het nie.

Eksodus 19:5-6 is vol wonderlike waarhede:

*As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde (heilige) nasie. Die*

*hele aarde behoort immers aan My.' Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel.*

---

## **My eiendom**

God het Israel geroep vir 'n sekere doel. Uit al die nasies is hulle gekies as God se eie kosbare besitting.

Maar, soos ons gesien het uit Abraham se verkiesing, het hierdie verkiesing nie net ten doel om hulle in hierdie bevoorregte posisie te bring nie. Die nasies se heil is God se uiteindelijke doelwit.

Terloops, in die Hebreeus het ons 'n verdere aanduiding van die feit dat die belofte aan Abraham hier in gedagte geroep word. Die Hebreeuse woord vir nasie is die woord *goy* en gewoonlik word dit vir nasies anders as Israel gebruik, maar in Genesis 12: 2, wanneer God aan Abraham noem dat Hy hom 'n groot nasie gaan maak, word *hierdie* woord vir nasie gebruik. So die skrywer wil hê hulle en ons moet daaraan dink.

As *hulle* onder Sy heerskappy leef, sal hulle 'n koninklike priesterdom wees en 'n heilige nasie.

Beeldraers onder die nasies!

## **Gewy, /heilig**

Heiligheid is natuurlik een van die belangrikste eienskappe van God in die Bybel. Dit sê aan ons dat God spesiaal is, anders is as alles wat Hy geskep het, en vol goedheid. Hy is *heel* in die volste sin van die woord. Israel word nou deur God gekies om heilig te wees, anders as al die nasies, om God se eie spesiale mense te wees. Hulle moet heel mense wees in 'n stukkende wêreld.

## **Koninklike priesterdom**

Die Israeliete sal egter net anders wees as hulle op 'n manier leef wat pas by hierdie aspek van God se eie karakter. As Israel dit doen sal hulle spesiale rol, om 'n koninklike priesterdom te wees onder die nasies, vervul word.

Die rol van priesters is om middelaars tussen God en mense te wees. Israel is daarom geroep om op internasionale skaal, die middelaar te wees tussen God en al die nasies.

Israel moes 'n vertoonvenster wees, van hoe dit lyk as God 'n volk wat met Hom in 'n verbond staan, verander.

As die Israeliete God gehoorsaam, sal hulle demonstreer hoe lewe onder God, op God se plek, lyk.

Die nasies sal 'n kykie kry van God se plan met alle volke. Die geheel van Israel se beleving, ingeslote familie lewe, wet, politiek, ekonomie, en ontspanning, sal God se karakter reflekteer en God se oorspronklike bedoeling vir menslike lewe uitbeeld. Israel se lewe onder God moes getuig van die lewende teenwoordigheid van God onder Sy mense.

Dit moes so 'n vol en ryk menslik lewe wees dat die nasies van die aarde daardeur aangetrek sal word.

En op die manier sou Israel die Abrahamitiese verbond om al die nasies te seën, vervul.

Anders gestel, 'n lewe van aanbidding, wat 'n ander manier is om te praat van getrouheid tot die roeping om 'n heilige nasie en 'n koninklike priesterdom te wees, sou die manier wees waarop Israel sou voortgaan om Abraham se rol uit te oefen in die wêreld.

Aanbidding sou dus lei tot 'n lewe van absolute sin en vervulling in die wêreld.

## Š *En ons?*

Aanbid jy God op só manier dat die wêreld, die nie-Christen kultuur rondom jou, geraak word? Word hulle aangetrek deur die totale andersheid, maar meer nog, die heelheid en vreugde van wat hulle sien in jou aanbidding van die ontsagwekkende, gevaarlike, maar absoluut ontfermende God?

Beleef jy die absolute sinvolheid en vervulling van so 'n lewe?

Dalk is jy op die oomblik terneergedruk, uitsigloos. Hier is die geneesmiddel: Begin God aanbid. Begin om Hom in die lig van Sy ontsagwekkende waarde, te eer te prys en te loof Hom. Doen dit met jou lippe, jou denke en jou dae.

Soek jy werklike opwinding, adrenalien wat pomp deur jou are – raak besig met hierdie God. Leer Hom ken en aanbid en beleef wat dit is om as Sy priester gebruik te word.

Maar kan ons Eksodus 19 gebruik as aansporing en maatstaf hiervoor? Ons hoef God tog nie te vrees soos Israel by die berg nie? Dalk wonder jy hieroor.

Wel kom ons dink hieroor.

Ons moet eerstens verstaan dat Jesus Eksodus 19:5 kom leef het. Jesus is die vervulling is van God se bedoeling met Israel. Israel word God se seun genoem in Eksodus 4:22-23. Jesus is natuurlik God se seun in die volste sin van die woord. Maar Jesus is ook God se kosbare besitting, Sy koninklike priester en Sy heilige nasie. Hy is die Een deur wie die

nasies uiteindelik geseën word. Hy is die uiteindelige lig vir die nasies. Israel het uiteindelik misluk om hierdie lig te wees.

In Jesaja lees ons van die geheimsinnige kneg/dienaar van die Here. Uiteindelik word dit uit Jesaja 53 duidelik dat dit Jesus is. Luister wat word van Hom gesê in Jesaja 49:3:

*Hy het vir my gesê: Jy is my dienaar, jy is Israel, deur jou maak Ek my mag bekend.*

---

Maar nou is ons as kerk, en daarom elke plaaslike gemeente wat 'n sigbare gestalte van die kerk is, die liggaam van Christus. Ons is Jesus op aarde. Ons neem nou die rol oor van God se volk as liggaam van Jesus, die Een waarvan Jesaja 49:3 praat. Daarom kan 1 Petrus 2:9 die volgende sê:

*Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.*

---

Daar is dus 'n geweldige ooreenkoms tussen ons en Israel. Ons as gemeente is geroep om tussen God en die wêreld te staan. Deur ons gehoorsaamheid aan God se openbaring, soos dit finaal in Jesus gekom het, moet ons die skoonheid en heerlikheid van God wys.

Maar daar is ook 'n verskil. 'n Verskil wat reg verstaan moet word.

Kom ons kyk na Hebreërs 12 vanaf vers 18 tot 24.

*Julle het immers nie gekom by 'n tasbare berg met brandende vuur, donderwolke, duisternis, stormwind, trompetgeskal en geklank van woorde nie. Hulle wat dit gehoor het, het gesmeek dat geen woord meer tot hulle gerig moes word nie. Die bevel dat selfs 'n dier wat aan die berg raak, met klippe doodgegooi moet word, was vir hulle ondraaglik. So angswekkend was die verskynsel dat Moses uitgeroep het: "Ek sidder van angs!" Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms, die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is. Julle het gekom by God wat Regter oor almal is, en by die geeste van dié wat vrygespreek en wat nou volmaak is, by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel.*

---

Wat is die verskil tussen my en jou en die Israeliete? Die werk van Christus! Jy sien soos Moses die volk voorberei het om God te ontmoet deur hulle hulself te laat reinig in Eksodus 19, word ons gereinig en voorberei deurdat ons in verhouding staan met die opgestane Jesus.

Die verskil is dat ons voorbereiding ons ten volle gereed maak vir die ontmoeting met God, ons sterf nie as ons in die teenwoordigheid van God kom nie. Die voorbereiding van die Israeliete kon dit nie verseker nie.

Beteken dit dat ons nou ligtelik kan wees in ons benadering, ons omgaan met God? Inteendeel. Die verskil is wel dat ons nou met 'n groter mate van vreugde, dankbaarheid en vertrouwe tot God kan nader elke dag – verseker.

Maar nie met minder heilige ontsag nie! Die hele gedagte in verse 18 - 24 is dat ons by iets méér gekom het! Sien jy dit? Julle het nie ... MAAR julle het ..!

En *daarom*, kyk net na die volgende vers in dieselfde Hebreërs 12 vanaf vers 25 tot 29!

*Pas op, moet Hom wat met julle praat, nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys het toe Hy sy Goddelike woord op aarde laat hoor het, het nie ontkom nie. Hoeveel minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die hemel af met ons praat nie? Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil, want ons God is 'n verterende vuur.*

---

Jy sien ons beter posisie moet ons juis tot groter ontsag vir God beweeg. Hy is nie minder gevaarlik nie. Om hierdie groter en heerliker posisie wat ons nou het te vertrap is daarom dodelik gevaarlik! Hierdie wete maak die aanbidding van God egter ook vol hoendervleis opwinding!

Ons het begin deur te verwys na die self-aanbidding van ons tyd. Dit is 'n aaklige, onbevredigende lewens- vernietigende leuen.

God het nooit bedoel om ons die middelpunt van alles te maak nie. Om die waarheid te sê God het ons so geskep dat ons nooit onself tevrede kan stel nie. Intendeel, as ons onself in die middelpunt plaas val alles aan skerwe, en dit is uiters gevaarlik.

God alleen het by wyse van spreke genoeg gravitasie krag om ons in die regte wentelbaan te hou. Onwankelbaar.

Aanbid God in Jesus Christus, en jy sal beleef dit wat CS Lewis so mooi uitbring in *The Lion, The Witch and the Wardrobe*.

Vier kinders word op magiese wyse getranspoteer na die land Narnia, waar Aslan - 'n Christus-figuur regeer. In hierdie gedeelte waaruit ek gaan aanhaal het meneer en mevrou Beaver so pas die kinders vertel dat hulle Aslan moet ontmoet. Meneer Beaver verduidelik:

*Aslan is a lion—the Lion, the great Lion.”*

*“Ooh!” said Susan, “I’d thought he was a man. Is he—quite safe? I shall feel rather nervous about meeting a lion.”*

*“That you will, dearie, and no mistake,” said Mrs. Beaver, “if there’s anyone who can appear before Aslan without their knees knocking, they’re either braver than most or else just silly.”*

*“Then he isn’t safe?” said Lucy.*

*“Safe?” said Mr. Beaver. “Don’t you hear what Mrs. Beaver tells you? Who said anything about safe? ‘Course he isn’t safe. But he’s good. He’s the King, I tell you.”*

---

# Hoofstuk 12

## Eksodus 20-23: God stel belang in al jou begeertes en optrede

---

**O**ns ken almal die uitdrukking: “Jy moet die Here as jou *persoonlike* Saligmaker en Verlosser aanneem.”

Hierdie stelling is sekerlik goed bedoel en ja, ons word nie outomatiese gered nie, ons moet elkeen persoonlik tot geloof kom.

Die gevaar bestaan egter dat baie van ons geneig is om oor ons *hele* Christelike lewe as iets *bloot persoonlik* te dink.

Ons is geneig om te dink die Here is gelukkig met my lewe as ek net genoeg tyd aan *persoonlike Bybel lees en gebed* spandeer. Die somtotaal van sommige Christene se Christelike lewe is beperk tot wat ons ‘stiltetyd’ noem.

Ons voel goed as ons ons persoonlike stiltetyd gedoen het en ons is oortuig God voel goed daaroor en goed oor my as ek dit gedoen het. Ander Christene kry hierdie goeie gevoel oor hulle geestelike lewe as hulle geestelike musiek luister of Christelike DVD’s kyk.

Wanneer dieselfde persone egter die voorkeur by wyse van spreke agter hulle toetrek, leef hulle geheel en al soos hulle wil. Hulle praat, redeneer en doen besigheid soos hulle wil.

“Ek het my goeie tyd met die Here gehad. Nou volg ek my begeertes. Ek dink en tree op net soos almal rondom my.”

Jy moet my nie wat hierdie saak betref verkeerd verstaan nie. Persoonlike tyd met die Here is geweldig belangrik.

Die groot vraag is egter of hierdie persoonlike verhouding sigbaar is na buite. Raak dit my optrede teenoor my ouers? Raak dit my optrede teenoor mede gemeentelede? Raak dit my manier van werk en die hoeveelheid tyd wat ek daaraan spandeer al dan nie? Het dit 'n invloed op my geldbesteding en besittings, ja selfs hoe ek met diere werk? Kom ons stel dit anders: "Wat behels die lewe wat God van my verlang?"

Ek is oortuig ons kan geweldig baie leer omtrent die antwoord op hierdie vrae uit Eksodus 20 tot 23.

## Š *Wat vind ons in Eksodus 20-23?*

Kom ons kyk net eers as't ware op die oppervlak na wat ons hier vind.

In Eksodus 20:1-17 kry ons wat ons gewoonlik die 10 gebooie noem. Meer letterlik die 10 *woorde* (OAV) van God.

In verse 18-21 sien ons weer iets van die gewigtigheid die ontsagwekkendheid van die God wat met hulle praat, wat ons so duidelik gesien het in hoofstuk 19.

*En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons. Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie*

*sondig nie. So het die volk dan op 'n afstand bly staan.  
Maar Moses het nader gegaan na die wolke donkerheid  
waar God was.*

---

In vers 22 praat die Here weer met Moses en herhaal in vers 23 die eerste gebod, of woord, en in vers 24 tot 26 maak die Here dit duidelik hoe die altaar moet lyk waarop hulle moes offer.

Breedweg kan ons egter sê ons kry in Eksodus 20 die *Tien Gebooië/Woorde*.

Daar is *duidelik* 'n *verskil* tussen wat ons in hoofstuk 20 kry en wat ons in hoofstuk 21-23 kry.

Eerstens kan dit in die *naam* gesien word, aangesien die Tien Gebooië letterlik as al die “*woorde*” gestel word (1953 vertaling), terwyl hoofstuk 21:1 in die oorspronklike taal só lees:

Dit is die bepalings/verordeninge wat jy die Israeliete moet *meedeel*.

---

Ons sien dus dat die sosiale, ekonomiese en landbou-bevele van hoofstuk 21 tot 23, onderskei word van wat ons in hoofstuk 20 vind.

Die implikasies van dit wat bevat word in hierdie twee verskillende terme word gesien in die *twee tipes van wet* wat dit bevat. In die geval van die Tien Gebooië is daar,

- geen vaste sosiale konteks waarin dit toegepas moet word nie.
- geen strawwe wat gesuggereer word nie en geen boetes wat afgedwing word nie.

Aan die ander kant bevat die wette in Eksodus 21 tot 23;

- duidelike boetes en strawwe vir oortreders.

- wette wat kontekstueel gekleur is om die behoeftes van 'n opkomende gemeenskap te pas.

Dit lyk dus of Eksodus 21 tot 23 'n *kontekstuele uitleg* is, gebaseer op die algemene sosiale gebooie van die Tien Gebooie. Verdere wette wat ons daar vind herhaal en is 'n uitbreiding van die Tien Gebooie.

So byvoorbeeld word die 6de gebod in Eksodus 21:12-21 uitgebrei en strawwe word voorgeskryf. Dit is egter nie altyd so duidelik by al die verordeninge watter gebod ter sprake is nie.

Wat wel duidelik is, is dat dit handel oor oor 'n verskeidenheid van onderwerpe soos aanbidding, slawerny, ontvoering, aanvalle, seksuele oortredings, ekonomiese aktiwiteite, godsdienstige feeste en selfs die versorging van diere.

Jy sal saamstem dat dit *lyk* asof die Tien Gebooie 'n soort opsomming is van die hele *wet*. En juis daarom dink baie mense hierdie Tien Gebooie is nog *net so* van toepassing en die res het verval. Wel, ons gaan terugkom hierna.

Kom ons maak net eers ons oppervlak waarneming van hoofstukke 20 tot 23 klaar.

In hoofstuk 23 kry ons God se belofte dat Hy sy Engel voor hulle sal uitsstuur om hulle te beglei totdat hulle in die land kom.

*Ek, die Here, stuur 'n engel voor jou uit om jou op die pad te beskerm en jou na die plek toe te bring wat Ek vir jou reg gemaak het (Eks. 23:20).*

---

## Š Die plasing: Vir Israel, ná die verlossing uit Egipte

Is die sogenaamde Tien Gebooie nog net so van toepassing op ons al dan nie?

Dit is baie belangrik om net eerlik te kyk na die teks en eerstens te vra: “Vir wie is hierdie woorde en verordeninge gegee, en wanneer?”

*Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het (Eks. 20:1-2).*

---

Met wie praat Hy? Met die **volk Israel!** Dit is ook belangrik om te sien dat Hy met hulle praat, *nadat* Hy hulle uit Egipte bevry het. Terloops, hierdie wette is dus nooit gegee sodat Israel dit kon onderhou en bevry word nie, nee dit is vir Israel gegee nadat hulle bevry is.

Die eerste ding wat ons egter nou moet sien is dat hierdie woorde en verordening van hoofstuk 20-23 vir die *Israeliete* gegee is na hulle bevryding uit Egipte. Dit is nie bloot kontekslose algemene uitsprake, vir almal van alle tye nie.

## Š Die wese: Een Verbond

Dit is ook baie belangrik om te verstaan *wat* al hierdie gebooie, woorde en verordeninge ten diepste is. Kyk net weer na Eksodus 19:5:

*As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.*

---

Ná hierdie opmerking oor die verbond volg al die woorde en verordeninge in hoofstuk 20-23. Nadat dit alles gegee is, lees ons dan in hoofstuk 24 vers 8:

*Moses het toe die bloed gevat en op die volk gesprinkel terwyl hy sê: "Dit is die bloed van die verbond wat die Here op grond van al hierdie gebooie met julle gesluit het*

---

Wat ons dus hier sien is dat al die woorde en verordeninge wat ons nou in hoofstuk 20-23 kry is niks anders as **die inhoud van die verbond** wat God met Israel gesluit het by die berg nie. Hierdie verbond wat uiteindelik, soos alle verbonde, met bloed bevestig is in hoofstuk 24. Israel moes hierdie verbond hou, nie sodat hulle God se eiendom kon **word** nie, hulle was dit reeds, maar dit was die manier waarop hulle Sy eiendom sou **wees**, dit is hoe hulle heilig, anders, heel sou wees en en as priesters tussen God en die nasies sou staan.

Alles wat ons in hoofstuk 20 tot 23 kry is deel van hierdie **een verbond**. Dit is die verbondskode, die inhoud van die verbond. Die volk kon nie individuele woorde en verordeninge vat of los soos hulle goedgevind het nie - die woorde *en* die verordeninge was *saam* deel van die verbondskode!

Hierdie verbond is of nog in geheel net so op ons van toepassing, of niks is van toepassing nie. Ons kan nie sê die een, hoofstuk 20, se Tien Gebooie is nog net so van toepassing en die ander nie. Die onderskeid tussen wette wat moreel, seremonieel of burgerlik sal wees moet ook liewer nie gemaak word nie. Nêrens word dit in Eksodus of die res van die Ou Testament só van mekaar onderskei nie. Terloops dit is interessant dat wanneer Jesus die hele wet opsom dan haal hy aan uit Levitikus 19:8:

*Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.*

---

Hierdie aanhaling kom nie uit die Tien Gebooie nie maar lê tussen al die ander bepalinge wat ons ook in Eksodus 21-23 kry! Blaai gou na Levitikus 19:8 en lees die wette wat voor en na daardie vers voorkom!

Jy sien dit wat ons as moreel sou beskou lê tussen wette wat ons as nie-moreel sou beskou, sonder enige aanduiding dat die skrywer 'n onderskeid maak.

Van verdere deurslaggewende belang in die bepaling van die geldigheid van die onderskeid tussen moreel, seremonieel en burgerlik, is die hele kwessie dat die wetlike materiaal van die Ou Testament nooit in isolasie voorkom nie. Trouens, die hele wet van Moses is ingebed in Israel se teologiese *geskiedenis*. Dit is 'n integrale deel van die *storie* wat vanaf Genesis 12 tot en met 2 Konings 25 loop. Die wet van Moses word nooit op sigself as 'n losstaande, tydlose, universele kode voorgedra wat vir gedrag voorgeskryf word nie. Veel meer word dit voorgedra as deel van die teologiese verhaal wat beskryf hoe God Israel uit Egipte verlos en dan in die beloofde land as sy Volk vestig.

Die Nuwe Testament verwys dan ook na hierdie hele ou verbond, die verbond met Moses en die volk, as die wet.

Luister na Galasiërs 3:17:

*Hiermee wil ek dit sê: God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit tóé al geldig gemaak. Die wet, wat eers vier honderd en dertig jaar later gekom het, kan nie*

*hierdie verbond ongeldig maak, sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie*

---

Paulus verwys dus duidelik na die hele sisteem of dan verbond wat 430 jaar na die verbond met Abraham gekom het as “die wet.”

In die evangelies word deurgaans na die wet as ’n eenheid in die enkelvoud, *nomos*, verwys. Van Paulus se 119 gebruike van *nomos* word nie een in die meervoud gevind nie. Daar kan dus met ’n redelike mate van sekerheid tot die gevolgtrekking gekom word dat die onderskeid tussen morele, seremoniële en burgerlike wette op arbitrêre eksegese berus en nie gehandhaaf kan word wanneer daar erns gemaak word met die teks as ’n geheel nie.

Ons kan dus seker wees dat alles wat ons in Eksodus 20 tot 23 kry ‘n geheel vorm en óf as ‘n geheel net so van toepassing is op ons, of nie.

Voordat ons gaan kyk wat ons riglyn vir ons etiese lewe in die lig hiervan dan moet wees, kom ons kyk eers ook na die doel en die rede waarvoor die Tien Gebooie gegee is en per implikasie die hele verbond.

## **Š Die doel en rede vir die Tien Gebooie?**

Israel moes ‘n gemeenskap wees waarin die Goddelike *shalom*, of dan vrede en harmonie, die lewe binne die familie en onder bure moes karakteriseer. Op hierdie wyse sou hulle die doel van die verbond met Abraham kon uitleef. ‘n Seën vir die nasies. As gemeenskap moes hulle God weerspieël!

Vir dit om te kon gebeur moes die individue in Israel saam leef, saam bestaan in ‘n gemeenskap.

Individue met begeertes! Elke persoon se begeerte bestaan natuurlik op ‘n spektrum vanaf onskuldige behoefte wat elke geskape skepsel het, tot oordadige valse, verbeelde behoeftes wat tot vreeslike uiterstes kan lei.

Sosiale harmonie kan net bestaan as daar bevestiging en hulp is vir die regte begeertes, en die slegte, verkeerde begeertes teengewerk word.

Dit is waarvoor die Tien Gebooie gegee is.

Die eerste 4 openbaar God as die regte, enigste voorwerp van aanbidding:

*Jy mag naas My geen ander gode hê nie. Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.*

---

Hy en Hy alleen is aanbiddenswaardig. Hy is angswekkend gevaarlik en ontsaglik ontfermend (hfst. 19) – Hy is die Koning, die Skepper!

Ons leer iets omtrent menslike begeerte as ons sien dat 3 van hierdie 4 gebooue die praktyke waardeur, of maniere waarop hulle aanbid, lei of beheer.

Dit lyk asof begeertes nie net gekanaliseer moet word na die aanbidding van God alleen nie, maar ook doelbewus weggelei moet word van die aanhang van valse voorwerpe van aanbidding of dit nou gesnede beelde is of die naam van God wat vir verkeerde doelwitte gebruik word.

Dit moet ook weggelei word ‘van ‘n soort van gepreokkupeerde obsessie met werk wat geen ruimte laat vir die uitdruk van gevoel vir God nie.

Maar ons sien dat *na* die regte aanbidding van God aandag gekry het, skuif die aandag na 5 ander praktyke. Die praktyk van die eer van ouers plaas ouers onder God as nog ‘n regte fokus vir jou gevoelens/begeertes, en die ander 4 wat hierop volg stuur weg van 4 gebiede waarop die loslating van slegte begeertes ‘n gemeenskap totaal sal laat opbreek.

- Jy mag nie moord pleeg nie.
- Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
- Jy mag nie steel nie.
- Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.

Ek weet jy het waarskynlik nog nooit oor die 10 gebooue gedink as ‘n strategie om begeerte in plek te sit nie!

Die 10de gebod is egter die sleutel. Jy sien dit *lyk* asof die ander gebooie te doen het met *uiterlike* gedrag. Dit sou egter 'n fout wees om so te dink. Nee, dit is 8 vorme van gedrag wat baie maklik skeef getrek word deur dieselfde innerlike begeertes as wat ons honger wees en dors wees dryf.

Wat hierdie 10 de gebod/woord openbaar is dit wat maar altyd onder die oppervlak by elkeen van ons teenwoordig is. Die probleem van die innerlike wêreld wat leuens, diefstal, moord, minagting van liefdevolle gesag, oorwerk en valse of afwesige aanbidding, dryf.

So die 10 gebooie/woorde is 'n werkbare opsomming van wat regtig nodig is teenoor wat hulle kon dink hulle nodig het. Alhoewel dit wat ons hier kry nie totaal omvattend is nie, is dit meer as genoeg om begeerte binne Israel se gemeenskap te hanteer op die gebiede waar dit die mees waarskynlikste verkeerd sal loop, destruktief sal word.

Paulus beklemtoon hierdie punt van die wet en begeertes in Romeine 7:7:

*Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie."*

---

Ons kan dit natuurlik anders stel: Hierdie Tien Gebooie het alles te make met begeerte/liefde vir God en begeerte/liefde vir mekaar.

Ek hoop jy verstaan dat die Tien Gebooie dus *goeie nuus* is. Dit skryf aan Israel voor hoe om te lewe as hulle God wil behaag en indien hulle aan die nasies God se skeppings doelwitte vir die mensdom wou vertoon.

Omrede God natuurlik die Skepper is, pas Sy instruksies in by die manier waarop Hy die wêreld gemaak het.

Dit is veral duidelik in die 4de gebod wat die menslike patroon van werk en rus verbind aan God se eie werk en rus in die skepping van die wêreld. Die lewens van Sy mense moes die spieël van Sy eie lewe wees.

Ons het reeds gesê dat daar in hoofstuk 21 – 23 besondere stipulasies gegee word wat die *algemene woorde/gebooie* in hoofstuk 20 volg.

Die geheel van die lewe kom onder regering van die Here oor Sy mense. Dit is fassinerend om te sien hoe vêrreikend hierdie wette is.

Neem byvoorbeeld Eksodus 23:5:

*As jy jou vyand se esel onder sy pak sien lê, moet jy dit nie onverskillig aan hom oorlaat nie: jy moet dit sekerlik saam met hom aflaai.*

---

Hier sien ons dat die volk selfs werklik bekommerd moes wees oor hul diere te midde van die realistiese bewustheid van hoe maklik mense in stryd met hulle bure kan verval.

Die gebooie is dus sleutels tot die lewe van volle menslike lewens, sekerlik is dit nie bedoel as vreeslike beperkinge om die lewe mislik te maak nie.

## Š *Wat het geword van hierdie verbond?*

### **Die mislukking**

Ons moet nou terugkeer na die vraag na ons eie verhouding met die wet. Ons het gesien dat al hierdie gebooië/woorde en bepalinge 'n eenheid gevorm het. Dit was die ou verbond. Om te weet wat ons verhouding teenoor hierdie verbond met al sy insettinge is, moet ons kyk na wat hiermee gebeur het. Wat was die verloop hiervan?

Kom ons kyk. Blaai weer na Jeremia 31:31-32:

*Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here.*

---

In Hebreërs word daar ook na hierdie gedeelte verwys en dan word daar eksplisiet gesê dat daar iets kortgekom het. Hierdie verbond was dus nie volkome en ewigdurend nie.

*Hulle bedien egter slegs 'n afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom. Toe Moses die Goddelike opdrag gekry het om die verbondstent op te rig, het God gesê: "Sorg dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat Ek jou op die berg gewys het." Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. As daar aan die eerste verbond niks*

*kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie. Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: “Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here. Dit is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees. Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: ‘Jy moet die Here ken’ nie. Hulle almal, klein en groot, sal My ken. Oor hulle ongeregthede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie.” Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn (Heb. 8:5-13).*

---

Paulus praat in Romeine 7 oor die “mislukking van die wet” om te bereik wat dit moes bereik.

*Julle weet, broers – en ek praat met mense wat op hoogte is van die wet van Moses – dat die wet gesag het oor 'n mens so lank as hy lewe. Die getroude vrou, byvoorbeeld, is deur die wet aan haar man gebind so lank as hy lewe. As haar man te sterwe kom, is sy onthef van die wet wat haar aan haar man gebind het. Maar as sy 'n ander man se vrou word so lank as haar man lewe,*

*sal sy as 'n egbreekster beskou word. As haar man gesterf het, is sy egter vry van die wet en is sy nie 'n egbreekster as sy 'n ander man se vrou word nie. Dit is ook die geval met julle, my broers. Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is. Daarom moet ons nou 'n vrugbare lewe lei in diens van God. Toe ons nog 'n sondige lewensbestaan gevoer het, was die sondige hartstogte wat deur die wet wakker gemaak is, in elke deel van ons liggame werksaam en het ons vrugte gedra in diens van die dood. Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie. Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie." Maar deur hierdie gebod het die sonde 'n vastrapplek gekry en elke soort begeerte in my aan die gang gesit, want sonder die wet is die sonde dood. Voorheen, toe die wet nie daar was nie, het ek gelewe, maar toe die gebod gekom het, het die sonde begin lewe, en ek het gesterwe. Dit het geblyk dat die gebod wat bedoel was om vir my die lewe te bring, vir my die dood beteken.*

Wat is die punt? Paulus dui aan dat die “huwelik” met die wet nie vrug kon dra vir God nie. Gaan lees Jesaja 5 en jy sal sien dat dit presies die punt is wat God daar maak. Israel onder die wet het nie die vrug gedra wat verwag is nie.

In die huwelik met die opgestane Jesus Christus is dit wel moontlik om vrug te dra (*vgl die letterlike '53 of ander letterlike vertalings. Hier is nie sprake van “ons moet” nie, maar ons “kan” of “sal.”*)

In Johannes 15 word hierdie waarheid ook beklemtoon. Die Ou Testamentiese wingerd van God, Israel, kon nie vrug dra nie. Jesus die ware, finale wingerd kan. In Johannes 15 word ons opgeroep om in hierdie wingerd, Jesus, te bly as ons wil vrug dra.

Paulus in Romeine 7 maak verder meer duidelik dat die wet bedoel was om *lewe* te bring maar eintlik het dit dood gebring omrede dit bloot begeertes wakker gemaak het wat jou en my juis laat doen wat die wet sê jy mag nie doen nie.

Jy sien daar was nie iets met die wet se gebooie fout nie. Die probleem is die menslike hart en sonde. Die wet kon nie daarmee handel nie. Die wet het nie 'n antwoord gehad vir die hart en sonde nie en daarom kon dit nie vrug vir God produseer nie.

## **Was tydelik bedoel**

Wat duidelik is, as ons na die Nuwe Testament gaan, is dat hierdie hele wet (die ou verbond) tydelik bedoel was. Luister na Galasiërs 3:19:

*Watter doel dien die wet dan? Dit is later bygevoeg as gevolg van die sonde, en dit is bedoel vir die tyd totdat die nakomeling op wie die belofte betrekking het, sou*

*kom en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar.*

---

Die wet wat nie in staat was om met sonde te handel nie, was dus van die begin af nie bedoel om vir altyd stand te hou nie! Dit was bedoel vir die tyd tot en met Jesus se koms!

## **Die belofte**

Daar is egter in die Ou Testament die belofte van 'n nuwe tyd en 'n nuwe, beter verbond.

*Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie (Jer. 31:33-34).*

*Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. (Eseg. 36:26-27).*

---

Jeremia verwys eksplisiet na die nuwe verbond waar die wet nie meer iets van buite sal wees nie, maar van binne. Esegiël praat van dieselfde tyd en lig spesifiek die rol van die Gees uit.

## Jesus en die Ou Verbond (wet)

*Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word (Gal. 4:4-5).*

---

Jesus is gebore as iemand wat nog onder die ou verbond staan en Hy het dit volkome gehou. Hy het God liefgehad en die mense rondom Hom. Sy begeertes was vir God en vir die beswil van die rondom hom. Hy was gehoorsaam aan Sy ouers. Hy lieg en steel en pleeg nie egbrek nie. Daar was niks waaroor Hy een oomblik hoef skaam te gewees het nie.

En dan sterf Hy vir mense se verbreking van daardie verbond:

*Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is." (Gal. 3:13).*

---

Hy dra die vloek van ons verbondsverbreking. Dit is hoekom Paulus in Galasiërs 2:19 kan sê:

*...want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe: ek is saam met Christus gekruisig...*

Wat bedoel hy? Wel, dink vir ‘n oomblik: Wie of wat het vir Jesus doodgemaak? Wel die wet. Die wet vereis dat wetsverbrekers doodgemaak moes word.

Maar Paulus wys daarop dat hy saam met Christus gekruisig is. So deur die wet is Paulus doodgemaak. Maar let op: Hy is nou ook dood vir die wet. Dit is radikaal. Hy het niks meer te make met die wet nie!

Wat bereik hierdie dood van Jesus?

*Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het (Gal. 3:14).*

---

Hierdie dood van Jesus veroorsaak dus dat ons nou die Gees kan ontvang waarvan Esegïel gepraat het! Deur die dood van Jesus kan ons nuwe harte kry. Dit is nou moontlik om van binne God te behaag. Ons kan nou vrug dra vir God.

## Š *Wat behels ons Christenskap nou?*

Die vraag is nou: “Kan ons dan tog nou maar leef soos ons wil? Is ons Christenskap nie tog maar net iets privaat terwyl God maar net belang stel in ons geloof in Jesus nie?”

Kom ons dink daaroor.

Kyk, ons is nie Israel nie, ons is nie verlos uit Egipte nie. Die historiese verwysingspunt en motivering vir Israel was altyd iets soos: “*Julle was slawe, maar ek het julle vrygekoop deur die Eksodus heen – daarom verwag Ek...*” Gaan lees veral Deuteronomium en jy sal dit duidelik sien.

Maar wat van ons? Ons is verlos, *nie* uit Egipte nie, maar deur Jesus Christus op Golgota. Ons het ‘n nuwe historiese verwysingspunt en ons staan in ‘n nuwe verbondsverhouding met God.

En ek sê ons, want ons is ‘n nuwe *volk!* Onthou jy 1Petrus 2:9? Ons word ook nie gered om as individue ons eie begeertes na te jaag nie – as gemeenskap maak ons God bekend!

‘n Nuwe verbond moet egter nuwe wet hê. Galasiërs 6:2 beskryf hierdie wet as die “wet van Christus.”

*Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus*

---

Ons kry hierdie term ook in 1 Korintiërs 9:20-21:

*Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen. Hoewel ek nie sonder die wet van God is nie, maar onder die wet van Christus, het ek vir dié wat sonder die wet is, geword soos een sonder die wet om hulle te wen.*

---

Paulus maak dit hier duidelik dat hy nie meer onder die wet van Moses staan nie. Om mense vir Christus te wen sal hy egter homself onder die wet stel, bedoelende hy gaan nie as hy ‘n Jood wil bereik ‘n stuk varkvleis sit en eet voor hom nie!

Hy maak dit egter duidelik dat hy nie *sonder die wet van God is nie*. Die wet van God, God se standaard van liefde vir Hom en liefde vir ander lê as’t ware onder die tydelike wet van Moses. Die manier hoe ‘n

mens egter nou daaraan voldoen, is om te leef volgens die *wet van Christus!*

Hierdie term word nie oral gebruik nie, maar die implikasie is duidelik: Ons staan onder ‘n nuwe verbond met ‘n nuwe wet. Die verwysing na “dra mekaar se laste” in Galasiërs 6:2 is natuurlik betekenisvol. Die ondertoon is duidelik. Jesus het volgens Jesaja 53 ons sonde gedra. Ons moet mekaar se laste dra op dieselfde wyse. Ons moet mekaar lief het met oofferende, kruisdraende liefde. Dit is hierdie liefde wat nog nie bekend was onder die wet van Moses nie. Dit is die nuwe kwaliteit van ons wet!

Ons moet duidelik verstaan dat wat God van ons verwag, nie minder is as die Tien Gebooië/Woorde en die verordening nie. Ja, ons kry nie meer self die straf van verbreking nie, Jesus het reeds gesterf, maar God stel nie minder belang in hoe ons lewe nie. Hy stel nie minder belang in ons begeertes nie.

Dink net aan Matteus 5 vanaf vers 17 waar Jesus sê:

*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul*

---

Hy het nie gekom om die wet te ontbind nie maar om dit te *vervul*. Die woord *vervul* beteken nooit in die Grieks om iets net te *bevestig* nie, ook nie om iets totaal te *verwerp* nie. Nee, dit beteken om iets te vul tot volheid, tot volle betekenis.

En dit is dan wat jy kry in Matteus 5 vanaf vers 21. “*Julle het gehoor... Maar Ek sê vir julle ...*”

Elke keer kontrasteer Jesus dit wat Hy sê, met iets uit die wet van Moses, en let wel nie net met die skeeftrekkings daarvan nie, nee die wet waarvan ons lees in Eksodus 20!

Dink daaraan. Onder die wet van Moses, die Eksodus wet, kon jy as't ware voel jy het God behaag as jy nie egbreuk gepleeg het nie, Jesus kom en sê, as jy na 'n vrou kyk en haar begeer het jy reeds egbreuk gepleeg!

Dink aan dieselfde gebod en dan dink jy aan Efesiërs 5:25:

*Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.*

---

Hier is dus onder die nuwe verbond nie meer bloot 'n oproep om nie egbreuk te pleeg nie. Jy moet jou vrou liefhê soos Christus ons liefgehad het. Jy sien ons weet nou hoe Christus Sy gemeente liefgehad het!

Trouens, al ons liefhê van ander word nou beheer deur 'n nuwe gebod, die wet van Christus. In Johannes 13:34 word die betekenis van die nuwe wet mooi uitgelig:

*'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.*

---

Sien julle wat is nuut? *Soos ek julle liefgehad het!*

En ons het nog 'n rede waarom ons anders moet optree. Kom ons vertoef by dieselfde saak van seksuele sonde. In 1 Korintiërs 6 het

Paulus die ideale geleentheid gehad om bloot vir die mense te sê: “Weet julle nie dat julle nie mag egbreek pleeg nie – ken julle nie die wet nie?”

Maar luister wat sê hy:

*Weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? Beslis nie!*

*Of weet julle nie dat iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? God sê immers: “Die twee sal een word.” Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom. Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam. Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik. (1 Kor. 6:18-20).*

---

Die motivering vir waarom ons nie moet besig wees met seksuele sondes nie is dus die feit dat ons een is met die liggaam van Jesus! Hierdie liggaam van Jesus kan tog nie besig wees met egbreek nie. Dit kon nie onder die ou verbond die motivering wees nie. Paulus gaan nog verder. Ons liggame is self ook 'n tempel (tabernakel) van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die inwoner van my as Christen se liggaam. Weereens, dit kon nie onder die ou verbond gesê word nie.

Onthou jy Eksodus 20 en ons begeertes? Wel, onder die nuwe verbond is dit steeds die geveg – maar een wat ons kan wen! Kyk hoe beskrywe Romeine 6:11-14 hierdie geveg teen begeertes:

*Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus. Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie. Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. Die sonde moet nie (sal nie) meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.*

---

Verrassend is dit nie? Ons kan nou oorwin oor sondige begeertes, juis omrede ons nie meer onder die wet staan nie, maar onder genade. God stel steeds belang in ons begeertes. Hy stel steeds belang in die geheel lewe van jou en my lewe en ons kan in die geheel van ons lewens Hom nou behaag.

So Eksodus 20 se wet word deur ons gedoen dieper en breër, en al die voorskrifte in hoofstuk 21-23 word op ander en baie meer maniere deur ons toegepas soos die Gees ons lei om met wysheid die wil van God te doen.

Terloops, die teenwoordigheid en werking van die Gees is die sleutel tot oorwinning oor sonde en slegte begeertes. Ons het reeds daarna verwys maar kyk hoe duidelik word dit in Galasiërs 5 gestel:

*Wat ek bedoel, is dit: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie (Gal. 5:16-18).*

---

Weereens is dit interessant dat Paulus hier wys dat wanneer ons deur die Gees laat gelei word, staan ons nie onder die wet nie! 'n Mens sou verwag dat hy sou sê ons staan dan nie meer onder ons sondige begeertes nie. Die punt is egter duidelik. 'n Lewe onder die wet veroorsaak juis dat ons sondige begeertes oorheers, terwyl 'n lewe wat deur die Gees beheer word oorwinning hieroor bring.

Wat jy in die lig hiervan baie deeglik moet beseef is dat *die wet van Christus* nie 'n nuwe stel reëls is wat die oues vervang nie. Christus gee ons nie 'n nuwe geskrewe kode nie. Die Nuwe Testament bevat nie 'n reëlboek-etiek nie.

Die oomblik wanneer daar werklik begryp word dat *Christus self* deur *Sy Gees* die plek inneem wat die *wet van Moses* in Judaïsme ingeneem het, is dit onmoontlik om hierdie nuwe *wet* tot 'n onpersoonlike stel reëls en gebooie te reduceer. Dit is natuurlik so dat ons, solank ons op hierdie aarde is, sekere konkrete gebooie moet hê om die *wet van Christus* toe te pas in spesifieke situasies. Maar aan sulke gebooie kan nie onafhanklike of absolute status gegee word, asof hulle die somtotaal van die uitvoer van God se Wil sou uitdruk nie.

Die Christen se toewyding is gerig tot 'n Persoon, nie 'n kode nie. Die essensie van Christelike etiek is nie reëls of wette of selfs abstrakte beginsels nie, maar 'n verhouding met die lewende Christus. Hy onderhou ons in 'n verhouding wat ons motiewe en houding so transformeer dat ons daartoe beweeg word om op dieselfde wyse teenoor ander op te tree as wat Hy teenoor ons optree. Met opofferende liefde.

Die Jood moes die *geskrewe kode* by wyse van spreke sy kos en drank maak. Die Christelike geloof kan dit nie doen nie. Paulus sê “*want vir my is die lewe Christus*” (Fil. 1:21) en “*... Christus ... wat ons lewe is*” (Kol. 3:4). “*Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het*” (Gal. 2:20).

In die *wet* van die ou verbond word baie klem gelê op die *onthou* van feeste (Eks 23:14 e.v.), nuwe mane en spesifiek die Sabbat (Eks. 20:8; Eks 23:10 e.v.). In die nuwe verbond is die fokus geheel-en-al op die *onthou* van die persoon van Christus, byvoorbeeld: “*doen dit tot my gedagtenis*” (1 Kor. 11:24) en “*onthou dat Jesus Christus, uit die geslag van Dawid, uit die dode opgewek is volgens my evangelie*” (2 Tim. 2:8).

Ek en jy moet verstaan dat onder die wet van Christus jy die status van 'n volwasse kind gegee word. Jy is vry van die “kleuterskool”-regulasies van die *wet van Moses*.

Galasiërs 3:23-24 en Galasiërs 4:1-7 belig dit baie mooi:

*Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. Die wet was dus ons*

*tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof (Gal. 3:23-24 OAV).*

*Hierby wil ek nog dit sê: Solank 'n erfgenaam nog minderjarig is, verskil sy posisie nie werklik van dié van 'n slaaf nie, al behoort die hele erfenis aan hom. Tot die dag wat sy pa bepaal het, staan hy onder toesig van voogde en word sy besittings deur bestuurders beheer. En so is dit ook met ons. Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls. Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak (Gal. 4:1-7 NAB).*

---

Die woord wat die 1953 vertaling met "tugmeester" vertaal is die woord vir 'n "kinderoppasser" in die Grieks. Die wet van Moses was so 'n kinderooppasser vir die Jode wat die status van klein kindertjies gehad het teenoor ons wat as volwasse kinders van God kan leef. Eintlik was hulle niks anders as slawe nie. Die voorbeeld van Galasiërs 4:1-3 maak dit duidelik. Dink só daaraan. 'n Seuntjie wat 'n plaas gaan erf is niks anders as die plaaswerkers se kinders as hy nog klein is nie. Hy speel maar daar saam met hulle. Dit was die posisie van Israel onder die wet.

Maar nou is ons in die posisie van volwasse kinders wat die plaas geërf het!

Kom ek gee nog 'n voorbeeld wat jou dalk kan help.

'n Klein seuntjie moet byvoorbeeld die ligte om 20h00 afskakel, terwyl 'n volwasse seun die vryheid gegun word om sy eie diskresie in hierdie verband te gebruik. Sy pa mag hom daaraan herinner dat hy dwaas sal wees om die hele nag wakker te bly, maar sy pa plaas hom nie onder die verpligting van regulasies wat by klein kindertjies pas nie. Hy sê aan sy seun: *“Aangesien jy oud genoeg is om die beginsel agter hierdie reëls te verstaan, gaan ek dit nie langer op jou afdwing nie. Jy kan kom en gaan soos jy wil. Jy mag steeds hierdie reëls nuttige dissipline vind, maar jy is vry om dit aan te pas by jou omstandighede.*

God wou gehad het dat Israel oorfloedig en vrygewig moes wees in dít wat God aan hulle gegee het, en Hom sou erken as die Gewer en Besitter van alles. Om hulle hierin te help, het Hy hulle kinderlike opvoedingsregulasies gegee soos tiendes, eerste vrugte-offers, dankoffers, en so meer. Hierdie regulasies was nie die regte wet agter die wet nie. Nog minder was dit permanent. Dit was tydelike regulasies wat op Israel afgedruk is, totdat Christus sou kom.

In die Nuwe Testament verander God nie die werklike wet agter die Mosaïese regulasies nie. Die Nuwe Testament wil nog meer hê dat God se mense vrygewig moet wees met sy gawes en dat hulle sy aanspraak op alles wat hulle is en het, sal raaksien. Maar die Nuwe Testament gee nie regulasies oor tiendes en offerandes nie. In sy brief aan die gemeentes roep Paulus die mense op tot vrygewige bydraes en verantwoordelike rentmeesterskap.

Ons moet ook verstaan dat die *wet van Moses* kulties van aard was. Alhoewel dit tydlose etiese *beginsels* bevat, is dit geklee in 'n kultiese kleding. Met ander woorde dit het gegaan oor plekke, rituele en allerhande uiterlike vorms. Die kultiese eiesoortigheid van die wet van Moses het 'n *skeidsmuur* gevorm wat die heidene as't ware uitgehou

het. Christus het juis hierdie skeidsmuur afgebreek:

*Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooië wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het (Ef. 2:14-15).*

---

Onder *die wet van Christus* gaan dit dus nie meer oor 'n afskeiding of afsondering van die buitewêreld om sodoende heilig te bly nie. Dit gaan juis daaroor om die onheilige binne te dring met die heilige en so die onheilige te omvorm.

Daar is nie net sekere heilige dae en tye wat beskerm moet word nie, maar alle dae, tye en plekke moet binnegedring word en heilig gemaak word. Is dit hoe jy dink oor die Christelike lewe wat jy moet leef?

Samehangend met die voorafgaande moet daar onthou word dat *die wet van Christus* mense verenig, en nie verdeel nie. Die *wet van Moses* het mense eenkant gehou en sodoende 'n skeiding in die mensdom veroorsaak. Hierdie benadering mag geen rol speel in die internasionale, Christelike gemeenskap nie. Die middelmuur van skeiding is afgebreek. Paulus waarsku Titus teen Joodse Christene (Tit. 1:10-14) wat die wet gebruik om allerlei “twis en stryery” onder Christene te veroorsaak (Tit. 3:9; vgl. 1 Tim. 1:6,7).

Vir hierdie eenheid moet jy jousef ook beywer as jy die Christelike lewe wil leef. Doen jy dit? Verstaan jy al wat dit beteken dat ons onder *die wet van Christus* te leef?

Miskien het jy na alles nog 'n vraag oor die Sabbat en die Sondag. Kom

ons kyk gou daarna.

## Š *En wat van die Sabbat en Sondag?*

### **Sabbat**

Jy moet altyd onthou dat die Sabbat gegee is as die teken van die Mosaïese verbond (Eks. 31:13, 16,17; Eseg. 20:12). Verder, soos al die godsdienstige vorm en feeste onder die *wet van Moses* (bv. Pasga, Pinkster, Loofhuttefees ens), was die Sabbat 'n fees wat gehou is ter herinnering aan die *Eksodus*-gebeure (Deut. 5:15). Dit het natuurlik ook die skepping gevier, en is juis waarskynlik ook omrede die *Eksodus* gesien as 'n herhaling van die skeppingsgebeure (Eks. 20:8-11; 31:14-17).

Die vraag is hoe hierdie Ou Testamentiese vorm, en dan spesifiek die Sabbat, wat uit die Eksodus opkom en die Eksodus vier, genoegsaam is om die nuwe gebeure wat God in Christus gedoen het, te vier?

'n Nuwe skepping en 'n nuwe *Eksodus* vind in Christus plaas. Verder maak die Nuwe Testament dit baie duidelik dat die hou van feeste en dae nie meer gelowiges in die nuwe verbond moet kenmerk nie:

*Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of Sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus (Kol. 2:16,17).*

---

Verdraagsaamheid moet wel getoon word teenoor dié wat nog “swak” is (Rom.14:1-5).

Ons moet altyd die volgende onthou van die Sabbat: Die Sabbat was onloosmaaklik verbonde aan die sogenaamde Sabbatsjaar wat elke 7de jaar gehou is, sowel as die Jubeljaar wat na 7 sulke siklusse gehou is. Die hele punt van hierdie dag en jare was dat dit bevryding en heling gebring het. Gevangenes is vrygelaat en skulde is afgeskryf. Jy sien die

rus waarvan die Sabbat 'n afbeelding was, was die rus wat die Sabbatsjaar en Jubeljaar uitgebeeld het. Vryheid en heelheid. Natuurlik was dit nooit volkome in die Ou Testament nie.

Baie belangrik: As God se perfekte mens, het Jesus die Sabbat geleef vir God, en sodoende sy medemenses verlos van gebondenheid, seëning vir hulle gebring, en uiteindelik self God se rus ingegaan. Die rus waarvan die Sabbat 'n afbeelding was, maar waarin die volk nooit volkome kon ingaan nie (Heb. 4).

Jesus, as Heer van die Sabbat, maak dit moontlik vir ander om Hom te volg in daardie rus. Om dit baie eenvoudig te stel kan ons sê dat dit beteken dat Christene nie meer onder verpligting is om die Sabbat te hou nie (Christus het dit reeds gedoen), maar wel onder verpligting is om in Jesus te glo. Om in Jesus te glo, beteken egter om in Hom te wees en om al meer soos Hy te wees en te leef.

In sy finale plasing, is die vierde gebod dan nie meer 'n gebod vir God se mense nie, maar die *bedoeling* daarvan bly steeds geldig vir dié wat nie meer onder die *wet van Moses*, maar onder die *wet van Christus* leef.

Vir jǒú as Nuwe Testamentiese gelowige moet die voortgaande betekenis van die Sabbat dus gevind word in die *bedoeling* van die Sabbat en daarom in die bedoeling van die Sabbatsjaar en die Jubeljaar.

Indien ons die Sabbat nou hou deur in Jesus te glo, en indien die glo in Jesus, beteken om *in Christus te wees*, kan dit nie anders as dat die onderhouding van die Sabbat vir ons 'n navolging van Lukas 4:18 inhou nie:

*Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes*

*herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.*

---

Die onderhouding van die Sabbat het alles te make met Lukas 4:18! Jy, as gelowige, ook in Suid-Afrika, moet konkreet hiermee besig raak indien jy die Sabbatsgebod wil nakom as Christen.

Kortweg: Wanneer bevryding vir gevangenes (van watter aard ook al) gebring word en wanneer skulde (van watter aard ook al) vrygeskeld word, wanneer daar na armes omgesien word en onderdrukte bevry word in navolging van en in die krag van Jesus, word die Sabbat gehou. Hou jy die Sabbat?

Ek en jy moet Jesus daarin volg! In Johannes 20:21 sê Jesus vir sy dissipels dat Hy hulle stuur soos die Vader Hom gestuur het. Hulle was natuurlik die kerk wat sou kom in embryo-vorm. Wat op hulle van toepassing is, is op my en jou van toepassing.

Jy sal weet ons is die liggaam van Christus (Ef. 1:22-23). In 1 Pet. 2:21 lees ons:

*Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg.*

---

## **Sondag**

Miskien wonder jy nou: Watter rol speel die Sondag in al hierdie dinge?

Daar is wel aanduidings in die Nuwe Testament dat die eerste dag van die week opsy gesit is vir aanbidding in die aand, insluitend die nagmaal (Hand. 20:7; 1 Kor. 16:2). Openbaring 1:10 verwys ook na die “dag van die Here.” Daar is egter absoluut geen aanduiding dat die

Sondag die *Sabbat* in praktyk vervang het nie (die eerste Joodse Christene het voortgegaan om die sinagoge op die Sabbat te besoek), óf van 'n oorplasing van Sabbatsteologie na Sondagsaanbidding nie. Die *Sabbat* was 'n dag van rus, eerder as 'n dag van aanbidding. Daarteenoor was die *Sondag* 'n dag van aanbidding, maar nie aanvanklik 'n dag van rus nie. Die *Sabbatsdag* was dus 'n teken van hierdie eskatologiese rus, terwyl die *Sondag* nie in die Nuwe Testament as 'n teken van enigiets aangetoon word nie, ten spyte van die verbintenis met die opstanding. Dit is bloot 'n goeie dag om bymekaar te kom en mekaar te bemoedig in die daaglikse strewe om die Sabbatsrus in te gaan (Heb. 4:11). Die enigste byeenkoms wat waarlik beskryf kan word as 'n Sabbat, is die byeenkoms van die diensknegte wat vir ewig saam met die Lam sal regeer in die nuwe skepping (Open. 22:3-6).

Hier moet jy egter baie versigtig wees dat jy my nie verkeerd verstaan nie.

Jou deurbring van die Sondag sal steeds radikaal anders lyk as die van die wêreld. Dit sal radikaal anders lyk juis omdat jy dit onderhou op 'n manier wat in pas is met die ontwikkeling in die Bybel. Daarom sal ook die Sondag, en om praktiese redes miskien juis die Sondag, as 'n dag gebruik word om bevryding vir gevangenes (van watter aard ook al) te bring, en skulde (van watter aard ook al) vry te skeld, na armes om te sien en onderdrukte te bevry. Dit alles word gedoen in navolging van Jesus, in die krag van die Heilige Gees.

Is dít die lewe wat jy leef? Wat sal nie gebeur as Christene in Suid-Afrika weer die *Sabbat* in die ware sin van die woord onderhou!

## Š *Geestelike sukses – toe en nou*

Maar miskien is daar nog iets waarmee jy worstel. Miskien leef jy gedurig onder groot druk in jou Christelike lewe. Jy probeer jou bes om byvoorbeeld jou kinders reg op te voed. Maar dit lyk asof hulle

verkeerd uitdraai. Jy is depressief. Jy probeer harder om die “regte” dinge te doen, wat ’n Christen-ouer behoort te doen. Maar dit werk nie – dit lyk asof dit slegter gaan. Miskien is jy siek. Baie siek. Jy spandeer al meer tyd aan gebed. Jy maak erns met Bybelstudie en jou bydrae vir die Here se werk. Jy bid vir genesing, maar niks gebeur nie. Jy probeer nog harder. Dit voel vir jou die fout moet by jou lê. Jy is nie geestelik genoeg nie.

Nee, die probleem is dat jy nie verstaan dat jy onder ’n nuwe bedeling leef nie. Dit is uiters belangrik om dit te verstaan. Hoekom? Omrede daar ’n reuse verskil is tussen groei en geestelike sukses onder die nuwe bedeling, en groei of geestelike sukses soos in die Ou Testament en groei en geestelike sukses soos deur die sogenaamde Judaïsme in die Nuwe Testament en groei en geestelike sukses waarmee ons dikwels grootword.

Kom ek verduidelik. Jy weet nou dat die Ou Testament ook vol genade is. Jy weet nou dat dit nog nooit gegaan het oor redding deur “werke” nie. Maar miskien mis jy nog iets. Geestelike groei, toewyding het onder die ou bedeling grootliks te doen gehad met die doen van dinge – soos offer, die onderhouding van dae en feeste. En baie belangrik: Geestelike “sukses” is dikwels gemeet in terme van aardse seëning wat juis na mense gekom het op grond van getrouheid in hierdie dinge.

Luister byvoorbeeld na Deuteronomium 29:9:

*Onderhou dan die woorde van hierdie verbond en  
volbring dit, sodat julle voorspoedig kan uitvoer alles  
wat julle doen.*

---

Daar is heelwat ander sulke voorbeelde. Doen dít en dát sal gebeur. Daar is ’n A wat lei tot ’n B. Miskien is dit wat jy in die verlede oor die Christelike lewe gedink het. Vind uit wat A is, doen dit en jy sal die lewe hê wat jy begeer.

In die Nuwe Testament was daar baie mense wat weer wou terugval op hierdie sisteem. Paulus noem dit ook die “*basiese beginsels van die wêreld*” (Gal. 4:3:9 O.A.V.).

Met ander woorde baie van die dinge in die Ou Testament was in ooreenstemming met hierdie basiese beginsels en Christene wou dit nou weer toepas. As jy jou laat besny, dan is jy... en dan sal jy... ensovoorts. Maar onthou nou: Ons is nie meer onder daardie bedeling nie. Ons is onder die bedeling van *die wet van Christus*. Jy het gesien hoe Hy nou al die beloftes van die ou bedeling ten volle vervul.

Wat jy dus moet verstaan is dit: Jesus is beide die pad van geestelike groei in hierdie bedeling en die beloning daarvan! Gaan lees net weer Johannes 14:6!

Verstaan jy wat ek probeer sê? Alles het verander onder hierdie bedeling. As jy bid om gesond te word, en jy probeer ook om die Here te behaag in alles wat jy doen, gaan die verhoring van jou gebed nie noodwendig fisiese genesing wees nie – maar Jesus. ’n Dieper ken van Jesus. ’n Verandering na sy beeld (Rom. 8:28 e.v.). Jy kan jou eie situasie hier invoeg.

Geestelik sukses is nou ... Jesus! Jy kan dus absoluut geestelik “suksesvol” wees terwyl jy in ’n geweldige krisis, in smart of in pyn is. Hierin kan God besig wees om jou te beloon, jou die beste te gee... Jesus!

## *Die engel en ons beter posisie*

Ons het nou duidelik gesien dat God nie minder belang stel in elke aspek van ons lewe as in Eksodus 20-23 nie. Ons is egter in ’n beter posisie om te doen wat God wil. Praat Eksodus 23 al daarvan? Kom ons kyk gou.

In Eksodus 23:20 en verder gee God die belofte dat Hy sy Engel voor die volk sal stuur om by hulle te wees totdat hulle in die land ingaan.

Die Engel was die konkrete manifestasie van God se teenwoordigheid met Sy mense. Die mees konkrete teenwoordigheid van God met Sy mense het gekom in Jesus!

En Hy is by ons, ja in ons as die Heilige Gees! Totdat ons op die nuwe aarde sal leef.

- 
-

# Hoofstuk 13

## Eksodus 24-25: ‘n Ete saam met God

---

**I**n die vorige hoofstuk het ons gesien dat God belang stel in *elke area* van jou lewe as Christen, net soos Hy belang gestel het in elke afdeling van die lewe van die volk Israel. Eksodus 20-23 wys dat God nie net belang stel in Sy mense se innerlike begeertes nie, maar selfs in jou gedrag teenoor jou diere.

‘n Vraag waarmee ‘n mens egter steeds kan worstel is dit: “*Stel God persoonlik belang in ons, in my?*”

Is dit nie maar net ‘n geval dat God net wil hê ek moet in elke area van my lewe optree op ‘n manier wat ek Sy beeld weerkaats, maar Hy stel nie belang in ‘n diep, intieme verhouding met my nie? Hy wil dus net hê ons moet ‘n klomp goed doen, maar wil nie regtig met mense bevriend wees nie. Ek meen Hy is immers so ontsaglik anders, groter en magtiger as ons, so ver van ons – ‘n mens sou dit kon verstaan.

Maar is Hy dan nie maar net soos al die ande gode van die volke rondom Israel nie? Die gode wat almal eintlik net iets wil hê en sekere gedrag voorskryf maar vir wie jy nie werklik self diep kan ken nie.

Staan God ook by wyse van spreke ver weg van ons, soos die gode?

Kom ons staan nader aan Eksodus 24 en 25 en kyk wat ons sien.

## Š Die verbond en die bloed

In Eksodus 24:1-9 lees ons van die volgende belangrike gebeure:

*Daarna het Hy vir Moses gesê: Klim na die HERE toe op, jy en Aäron, Nadab en Abihu en sewentig van die oudstes van Israel, en buig julle neer van ver af. En laat Moses alleen nader kom na die HERE toe, maar hulle moet nie nader kom nie; en die volk mag nie saam met hom opklim nie. Toe Moses kom en aan die volk al die woorde van die HERE en al die verordeninge vertel, antwoord die hele volk met een stem en sê: Al die woorde wat die HERE gespreek het, sal ons doen. En Moses het al die woorde van die HERE opgeskrywe en die môre vroeg hom klaargemaak en onder die berg 'n altaar gebou, en twaalf gedenkstene volgens die twaalf stamme van Israel. En hy het jongmanne van die kinders van Israel gestuur; dié het brandoffers geoffer en as dankoffers bulle vir die HERE geslag. En Moses het die helfte van die bloed geneem en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed teen die altaar uitgegooi. En hy het die boek van die verbond geneem en dit voor die ore van die volk gelees. En hulle het gesê: Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister. Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê: Dit is die bloed van die verbond wat die HERE met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde. Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abihu en sewentig van die oudstes van Israel.*

---

Wat sien ons hier?

Die *verbond* word hier bevestig deur 'n bloed seremonie as die Israëliete hulleself daartoe verbind om dit te gehoorsaam. Ons weet nou al wat die verbond is. Dit is die wedersydse ooreenkoms tussen God en Sy mense dat Hy vir hulle 'n God sal wees en dat hulle Sy mense sal wees. Dit is iets soos 'n huweliksooreenkoms. En wat hier gebeur is iets soos 'n huweliksseremonie.

God het Sy kant van die verbond nagekom deur die volk te bevry uit die slawerny van Farao en Egipte en deur hulle, soos 'n arend haar kleintjies wat moeg is op haar vlerke dra, deur die woestyn te lei (Eks. 19:4-5).

Hulle kant van die ooreenkoms, waartoe hulle instem, was natuurlik om al die woorde, al die insettinge wat die Here gegee het in Eksodus 20-23 na te kom.(vgl. Eks. 24:7).

Moses herhaal hier die wet waartoe hulle instem en skryf dit dan neer. Hy bou dan 'n altaar en rig 12 pilare op wat vir die 12 stamme van Israel staan. Die verbond is dus vir die hele Israel bedoel en soos die 12 pilare moes dit vas, stewig en permanent wees. Uiteindelik gooi Moses die helfte van die bloed op die mense uit.

Ons sien hier weer dat offers nodig is vir sondaars om in die teenwoordigheid van God te kom. Na die bloed van die offers word verwys as *die bloed van die verbond*.

Waarom bloed? Die bloed dui waarskynlik op die erns van die verhouding: dit is 'n manier om te sê: “*Mag dit met ons gebeur, mag ons eie bloed uitgiet word, as ons nie daarin slaag om hierdie ooreenkoms na te kom nie.*” Hierdie soort simbolisme was tipies van die verbonde van daardie tyd.

Die bloed dui egter ook ook op die genade van God. Deur bloed kon hulle in Sy teenwoordigheid kom.

Waarskynlik het hulle nog nie werklik hier besef dat hulle nie die verbond kan hou nie en dat hulle nie sou oorleef as God nie bloed in hulle plek sou aanvaar nie.

## Š 'n Vreemde maaltyd...

Wanneer hierdie bevestigings seremonie eindig, gaan die 70 ouderlinge, saam met Moses en Aäron en Nadab en Abihu die berg op (Eks. 24:9-11). Daar het hulle 'n buitengewone belewing, want hulle word toegelaat om die God van Israel te sien.

*Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abihu en sewentig van die oudstes van Israel. En hulle het die God van Israel gesien, en onder sy voete net soos 'n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self (Eks. 24:9-10).*

---

Soos in ander geleenthede in die Bybel waar God “gesien” is, word ons nie iets vertel van die voorkoms van God self nie. Niemand het Hom ooit gesien nie. (vgl. Eks. 33:23; Joh. 1:18; 1 Joh. 4:12).

Die teks beskryf eerder die elemente, die visie wat God omring – in hierdie geval die grond onder Sy voete.

Maar let nou op: Die gemeenskap tussen God en Sy mense wat sentraal staan in die verbond word wonderlik uitgebring in Eksodus 24:11:

*God het geen hand teen die leiers van Israel gelig nie: hulle het Hom gesien en daarna het hulle geëet en gedrink.*

---

Hierdie oudstes, wat die volk verteenwoordig, sien God en hulle eet en drink. Om in daardie tyd saam met iemand te geëet en drink het, was die toppunt van die uitdrukking van gemeenskap, van vriendskap! Dit is die ding wat jy saam met vriende gedoen het. Daar was nie televisie of rugbywedtryde nie, en hulle het nie saam gaan vakansie hou en uitgekamp nie.

Nee, *saam eet* was die uitdrukking van saam wees en vriendskap!

Wat het God aan Abraham lank vantevore belowe in Genesis 17? “Ek sal *vir jou* ‘n God wees, en jy sal my volk wees!”

God het 'n verhouding met Sy mense belowe en hier sien ons dat hierdie verhouding besig is om vervul te word.

Maar ons moet meer sien.

## **Š** *Waarnatoe is God op pad?*

Die oudstes se sien van God en die saam eet met Hom was gou verby. Wat nou? Sou God nou weer onttrek na daar iewers daar ver?

Luister:

*Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon. Die tabernakel en al sy toebehore moet gemaak word presies volgens die plan wat Ek jou gewys het (Eks. 25:8-9).*

---

God gee hier in Eksodus 25 instruksies vir Moses om onder die Israëliete die materiaal in te samel wat nodig is vir 'n komplekse tent-struktuur, die tabernakel. Hy gee dan *detail* instruksies vir die oprigting daarvan. Die formele aanbiddingslewe van die Israëliete sou hier plaasvind. Op 'n stadium is hulle geforseer om vir Farao in Egipte te bou, nou gee hulle vrywilliglik materiaal en vakmanskap om God se huis in hulle midde te bou.

Die priesters en Leviete sou in beheer wees van die offers en alles wat daarmee saamgaan.

Ons kan egter so klinies en tegnies dink aan die tabernakel en al sy toebehore dat ons die punt mis waaroor dit hier gaan:

### *God wil daar tussen Sy mense woon!*

Feitlik 'n derde van Eksodus word hierdeur in beslag geneem – die planne vir die tabernakel. Hierdie besonderhede word weer herhaal soos die tabernakel gebou word.

Al hierdie besonderhede onderstreep natuurlik die feit dat so woonplek nie ligtelik opgeneem kan word nie.

Wanneer jy fyn kyk na wat hier gebeur kan jy ook nie anders as om te sien dat God bedoel het dat die tabernakel iets moes wys, moes wees, van dit wat by die skepping in Genesis 1 en 2 teenwoordig was nie.

*Die magtige teenwoordigheid van die Here het op Sinaïberg gebly, en ses dae het die wolk die berg omhul. Op die sewende dag het die Here uit die wolk uit na Moses geroep (Eks. 24:16).*

---

Dit is interessant wanneer 'n mens veral later, aan die einde van hoofstuk 31 sien dat die Here die tabernakel-instruksies afsluit met die bevel tot onderhouding van die Sabbat! Jy sal weet dat God na die ses skeppingsdae volgens Genesis 2:2. As ek en jy lees dat God *gerus* het na die 6 skeppings dae, kom ons wees eerlik, maak dit bitter min sin vir ons. Ek meen, punt nommer een: *hoe kan God moeg word?* Lees ons nie juis in die res van die Bybel dat Hy nie slaap of sluimer of moeg word nie? Is dit nie juis ons groot troos nie? Hy is tog nie 'n fisiese wese wat fisiese werk gedoen het met die skepping nie? Wat beteken dit?

Wel, weereens is die sleutel tot verstaan: Wat sou die eerste lesers verstaan het?

Ek wil die stelling maak hulle sou hier tot die duiselingwekkende besef gekom het dat die hele kosmos God se tempel is!

Hoekom? Wel omrede gode *gerus* het in tempels. Ons kry dit oral in die literatuur, die inskripsies wat die rondte gedoen het in die tyd tot Israel op trek was na die land.

Sekerlik die beste plek om te sien dat die *Israëliete* dit wel ook so verstaan het, dat ook hulle God *gerus* het in 'n tempel, is om te kyk na wat die Psalmis baie later skryf;

*Kom ons gaan sy woning binne, kom ons buig daar in aanbidding voor Hom. Kom na u rusplek toe, Here, U en die ark, die teken van u mag. Ja, die Here het Sion gekies en dit vir Hom as woning begeer: Dit is my rusplek vir altyd; hier wil Ek woon, dit is my begeerte. (Psalm 132:7-8,13-14).*

---

Die punt is dit wat ons daarom in die 6 skeppingsdae kry is die inrigting van God se kosmiese tabernakel/tempel.

Die hele oprigting van die tabernakel in Eksodus moes hieraan herinner!

Die onderhouding van die Sabbat is dan ook'n teken van Israel se heiliging deur die Here (Eks. 31:13) en van Jahwe se skepping van die wêreld in ses dae en sy rus op die sewende dag (vers 17). Die ooreenstemming is treffend. Ons lees: “*So het Moses dan die werk voltooi*”, waarna die wolk die tent van samekoms bedek het, wat kommunikeer het dat die volk uiteindelik gerus het van hulle omswerwinge (Eks. 40:33-38); terwyl Genesis 2:1-3 so lees: “*So is dan voltooi die hemel en die aarde ... En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het.*”

Die formule “*Hy/hulle het gemaak ... soos die Here Moses beveel het*”, kom sewe keer voor in Eksodus 39 (39:1,5,7,21,26,29,31).

Beide die sewevoudige herhaling en die inhoud herinner aan Genesis 1-2 en die formule: “*En God het gesê ... en dit was so.*”

Verder is Eksodus 39:43 “*En Moses het die hele werk bekyk-en hulle het dit gemaak soos die HERE beveel het, so het hulle dit gemaak. Toe het Moses hulle geseën*”, ’n duidelike teruggryp na Genesis 1:31 se verwysing na God wat na alles gekyk het, wat dan uiteindelik uitloop op die seën wat uitgespreek word oor die voltooiing van die skepping (Gen. 2:1-3).

Dit wat *in* die tabernakel gevind word herinner ‘n mens ook aan die skepping en Eden.

Dit is die moeite werd om op hierdie punt vir ’n oomblik te kyk na die ongelooflike teruggryp na Eden wat in die tabernakel se inhoud en administrasie na vore kom.

- Die goud en oniks van Eden verskyn byvoorbeeld weer in die tabernakel, waar goud in oorfloed gevind is en die oniksstene nou gegraveer is met die name van die seuns van Israel (Vgl. Eks. 25:7 en Eks. 28:9–12 met Gen. 2:12).
- Die boom van die lewe word gesimboliseer in die goue kandelaar met sy “stam”, sy “kelkies”, sy “knoppe” en sy “blomme” (Eks. 25:31-40).
- Gerubs word gevind tussen die palms en blomme in die binnekamers, op die gordyne en die gordyn van die tabernakel (Eks. 26:1; 31; 36:8; 35), en hier bo-op die ark van die verbond waar hulle uitgestrek aangebring is (Eks. 25:18–22). Hulle teenwoordigheid moes ontseeglik herinner aan die engele wat die ingang na die tuin bewaar het aan die oostekant van Eden se ingang (Gen. 3:24; Eseg. 28:14).
- Die kultiese voorstelling van Israel wat kulmineer in die handeling van een gereinigde en heilige man, die hoëpriester wat die allerheiligste een maal per jaar kon binnegaan, is ook gepak met Adamitiese simbolisme. Die kleredrag van die hoëpriester simboliseer die koninklike heerlikheid van Adam (Eseg. 28:13), wat latere Judaïsme as geklee in lig, kon beskryf.

God se nou en dan verskynings aan Israel het nou plek gemaak vir sy meer permanente teenwoordigheid in hulle midde. Die tabernakel het saam met hulle gegaan, waar hulle ook al heengegaan het. God het saam met Sy mense getrek. Maar die tabernakel het natuurlik meer gesuggereer: dit was ’n teken van die volle herstel van God se teenwoordigheid binne die hele skepping, soos Hy oorspronklik bedoel het.

## Š *Is God by ons?*

Alles waarvan ons nou gepraat het is natuurlik baie ver van ons beleving af. Duisende jare. Die vraag waarmee ons worstel is dít: “Is Hy nog so by ons, en indien wel hoe?”

In Matteus 1:23 lees ons:

*“Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.” Die naam beteken God by ons.*

---

Ons ken almal Johannes 1:14:

*Die Woord het mens geword en onder ons kom woon (letterlik: tabernakel) Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.*

---

Die evangelie van Johannes verkondig die Een in wie die heerlijkheid van God mens geword het en wat onder sy mense *sal woon* (Joh. 1:14). Jy het sekerlik al gehoor dat die Griekse woord wat met *kom woon*, vertaal word, die woord tabernakel is. Die verbintenis is duidelik. As die Ou Testamentiese tabernakel/tempel bestaan het om die begeerte van God om by sy mense te woon, soos wat dit by die skepping die geval was, uit te druk, dan is Jesus die vervulling van God se begeerte.

In Kolossense 1:19 praat Paulus van die feit dat dit “*die Vader behaag het dat in Hom die ganse volheid sou woon...*” en in Kolossense 2:9 skryf hy “*in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik.*”

Hy self was die tabernakel toe Hy op aarde was. Ons ken Johannes 2:19-23:

*Jesus het hulle geantwoord: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig." Die Jode sê toe: "Ses en veertig jaar lank is daar aan hierdie tempel gebou, en u sal hom in drie dae oprig?" Met "hierdie tempel" het Hy egter sy liggaam bedoel.*

---

Kom ons fokus vir eers net op hierdie een aspek van die tabernakel, naamlik God se woning by ons.

Ek dink ons kan met sekerheid sê dat toe Jesus op aarde was, woon God onder Sy mense, tabernakel Hy onder Sy mense. Hy was oral was waar Jesus was!

Maar Jesus is nou weg. Woon God nog onder ons? Kom ons herinner onself weer aan hierdie woord in Johannes 14:18 en 23:

*Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe (Joh. 14:18).*

---

Jesus praat nie hier van Sy wederkoms nie maar van Sy koms deur die Heilige Gees. Hy het reeds gesê dat Hy 'n ander (letterlik: 'n *ander van dieselfde soort*) Trooster vir hulle sal stuur. Hyself kom dus as Trooster, as die Heilige Gees! (Joh. 14:16-17).

Maar was dit nie net van toepassing op die dissipels nie?

*Jesus antwoord hom: "As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon (Joh. 14:23).*

---

Het jy Jesus lief? Moet dan nooit twyfel dat Hy en die Vader by jou woon nie!

## *Š Wil God saam met ons eet?*

Ons kan dus met sekerheid weet dat God die Vader en die Seun by ons woon deur Sy Gees.

Maar wil Hy regtig met ons kuier, ons ken, met ons gesels?

Blaai bietjie na Matteus 26. Die instelling van die nagmaal. Die nagmaal is deur Jesus ingestel tydens sy laaste maaltyd saam met sy dissipels (paasmaaltyd). Kyk net na vers 20:

*Toe dit aand geword het, het Jesus sy plek aan die tafel ingeneem saam met die twaalf.*

---

Saam aan tafel, saam geëet!

As ons iets meer van die agtergrond van hierdie saameet verstaan sal ons ook nader kom aan die volle en ryke betekenis van die nagmaal.

Dis moeilik vir ons om die belangrikheid van “tafelgemeenskap” in die kulture van die Middellandse see gebied in die eerste eeu te begryp en na waarde te skat. Vir ons is eet maar net ’n haastige opvulling van my leë maag. “Tafelgemeenskap” het egter oor baie meer as voedsel inname gegaan. Dit was ’n hele seremonie wat ryk simboliese betekenis van vriendskap, intimiteit en eenheid gehad het.

Terloops - om dus iemand wat saam met jou aan tafel was te verrai was besonder veragtelik.

Maar positief gestel: 'n Uitnodiging aan 'n vervreemde om saam te eet het weer die pad na versoening geopen.

Die hele saak van “tafelgemeenskap” in die Nuwe Testament bring die duidelike kontras tussen Jesus en die godsdienstige mense van sy tyd na vore.

Die Fariseërs het hulle tafels by die huis as 'n plaasvervanger van die Here se altaar in die tempel beskou en daarom gepoog om hulle huishoudings in 'n staat van rituele reinheid te hou - die reinheid wat van priesters in die tempeldiens verwag is. Dit het o.a. behels dat hulle net saam met mense geëet het wie se hande gewas is. (vgl. Eks. 30:19-21).

Teen hierdie agtergrond is dit verstaanbaar dat Jesus se *oop* “tafelgemeenskap” so radikaal was en soveel opspraak verwek het. Jesus se tafel praktyk was presies die teenoorgestelde as die van die Fariseërs - almal was welkom om saam met Jesus te eet.

Die evangelie maak nogal dikwels melding van hierdie feit. Die feit dat Jesus dikwels geëet het saam met diegene wat deur die Fariseërs as onrein beskou is, soos die tollenaars was 'n groot bron van verontwaardiging by die Fariseërs.

Gaan kyk maar self weer na al die voorbeelde in die Nuwe Testament waar Jesus die sondaars en verworpenes omhels (Bv. Matt. 9:10-13; 11:19; Luk. 5:27 e.v.).

Jesus se aanvaarding van sondaars, Sy reddende betrokkenheid by hulle, Sy genade ontvangs van verlore nes is dus sigbaar gedemonstreer deurdat Hy saam met hulle geëet het.

Wat het dit te make met Eksodus 24 tot 25? Wel, wat sien ons hier? Jesus, God met ons, wil saam met gebroke sondaars eet, net soos God

saam met die oudstes op die berg geëet het in Eksodus 24 en in Eksodus 25 die wens uitspreek om permanent onder hulle te woon.

Kyk weer na Matteus 26: 27-28 as jy nog onseker is:

*Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: "Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.*

---

Ons het hier presies die woorde van Eksodus 24:8!

Jy sien net soos in Eksodus 24 is die eet saam met God (Jesus) moontlik as gevolg van bloed wat gevloei het. En ons kan dit alles nou soveel beter verstaan. Ons kan nie die verbondsverhouding met God nakom nie! Ons bloed behoort te vloei. Maar Jesus, God self wat mens word, laat Sy bloed vloei vir ons verbreking van die verbond. En God aanvaar dit. Daarom kan ons nou weer saam met Hom maaltyd hou.

Die maaltyd wys dit sigbaar en herinner ons hieraan.

Die nagmaal *is* 'n gemeenskapsmaal saam met Jesus. "Tafelgemeenskap" met Jesus!

Het jy al gewonder waarom kry ons nêrens 'n aanduiding daarvan dat die kerk die leë graf vereer het nie?

Hulle het geweet dat Jesus opgevaar het na die hemel! 'n Mens besoek net die graf van iemand wat dood is. Jesus was lewend, nie net iewers lewend nie, maar ook lewend teenwoordig by sy kerk. Veral in die boek Handeling is daar 'n sterk klem op Jesus se voortgaande betrokkenheid

by die kerk. Jesus was teenwoordig in Woord en sakrament en deur die werking van die Heilige Gees.

Die punt is dit: Net soos die tollenaars en sondaars tydens Jesus se aardse bediening, geniet Christene “tafelgemeenskap” met die lewende Jesus. God self!

Maar wil God net maaltyd met ons hou tydens Nagmaal geleenthede?

Kom ons kyk na die bekende Openbaring 3:20:

*Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.*

---

Die opgestane Jesus rig ‘n brief aan ‘n gemeente. Die gemeente van Laodicea. ‘n Gemeente wat in hulle liefde en gemeenskap met Jesus lou geword het deurdat hulle gedink het hulle het alles wat hulle harte begeer terwyl hulle nie besef het hulle het nie meer Jesus self nie.

Aan hulle sê Jesus, God met ons, by wyse van spreke:

*Hier is die manier waarop julle geestelike blindheid en naaktheid en armoede waarvan Openbaring 3:17-18 praat, genees kan word: Maak die deur oop. Laat My inkom. Dit is die bekering wat julle nodig het. Laat my net inkom. Laat My toe om by julle as gemeente en individue maaltyd te hou.*

---

Dit is nou veral betekenisvol om te onthou dat daar in in hierdie tyd 3 maaltye gevier is. Vir elkeen word ‘n ander woord gebruik. Daar was die oggend maaltyd en middag maaltyd, wat altwee redelik vinnig en haastig geskied het en waaraan nie veel tyd bestee is nie. En dan was

daar die aanddmaaltyd. Dit was ‘n rustige groot maaltyd waar daar gekuier is. En dit is die woord wat hier gebruik word. Dit is die maaltyd wat Jesus met Sy mense wil vier! Met jou! Hy wil nie in ons beleving ver van ons wees nie!

In Openbaring word alles wat ons nou in hierdie hoofstuk gesien het bevestig deur die laaste ete, die finale ete saam met God waarvan die Bybel praat.

*Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.” Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. Toe sê die engel vir my: “Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is (Openbaring 19:7-9).*

---

Dit is waarna alles op pad is. God wat bruilof vier, God wat saam eet met Sy mense as Sy bruid!

Jy sien Eksodus 24 tot 25 maak vir ons die venster op ‘n skrefie oop. Dit laat ons ietsie sien van wat God wil en waarnatoe Hy op pad is. Ons sien daar iets van wat Hy nog altyd wou en wat Hy steeds wil.

## š En jy...?

Wat is jou beleving en siening van God? Is Hy ver? Afsydig? ‘n God wat net opdragte gee maar niks meer nie? Dan is jy besig met die verkeerde God. Die God van Eksodus is die God wat saam met Sy mense wil kuier en eet. En jy weet nou hoe dit moontlik kan wees. Deur

die bloed van God die Seun. Die lewe van God die Seun wat in jou plek gegee is!

God is nie ver nie! Hy is daar by jou waar jy lees. Kom nou na Hom! Miskien is die probleem dat jy nie met God *wil* maaltyd hê nie. Natuurlik kan Hy dan nie met jou maaltyd hê nie, want jy sit aan die tafel van die god van jou eie plesier en welvaart en aansien. Jy dink jy het niks anders nodig nie, en jy weet nie dat dit jy is wat blind en kaal en arm is nie! Jy aanbid ander dinge en dink jy het niks nodig nie en daarom beleef jy Hom as ver en afsydig.

Ja, natuurlik gaan dit hier oor die hele gemeente wat moes optree. Maar jy moet dit ook persoonlik doen.

Bely en keer terug. Maak die deur oop.

Eet saam met Hom.

# Hoofstuk 14

## Eksodus 32-34: ‘n Goue kalf en ‘n Getroue Middelaar

**W**il ons werklik hê God moet in ons midde wees? En as ons sê; “ja”, is die volgende vraag: Dink ons werklik ons kan oorleef met God elke dag in ons midde? Gaan God nie ‘n punt bereik waar Hy ons net eenvoudig nie meer gaan duld nie? Hoe seker kan ons wees?

Voor jy te vinnig antwoord. Dink ‘n bietjie wie Hy is. Die heilige, verterende vuur God, wat onreg, valsheid, leuens, ja enige vorm van sonde moet straf met ewige dood ...

Dink nou bietjie oor jouself ... net in die week wat verby is. Wat het in jou kop aangegaan? Hoe het jou optrede teenoor jou ouers, jou man jou vrou jou werksmense gelyk? Wat het jy met jou tyd gemaak?”

Kom ons dink oor hierdie dinge terwyl ons kyk na Eksodus 32 en 33 binne die konteks waarin dit voorkom.

### § *Die konteks*

Ons het nou gesien God eet en drink saam met die oudstes op die berg na die verbodsluiting bekragtig is deur ‘n offerande (Genesis 24). En ons het gesien dat God hierdie gemeenskap met Sy mense wou voortsit. Dit is waarom ons net daarna die voorskrifte vir die bou van die tabernakel vind. Alles word mooi saamgevat in Eksodus 25:8:

*Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon.*

---

Soos ons gesien het word feitlik 'n derde van Eksodus in beslag geneem deur die planne vir die tabernakel, en dan word hierdie besonderhede weer herhaal soos dit gebou word.

God self gaan kom woon onder Sy mense en dit is geen ligtelike saak nie! Ons het ook gesien dat die tyd wat dit geneem het om die tabernakel te bou, sowel as dit wat in die tabernakel gevind word, herinner aan Eden. As dit alles in ag geneem word is dit nie vreemd dat daar so baie plek hieraan afgestaan word binne Eksodus nie.

Daar is egter nog 'n rede vir die duplikaat beskrywings van die tabernakel in Eksodus.

Tussen die twee episodes vind ons 'n ontstellende maar aangrypende gedeelte in Eksodus 32 en 33.

Hier is iets van kardinale belang en ons sien dit duidelik wanneer ons die hele laaste gedeelte van Eksodus op die volgende wyse uitlig:

A. 25:1-9: die teenwoordigheid van God: die verwagting

B. 25:10 – 31:11: instruksies word gegee vir die maak van die tabernakel

C. 31:12-17: die Sabbat

D. 31:18 die tafels van die wet

**X 32:1-33:23: DIE GOUE KALF**

D'. 34:1-35: die tafels van die wet

C'. 35:1-3: die Sabbat

B'. 35:4 – 40:33: instruksies word uitgevoer: die tabernakel word gemaak

A'. 40:34-38: die teenwoordigheid van God: die realisering

Ek hoop jy sien dat dit wat voor die goue kalf episode gebeur en dit wat na die goue kalf episode gebeur, feitlik 'n replika van mekaar is. Die tweede deel is eintlik net die vasmaak, die doen van wat in die eerste deel voorgeskryf is

As die goue kalf episode dus in die middel hiervan staan is dit asof die skrywer onder leiding van die Gees wil wys: ***Wat gebeur het in die goue kalf episode is 'n rebellie teen dit wat die tabernakel verteenwoordig het.***

Dit was 'n rebellie teen die boodskap van Eksodus as geheel, wat natuurlik gekulmineer het in die tabernakel.

As daar wel vanaf hoofstuk 34 voortgegaan word met die uitvoering van instruksies vir die tabernakel kommunikeer dit aan ons dat God voortgegaan het met Sy plan vir Israel. Wonder bo wonder. Ek dink egter ook dat dit beklemtoon dat die tabernakel en alles wat daarin voorgeskryf is, absoluut nodig is as gevolg van wat ons sien in die kalf episode.

Die kalf episode wys egter ook dat dit wat in die tabernakel gesien word nie die finale oplossing vir die verhouding tussen God en Sy mense kan wees nie.

Ons het in Eksodus 32:1 tot 34:35 te make met rebellie, bemiddeling, en herstel. Hierna moet ons kyk en natuurlik vra wat dit vir ons sou beteken.

## ***§ Israel se mislukking***

Wat sien ons hier? Ons vind hier aan die voet van die berg God se eiendomsvolk, die enigste mense wat op daardie stadium aan God behoort het en deel gehad het aan 'n verbondsverhouding met Hom.

Hulle wag hier vir Moses om van die berg af te kom waar Hy met God self praat oor die woonplek van God.

Dit is hierdie mense wat ongeduldig raak en ‘n kalf van goud maak op dieselfde tyd wat Moses hierdie instruksies kry.

Onthou nou dat Moses die enigste manier was waarop Israel kontak gehad het met God (Eks. 20:19). In die lig daarvan is dit te verstane dat toe Moses nie teruggekom het nie, die volk waarskynlik deur paniek oorrompel is en vrees dat hulle hul kontak met God verloor het. Net soos ‘n kind wat eers paniek slaan en dan bekommer raak en daarna kwaad, sien ons hoe hulle Moses verkleinerend aanspreek as letterlik in ons idioom, “*hierdie ou Moses*”, ‘n baie neerhalende term.

*Toe die volk sien dat Moses talm en nie van die berg af kom nie, het hulle om Aäron saamgedrom en vir hom gesê: “Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei. Hierdie man Moses het nou wel vir ons uit Egipte laat wegtrek, maar ons weet nie wat van hom geword het nie.”*

---

Hoe dit ookal sy en wat ookal hulle beweeg het – wat hulle doen is ongekende rebellie teen God.

Kalf beelde was algemeen in die ou nabye ooste in daardie tyd. En die ouens het nie soseer die beeld gelyk gestel aan die god nie, maar dit was die aardse voorstelling van die god.

Die kalf self was dus nie soseer gesien as die god wat hulle uit Egipte gelei het nie, maar die kalf het God voorgestel.

Dit is tog interessant dat die kalf ook van goud was, net soos die ark van die Here wat Sy teenwoordigheid moes voorstel in die tabernakel.

Ons sou dus kon aflei dat, deur die kalf van goud te maak, die volk dit wat die tabernakel voor gestaan het, tot stand gebring het. 'n Konkrete punt van kontak tussen God en hulle. Hierdie is dus 'n heidense voorstelling van die ware God.

Dit was 'n katastrofiese fout, gelykstaande aan Adam en Eva se opstand in Genesis 3.

In Eksodus 32 vers 4 word daar na hierdie god as gode verwys. Ons weet nie presies hoekom nie. Waarskynlik wil die skrywer daarmee aandui dat hulle nie net besig was met afgode diens nie, maar ook met politeïsme.

*En hy het dit uit hulle hand geneem en dit met die beitel bewerk en daar 'n gegote kalf van gemaak. Daarop sê hulle: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het (Eks. 32:4).*

---

Skokkend, is dit nie?

Onthou jy Eksodus 20:2?

*Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het ...*

---

Ons het daarom hier met meer as afgodediens te doen. Deur hierdie heidense simbool te verbind met hulle bevryding uit Egipte, keer hulle

die Eksodus om. Hulle gaan as't ware terug na God se eerste woorde, die hart van die wet in Eksodus en sê: “*Ons sien dinge anders!*”

Deur 'n goue kalf te bou en te herhaal wat in Eksodus 2:2 deur God gesê is, vorm Israel 'n nuwe, vals godsdiens op die patroon van wat God vroeër aan hulle openbaar het.

Die Here, die onsigbare, heilige God word verander in 'n voorwerp wat nie kan praat of optree nie. Die Israeliete verbreek dus die eerste en tweede van God se gebooie.

Fassinerend: In vers 5 bou Aäron 'n altaar parallel aan die altaar wat in die tabernakel gebou gaan word. En dan verkondig hy dat daar 'n fees vir die Here gehou gaan word! Ons weet nou dat die fees wat Israel moes hou in herinnering aan die uittog uit Egipte, die Paasfees was en fees van ongesuurde brode. Israel verander dit in iets anders.

In vers 6 is daar twee frases wat herinner aan wat ons in hoofstuk 24 gesien het. In Eksodus 24:4-5 het Moses vroeg opgestaan en brand en dankoffers gebring.

Kyk nou na Eksodus 32:6:

*En hulle het die ander dag vroeg klaargemaak en brandoffers geoffer en dankoffers aangebring; daarop het die volk gaan sit om te eet en te drink, en hulle het opgestaan om te speel.*

---

So hier is 'n perverse weergawe van die ware feesviering van hoofstuk 24.

Stap vir stap trek hulle ‘n streep deur alles!

Kyk weer na vers 6. Sien jy dit? Eksplisiet word verwys na die feit dat hulle eet en drink. Onthou jy dat dit die klimaks was van wat ons uitgelig het in hoofstuk 24:11 as Moses, Nadab, Abihu en die 70 oudstes met God eet en drink op die berg? Daardie daad wat niks anders as ‘n terugkeer na die gemeenskap tussen God en Sy mense soos by Eden nie.

Hierdie eet en drink in hoofstuk 32 gaan hand aan hand met seksuele uitspattigheid. Dit is die betekenis van die woord wat ons vertalings met “losbandig te kere gegaan” (NAB). of “speel” (OAV) vertaal.

Dit was ‘n orgie!

God se uitverkore volk, Sy heilige priesterdom ....

## Š *God se reaksie*

God deel in Eksodus 32:7-10 Israel se aktiwiteite mee aan Moses. Let op hoe God na die Israëliete verwys as “jou volk” (vers 7). Wat sou die implikasie hiervan wees? Tot op hierdie punt was God ongelooflik ywerig om na die volk as “My volk” en selfs as “My eergebore seun (Eks. 4:22) te verwys. Maar nou het Hy genoeg gehad.

Israel is nie meer langer “My (God) se volk” nie. In vers 7 en 8 sê God dat hulle verderflik gehandel het en gou van die weg afgewyk wat Hy hulle beveel het.

God se oplossing vir die probleem is om Sy toorn teen hulle te laat brand (vers 10 ) en nuut te begin met Moses! God wil met Moses begin waar Hy met Abraham in Genesis 12 begin het. Hy wil ‘n streep deur alles trek. Slegs as resultaat van Moses se intreding by God word absolute tragedie vermy.

## § Moses die middelaar: Sy eerste intrede

Nou in hoofstuk 3:11-4:17 het Moses met God geargumenteer vanuit kleinlike, selfsugtige oorwegings. Nou argumenteer Hy met God ter wille van die volk, in die plek van die volk.

Hy herinner die Here aan die feit dat Israel Sy volk is wat Hy uit Egipte gebring het.

*Maar Moses het die HERE sy God om genade gesmeek en gesê: Waarom, o HERE, sou u toorn ontvlam teen u volk wat U met grote krag en met 'n sterke hand uit Egipteland uitgelei het? Waarom sou die Egiptenaars spreek en sê: In kwaadwilligheid het Hy hulle uitgelei om hulle in die berge om te bring en hulle van die aardbodem af te vernietig? Wend U af van die gloed van u toorn, en laat dit U berou oor die onheil van u volk. Gedenk aan Abraham, Isak en Israel, u knegte, vir wie U by Usself gesweer en aan wie U gesê het: Ek sal julle nageslag vermenigvuldig soos die sterre van die hemel, en hierdie hele land waarvan Ek gespreek het, sal Ek aan julle nageslag gee, dat hulle dit vir ewig kan beërwe (Eks. 32:11-13).*

---

En die Here sien af van die totale uitdelging, die totale vernietiging van die verbondsvolk en die nuwe begin wat Hy beplan het. Wat Moses ten diepste gedoen het was om God te herinner aan die feit dat Sy naam, Sy eer op die spel is. Hy herinner God aan Sy eie beloftes. Wat 'n voorbeeld van gebed binne die verbondsverhouding!

Kyk net na vers 14:

*Toe het die Here daarvan afgesien om die ramp waarvan  
Hy gepraat het, oor sy volk te bring.*

---

## § Die tragiese slagting

Na hierdie suksesvolle middelaarskap van Moses lees ons hoe Moses, wanneer hy afkom van die berg, die gesing van die volk hoor. Dieselfde woord vir “sing” word gebruik wanneer Israel na die verlossing deur die Rooi See, die sogenaamde ‘lied van Moses’ sing (Eks. 15:21).

Hieruit word dit nog duideliker hoe die volk verval het.

Moses gooi dan die 2 tafels van die wet stukkend.

Die simboliek is geweldig. Die wet word simbolies vernietig. Moses se optrede kommunikeer aan die Israelitee dat as hulle nie die wet wil onderhou nie, verdien hulle nie om dit te besit nie!

Hulle is tot die ontstellende besef geskok: Hulle kon alles namaak, maar een ding kon hulle nie reproduseer nie. Die wet. Die inhoud van die verbond.

Die partytjie was verby. Hulle poging om ‘n vals godsdiens volgens hulle eie plan te ontwerp, het misluk.

Moses se vraag aan Aäron en sy antwoord daarop is ontstellend. Aäron ontken dat hy iets daarmee te doen het. Hy gaan letterlik so ver as om te insinuer dat die goue kalf sommer self verskyn het (Eks. 32:24)!

En dan sterf 3000 mense onder die hand van die Leviete ...

Waarvan ons hier bewus word is dat sonde nie onder die mat gevee kan word nie. Ja, God gaan nie die volk totaal uitroei en oor begin nie, maar sonde verdien die dood.

‘n Mens kan baie argumenteer oor hierdie gedeelte. Ek dink die Heilige Gees wil hê ons moet net nog meer die erns van sonde en die haglike toestand van die volk sien voor ons kom by die volgende intrede van Moses vir die volk.

## *Š Moses die middelaar: Sy tweede intrede*

In Eksodus 32:30 lees ons:

*En die volgende dag het Moses aan die volk gesê: Julle het 'n groot sonde begaan; maar nou sal ek na die HERE opklim: miskien kan ek vir julle sonde versoening doen.*

---

Moses wil dus versoening doen vir die volk se sonde. En hy sê dat indien hulle sonde nie vergewe kan word nie, moet die Here Sy lewe in hulle plek neem. Die verwysing na “*uitvee uit die boek*” moet waarskynlik nie hier gesien word as verwysende na sy ewige toestand nie, maar dit beteken bloot “*laat my sterf*” - dit wat gebeur het met die 3000.

*Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek.(Eks.32:33).*

---

God kon nie Moses aanvaar as plaasvervanger vir die volk se sonde nie, omrede Hy nie self skuldig was aan daardie sonde nie.

En dan maak die Here dit duidelik dat Hy rekenskap van hulle gaan eis. Hy gaan hulle straf – en dit gebeur dan in Eksodus 32:35.

Ons weet nie hoe baie en óf enige een gesterf het nie, maar die Here het iets met hulle laat gebeur.

Die spanning word voorgesit in hoofstuk 33:1-6 en dit lyk asof alles nou reg is tussen God en Sy volk as Hy aan Moses sê hulle moet trek na die land wat Hy aan Abraham beloof het.

Maar dan kom die skokkende stelling:

*Julle is so 'n moedswillige volk dat Ek nie sal saamtrek na hierdie land wat oorloop van melk en heuning nie, want dan verdelg Ek julle op pad daarheen (Eks. 33:3).*

---

Wat hier gebeur is ontsaglik. Die hele doel van die uittog was dat God en Sy mense saam sou wees, dat God hulle sou lei. Die teenwoordigheid van God by hulle is die hele punt van die tabernakel!

En dan kry ons Moses se argumentasie, sy intrede by God vir die mense in Eksodus 33:12-23.

Vers 14 gee ‘n mens nie veel hoop nie, want God sê in effek ná Moses se pleidooi: “Moenie bekommerd wees nie, Moses ek sal met *jou* wees en jou rus gee.”

Dit lyk asof God by Sy besluit bly om nie saam met die volk te trek nie.

Maar Moses volhard en die groot punt wat Hy maak is dit: *As God se teenwoordigheid nie met die volk as geheel saamgaan nie, is God se naam op die spel. Sy reputasie en eer is dan op die spel.*

En dan kry ons die verassende reaksie van die Here:

*Die Here het vir Moses geantwoord: "Ook wat jy nou gevra het, sal Ek doen. Ek is jou goedgesind en Ek ken jou op jou naam (Eks. 33:17).*

---

God gee gehoor aan Moses se pleidooi. Hy stem in om saam met die volk te trek omdat Hy Moses goedgesind is en sy naam ken.

Vers 18-23, waar Moses vra dat Hy God se magtige verskyning, of dan heerlikheid kan sien, moet in in die lig van hierdie opmerking van God verstaan word. Moses se versoek is nie bloot ter wille daarvan dat sy nuuskierigheid bevredig moet word, of sodat hy een of ander geestelike beleving kan kry nie.

Hy vra ten diepste vir God 'n demonstrasie van die belofte wat God nou net gemaak het.

“Sit dit op Skrif Here!”

God se antwoord is bietjie vreemd vir ons. God antwoord dat Hy al Sy goedheid, Sy voorteflikehid by Moses sal laat verbygaan.

Hy sal Sy naam, *Here*, voor Moses uitroep. Hier is 'n duidelike sinspeling op Moses se aanvanklike ontmoeting met God in Eksodus 3, waar God Sy naam aan Moses bekend gemaak het.

Wat beteken dit alles? Dit beteken God gaan oor begin met Moses en die volk. Hy gaan voort met die verbond!

Dit is aangrypend as God by Moses verby beweeg. Moses kan Hom nie aanskou nie, anders sal hy sterf hy kan God net van agter sien.

Hierdie gebeure bring ons by hoofstuk 34.

God beveel Moses om weer 2 kliptafels te maak waarop Hy weer die gebooië sal skryf, en Moses moet weer opklim na Hom.

Dan kom die aangrypende verse:

*Die Here het in 'n wolk afgekom en daar by Moses kom staan en die Naam "die Here" uitgeroep. Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag." (Eks. 34:5-7).*

---

In vers 9 vra Moses dat hulle tog God se volk kan bly, en dan bevestig God die verbond:

*Toe het die Here gesê: "Ek sluit nou 'n verbond met julle. Voor jou hele volk gaan Ek magtige dade doen wat nog nooit tevore op die hele aarde onder enige nasie gedoen is nie. Die hele volk by wie jy is, sal sien wat Ek, die Here, doen. Wat Ek vir jou gaan doen, sal hulle met ontsag vervul (Eks 34:10).*

---

Die feit dat al die voorskrifte wat God hier aan Moses gee, die patroon volg van dit wat voor die rebellie gebeur, beteken dat Moses se intrede absoluut suksesvol was.

Die volk is totaal herstel. Daar word nooit weer verwys na hierdie gebeure nie.

Vergifnis was volkome ...

Het jy in Eksodus 34:29 e.v. gesien hoe Moses se gesig blink nadat Hy in God se teenwoordigheid was? Hoe hy 'n sluier oor sy gesig trek?

Net soos die gordyn in die tabernakel verhoed het dat mense nie die allerheiligste kon ingaan en God se heerlikheid aanskou nie, net so kon hulle nou nie die heerlikheid van God aanskou soos dit vanaf Moses weerkaats het nie.

Jy sien Moses het eintlik die beliggaming van die tabernakel geword, sy rol as bemiddelaar het 'n ongekende vlak bereik.

## ***Š Ek en jy en die beter bedeling***

Hoe kan ons leef met God in ons midde? Is wat ons dikwels doen eensins minder erg as die maak van die goue kalf?

As ons na enige iets anders in die lewe kyk en ons geluk en vreugde, ons stabiliteit en sekuriteit dáárin vind, is ons nie maar besig om presies dieselfde te doen as wat die volk in die goue kalf episode gedoen het nie?

Dit was skrikwekkend om te sien dat hulle 'n goue kalf oprig *terwyl* God besig is om instruksies te gee vir die tabernakel.

As ons egter dink oor waarmee ons besig is nadat God Sy liefde aan die kruis bewys het ... Waarmee ons besig is noudat Hy ons Sy kinders noem ... Waarmee ons besig is, ons vir wie Hy erfgename van alles gemaak het ... Waarmee ons besig is terwyl die Gees van God in ons is ...

Het ons in die lig hiervan enige versekering dat God gaan aanhou om maar by ons te wees tot by die wederkoms?

My antwoord is? Ja! Ons het. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat ons 'n *beter middelaar* as Moses en ons behoort daarom aan 'n beter bedeling. En omdat ons 'n beter middelaar het en aan 'n beter bedeling behoort kan ons beter vaar as die Israeliete.

Het ons grond om te sê ons het 'n beter middelaar en beter bedeling? Kom ons kyk:

*Julle het immers nie gekom by 'n tasbare berg met brandende vuur, donderwolke, duisternis, stormwind. Maar julle het wel gekom ....by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel (Heb. 12:18-24.)*

*Maar Jesus is groter heerlijkheid waardig geag as Moses, net soos die een wat 'n huis bou, meer eer waardig is as die huis (Heb. 3:3).*

*Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdát Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is (Heb. 8:6).*

*Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang (Heb. 9:15).*

---

Ek dink dit is duidelik. Jesus is ‘n beter Middelaar, asook ‘n beter Hoëpriester en ons behoort daarom aan ‘n beter bedeling.

Wat veroorsaak dat Jesus so ‘n beter Middelaar en ook ‘n beter Hoëpriester kan wees?

Onthou jy God se woorde aan Moses in Eksodus 32:33?

*Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek*

---

Luister net weer na 2 Korintiërs 5:21:

*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.(NAB)*

*Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom (OAV)*

---

Sien jy dit? Jesus is ‘n beter Middelaar want Hy het sonde op Hom gehad. Nie Sye eie nie, maar myne en joune. Daarom kon Hy, anders as Moses, vir ons sterf.

Jy sien Hy doen volkome dit waarvoor al die offers in die tabernakel nodig was. Hy bring die ware vergifnis en reiniging wat die tabernakel nie kon bring nie.

En op grond van hierdie werk tree Hy vir ons elk dag in by God:

*My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.*

*En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld (1 Joh. 2:1-2).*

---

Jesus is ons voorspraak by die Vader, soos Moses die voorspraak by God was. As jy vers 1 en 2 van 1 Johannes 2 bymekaar sit is die antwoord sekerlik dat Jesus ons advokaat is en sy portfolio is Sy versoeningswerk. Hy staan voor die Vader in die hemel en elke keer wanneer ons sondig bewerk Hy nie weer 'n nuwe versoening nie. Hy sterf nie weer en weer nie. Nee, in plaas daarvan maak Hy Sy portefeul'je oop en lê dit wat Goeie Vrydag plaasgevind het voor die regbank. Fotos van die doringkroon, die geseling, die spottende soldate, die pyn en krete aan die kruis en die finale oorwinning: Dit is volbring! Die advokaatskap van Christus en die versoening van Christus is deel van die versoeningswerk, omdat die portefeul'je van Christus die advokaat, Christus die middelaar-versoener is. Wat Hy pleit vir ons, is die voortgaande effek van Sy eie dood. Johannes wil hê hierdie dubbele rol van Christus moet ons weerhou van wanhoop as ons sondig. Die wonderlike feit dat ons 'n advokaat het in die hemel wat vir ons pleit, *nie op die basis van ons volmaaktheid nie, maar op die basis van Sy versoeningswerk.*

Dink aan 'n hofsitting. Daar is 'n regter, 'n advokaat en 'n beskuldigde. God is die regter, Jesus die advokaat. Ons is skuldig. Die advokaat pleit nie by die regter op grond van die onskuld van die beskuldigde nie. Ons

is skuldig. Hy pleit op grond van Sy onskuld. En onthou: Die regter is die advokaat se pa!

Dit is ons enigste hoop!

In Eksodus het julle gesien hoe God op baie menslike wyse in ‘n argument gaan met Moses. En ek dink dit is al reeds ‘n voorafskduwing van Sy menswording in Jesus. Hierdie Jesus, die mens, het medelye met ons swakhede. Hoe wonderlik is dit nie om Hom as Advokaat te hê nie:

*Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word (Heb. 2:18)*

*Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word (Heb. 4:15-16).*

---

Die enigste rede waarom ons met God in ons midde, God *in* ons kan bly leef is omrede ons ‘n beter Middelaar het wat as beter Hoëpriester Homself kom offer het. Ons Middelaar is op ‘n baie meer omvattende wyse as Moses in Homself die beter tabernakel. Niemand het medelye met ons swakhede soos Hy nie.

En daarom kan ek en jy meer getrou wees as die Israeliete, ja weerspieël ons die heerlijkheid van God in Jesus beter as Moses! (vgl. 2 Kor. 3:18).

# Hoofstuk 15

## Eksodus 40:34-38: Die troos en uitdaging van God se heiligheid en nabyheid

---

**D**aar is twee uiterstes waarin Christene kan verval as dit kom by hulle lewe as Christene.

Eerstens kan ons te gemaklik raak met God in ons manier van praat en dink oor Hom. En dit gebeur maklik want ons leef in ‘n kultuur waarin daar oor die algemeen nie veel respek vir gesag is nie. ‘n Wêreld waarin God ‘n stopwoord geword het, veral in Hollywood. Hollywood sit egter gereeld in die meeste van ons se sitkamers!

Ons kan daarom baie maklik vergeet dat Hy steeds die heilige, verterende vuur God van Eksodus 3 is.

Die tweede gevaar, wat totaal op die ander kant van die spektrum geleë is, is dit: Ons kan voel dat God só heilig en daarom só ver van ons as onwaardige sondaars is, dat Hy Homself nie kan bemoei met my as onwaardige sondaar se daaglikse lewensreis nie. Hy kan tog net onmoontlik absoluut volmaak, regverdig, liefdevol, wys en moreel skoon wees en steeds in my elke dag se doen en late betrokke wees – ek meen dit is tog benede Hom. Dit sal Hom verontreinig.

So dít is die twee gevare. Hier heel aan die einde van Eksodus kry ons myns insiens die antwoord vir hierdie twee uiterstes.

As jy jouself nie in enige twee van hierdie kampe sien nie, wel moenie die boek toemaak nie! Hierdie gedeelte is uiters belangrik vir elke Christen op reis na die ewigheid.

## Š *Die plasing van Eksodus 40: 34-38*

Kom ons herinner onself net aan waar ons hierdie verse kry. Ons kry hierdie verse nadat die tabernakel presies ingerig is soos God die voorbeeld aan Moses gewys het.

In hoofstuk 32-33 het ons intens bewus geraak van God se heiligheid en Sy heilige woede teen sonde.

Die feit dat daar ná daardie gebeure weer instruksies gegee is met betrekking tot die tabernakel, wys vir ons dat God die volk vergewe het. Ons het gesien dat Moses se intrede instrumenteel hierin was.

God gee nou vir hulle riglyne om in Sy teenwoordigheid te kom. Die voorskrifte hiervoor was baie presies. Alles was egter nou klaar en in plek vir die volk om God te kon ontmoet in die tabernakel. Kyk hoe eindig vers 33:

*Daarna het hy die voorhof rondom die tabernakel en die altaar opgerig en die afskorting voor die ingang van die voorhof gehang. So het Moses sy werk afgehandel*

---

## Š *Die heiligheid en nabyheid van God*

As alles in plek is verskyn die magtige teenwoordigheid van die Here. Sy heerlijkheid. Hy is daar!

Iets van ontsaglike betekenis gebeur. Iets van dit wat in Eden was, was nou hier.

Daar is 'n betekenisvolle opmerking in vers 35. Moses kon nie in die tabernakel ingaan nie ...

*Moses kon nie in die tent van ontmoeting inkom nie: die wolk was daarin, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul.*

---

Die rede waarom Moses nie kon ingaan nie het niks te doen gehad met die voorval van die goue kalf nie. Dit was afgehandel.

Nee, vers 35 onderstreep die heiligheid van God. Dit is daarom nie Moses se tekortkoming óf God se toorn wat beklemtoon word nie, maar Sy heiligheid.

Hierdie vers onderstreep dus die feit dat wanneer jy na God wil kom in Sy woonplek, moet jy op Sy terme kom – jy kan nie sommer ingaan nie.

Vers 36 tot 38 beklemtoon weer dat God Sy mense lei, dat Hy by hulle is, soos Hy reeds aan Abraham beloof het. Maar baie interessant hulle kon nie kom en gaan soos hulle wil en waar hulle wil nie, dit is nie waarvoor hulle verlos is nie!

*Later het dit so gegaan: wanneer die wolk van die tabernakel af voor die Israëliete uit wegtrek, het hulle agter die wolk aan versit. As die wolk nie weggetrek het nie, het hulle daar gebly totdat dit wel weggetrek het. Die wolk van die Here was bedags 'n wolk oor die tabernakel en snags het dit 'n vuur daarbo-oor geword. So het die hele Israel dit ervaar elke keer as hulle versit (Eks.40:36-38).*

---

So wat moet ons hieruit leer?

## Š God is heilig!

God se heiligheid word hier gesimboliseer deur die wolkkolom en die vuurkolom. Die wolke dui waarskynlik op die afstand tussen ons en God as dit kom by skoonheid, reinheid. Die hele gedagte van vuur is dat jy nie te naby daaraan kan kom as jy nie wil brand nie. Die feit dat Moses nie kon ingaan nie onderstreep hierdie feit van God se heiligheid.

Die boek Hebreërs maak dit duidelik dat ons ook op pad is soos die volk – en dan in Hebreërs 12:28-29 lees ons:

*Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil, want ons God is 'n verterende vuur.*

---

## Š God is naby Sy mense en lei hulle

In hierdie gedeelte is dit baie duidelik dat God naby Sy mense is. Hy het in die tabernakel ingetrek en Hy lei Sy mense – hulle het trouens nie beweeg sonder die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags nie.

En ons? Luister hierna:

*Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder (Joh. 10:16).*

*Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van*

*Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig (Joh. 16:13).*

*Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God (Rom. 8:14).*

*Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus (1Kor. 3:1).*

---

Jy sien God lei ons steeds en Hy doen dit deur Sy Gees, wat in ons is. Jy kan dus steeds onmoontlik iewers heen gaan sonder Sy heerlike teenwoordigheid. Sy teenwoordigheid is egter nie oor jou soos 'n wolkkolom nie, maar in jou!

Jy word ook nie toegelaat op na enige plek te gaan sonder Hom nie ... Hoe is dit alles moontlik? Waarom lei Hy ons en verdelg ons nie?

## **Š Moses kon nie ... Jesus kan**

Ons het gelees dat die teenwoordigheid van die Here die tabernakel op so 'n wyse gevul het dat Moses nie sommer kon ingaan soos, en wanneer, hy wou nie.

Moses was nog iemand vol sonde! En God is heilig!

Ja, tydens die goue kalf episode het hy nie gesondig nie, en juis omdat hy nie gesondig het nie, kon God Hom nie in die plek van die volk doodmaak nie. Hy het egter sonde gehad. Hy was 'n mens. Moet dit nie vergeet nie.

Ons het gesien dat hierdie Moses optree as middelaar vir die volk. Ons middelaar Jesus kan egter elke en enige oomblik in God se

teenwoordigheid kom. Hy self was God se tabernakel op aarde – die plek waar jy God kon vind!

As gevolg van wat Hy in ons plek doen kan ons nou net soos Hy, enige tyd in die teenwoordigheid van God kom.

## Š *Ons is gereed gemaak ... as tabernakel*

Die Nuwe Testament maak die uitspraak dat gelowiges gesamentlik en elkeen as individu nou ‘n tabernakel of tempel is.

Dink vir oomblik hieroor na: As Paulus die Nuwe Testamentiese gelowiges daaraan herinner dat hulle die tempel van die Heilige Gees is, wat sê hy vir hulle en vir ons?

*“God het julle perfek voorbereid en geskik gevind om altyd in julle te wees. Hy het ’n welbehae in julle.”*

Hoor ons dit? Ons hoef nie te verander om aanvaarbaar en aanneemlik vir God te wees sodat Hy in ons kan kom woon nie. Ons is aanvaarbaar. Hy wat absoluut heilig en volmaak is, is 100 % gelukkig en tevrede om in ons te kom woon! Ons is so gereed en geskik om in te woon, soos die tabernakel en die tempel was. Soos Jesus was!

Op Pinksterdag word dit baie duidelik gedemonstreer, nie waar nie? Wanneer die vlamme, teken van die Heilige verterende vuur God, op elkeen van die mense daar kom sit. Wat sê God daarmee?

*“Die werk wat my Seun gedoen het in julle plek was volkome. Sy werk het julle geskik gemaak vir My om in te trek, sonder om julle te verteer.”*

As Paulus sê dat ons liggame ’n tempel van die Heilige Gees is, dan sê hy: *“Julle is perfek aanvaarbaar en geskik gemaak deur die werk wat Jesus in julle plek op Golgota gedoen het.”*

Toe Jesus aan die kruis uitroep: “Dit is volbring”, het dit met ander woorde ook beteken dat alles in die tempel gereed en in plek was sodat God kon intrek!

## *Š Die Heilige Gees as bewoner van die tabernakel/tempel*

As die wete van dit wat ons nou gesê het jou nie lanseer om te wil verander wat jou sondige gedrag en emosies betref nie, wat sal? Maar kom ons dink nou vir ’n oomblik oor wie presies in ons woon.

Let wel, Hy woon nie daar omrede Hy maar móét nie, maar omdat Hy wil. Hy woon daar omrede die woonplek absoluut aanvaarbaar, ja heerlik wonderlik is vir Hom.

Dit is belangrik om te hoor dat ons ’n tempel van die *Heilige Gees* is. As ons net gehoor het dat ons ’n tempel van God of tempel van Jesus is, kon ons maklik onbewustelik gedink het dat Hy bietjie te ver is om werklik heelyd te sien wat in hierdie tempel gebeur en bewus te wees van wat ek dink en voel en begeer.

Maar nou is dit die Heilige Gees wat in die tempel woon. God die *Gees*. Hy is intens bewus van alles wat in my gees aangaan. Hy is baie-baie naby. En Hy is *heilig*. Hy kan onreinheid, valsheid, en so meer nie verdra nie.

Wat weet ons nog van die Heilige Gees? Ons weet dat Hy uiters sensitief is en bedroef word. Die Heilige Gees het soos ’n duif op Jesus neergedaal. ’n Duif is die simbool van sagtheid en sensitiwiteit. En ons sien dit baie duidelik in Efesiërs 4:30:

*En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.*

---

Opvallend is die woordjie *bedroef*. Dit beteken Hy, wat in ons as Sy tabernakel/tempel woon, het ons lief. Hoekom sê ek so? Wel, *bedroef* maak net sin in die konteks van liefde. 'n Vrou word bedroef as haar man ontrou was aan haar. Hoekom? Omdat sy hom liefhet. Dit is ook interessant om te sien *wat* die Heilige Gees bedroef nê? Kyk bietjie na die vers net voor en net na vers 30. Dit het alles te make met wat gebeur in ons verhoudings.

Onthou jy die gedeelte in 1 Korintiërs 6:19? Paulus het gesê: “Julle behoort nie meer aan julleself nie.” Ons kan dus nie meer dink en voel en sê en doen wat ons wil nie, want ons is nie meer die hoofkarakter in die tabernakel/tempel nie. Die Heilige Gees is.

Het jy al ooit só daaraan gedink? Voel ons nie dikwels: “*Ek sal nou dink wat ek wil nie.*” Ons vloek iemand in ons gedagtes want die persoon sowel as niemand anders sal dit tog weet nie. “*Gelukkig kan ek in my gedagtes maak soos ek wil.*”

Wat is dit wat moet ons motiveer om anders te reageer? Die feit dat ons die tabernakel/tempel is. Die feit dat God ons, op grond van Jesus se werk, perfek aanneemlik en bewoonbaar ag! Die feit dat die Heilige wat in ons is, Gees is!

Onthou egter altyd dat jy *saam met ander gelowiges die tabernakel/tempel van die Heilige Gees* is. Wat ek dus sê en doen teenoor my medegelowige word ook gesê en gedoen teen die tabernakel/tempel, en teen die inwoner van die tabernakel/tempel, die Heilige Gees.

## Š *Bedink ...*

Ons kan dus nie anders as om te sien hoe onaanvaarbaar enige sondige gedrag en emosies in ons lewens is nie.

Dink net bietjie oor die volgende:

- As ons met sondige gedagtes, emosies en gedrag speel en flankeer, loop ons met spreekwoordelike vuil voete deur hierdie tabernakel/tempel.
- As ons net vir onself leef en maak asof niemand anders in hierdie tempel bly nie, beledig ons die Heilige Gees.
- As ons die Heilige Gees vergeet en Sy bestaan in ons ignoreer beledig ons Hom ontsaglik.
- As ek Jesus Christus nie alles in my lewe maak nie, het die Heilige Gees verniet gekom.
- As ek die Bybel, die Woord afskeep, skeep ek die Gees af wat die Woord geïnspireer het. En Hy is in my!

Ons *is* tempels van die Heilige Gees, as individue en ook as gelowiges saam. As ons dit werklik glo *moet* dit ons lanseer tot verandering.

Dit is maklik om te sing: “*Weet jy nie, weet jy nie jy’s ’n tempel...*”

Die uitdaging is om elke dag, oral só oor onself te dink – by die skool tussen ons maats, by die werk, tussen ons kollegas, in die winkel - as alles so gewoon en alledaags voel.

Dink nou terug aan die twee gevare waarmee die hoofstuk begin het. Kan jy sien dat beide elke dag in harmonie gehou moet word – Kan jy sien dat dit jou hele Christelike lewe beïnvloed en bepaal?

## § *Jy en Eksodus*

Jy is nou klaar met Eksodus. Ek vertrou jy is gevul met vreugde en opwinding oor die feit dat die Heilige God vir *jou* gebring het uit slawerny na die heerlike vreugde en vryheid van *konstante* aanbidding.

